

# **DIKTAAT**

## **Kanoniek van die Nuwe Testament**

**PROF. W. J. SNYMAN**

**(Teologiese Skool, Potchefstroom)**

**1968**

**PRO REGE-PERS BEPERK — POTCHEFSTROOM**

## BESONDERE KANONIEK VAN DIE NUWE TESTAMENT

### A. HISTORIESE BOEKE

#### I. DIE EVANGELIE VAN MATTHEÛS.

##### 1. Die tradisie omtrent die Evangelie van Matthéus.

Justinus die Martelaar <sup>†</sup> 150 spreek van gedenkskrifte van die Apostels wat evangelies genoem word (Apol. I, 66, 3. vgl. 67, 3), en van gedenkskrifte van die apostels en die wat hulle gevolg het.

Papias van Hiërapolis. Sy werk: *Λογιῶν Κυριακῶν ἑξήνθεστ* 140. Slegs fragmente oor, waarvan Eusebius die volgende bewaar: „Mattheus het 'logia' in hebreus saamgestel, wat elkeen vertaal het soos hy kon" (Hist. Ecol. III, 39, 16). Verskillende vrae:

1. Wat verstaan onder *ἑρμηνεύσειν* ? Waarskynlik mondelinge vertolking (*ἑκκατος*) in kerklike samekomste, wat opgehou het, (Aor.) omdat daar nou n skriftelike griekse vertaling gekom het (Zahn): Barnabas, Ignatius, Didache haal die griekse Ev. aan as van Matt. (Zahn Einl. pag. 264 v.). Kennis van die Hebr. ev. van Matt. word dikwels in herinnering gebring in die ou kerk sonder teëspraak. Origines spreek onafhanklik van Papias van die oorspronklike hebr. taal van die ev. van Matt. Die mening dat hierdie hele oorlewering berus op n misverstand van Papias (Sien 2) hou nie steek nie.

2. Wat verstaan onder *ἑβραϊστικῶς* ? Waarskynlik Ara-mees. Hebreeus egter nie uitgesluit nie, want dit het nog nie geheel van die toneel verdwyn nie (Dalman, Jesus - Jeshua pag. 22).

3. Wat te verstaan onder *ταῖς λέξιν* ? Sinds Schleiermacher betrek op woorde van Jesus. Wortel van die Twee bronne hipotese. Lightfoot: Geen spoor te vinde van so n versameling nie. Kerkvaders (Pantaenus-Irenaeus) sluit ook dade in. So vat Papias self *λεχόμενα* en *πραχθέντα* saam onder *λογια*. Oor hierdie logia kwessie vergelyk Jülicher-Fascher pag. 283, Zahn II 260 v. Irenaeus: "Matthéus het onder die Hebr. in hulle eie taal n evangelieverhaal geskrywe" - "terwyl Petrus en Paulus

in Rome die evangelie verkondig en Kerk stig". (Adv. Haer. III, 1, 1) - "Ná hulle dood het ook Markus die leerling en tolk van Petrus die prediking van Petrus skriftelik oorhandig. Hy het dit geskryf vir (  $\text{\textit{\u03c0\u03c1\u03cc\u03c3}}$  ) die Jode. Hulle het verlang na n Christus uit die saad van Dawid. Matt. het hom gehaas om hulle die volle versekerheid te verskaf dat Christus uit die saad van Dawid is, daarom begin hy met sy geslag" (29, 3). Dit stem ooreen met die karakter van die evangelie, wat telkens wys op vervulling van profesie, waaruit duidelik is dat die ev. vir Jode bedoel is. Pantaenus + 200, leermeester van Clem. Alex. maak n reis na Suid-Arabië ( $\text{\textit{\u0395\u03c5\u0399\u0399\u0394\u0399\u0394\u0399\u0394\u0399}}$ ) voor 180. Daar vind hy n Evangelie van Matthüs in Hebr. wat Bartholomeus daar agtergelaat het. (Eusebius, Hist. Eccl. V. 10, 3). Tertullianus spreek van Apostels Joh. en Matt. en Apostelleerlinge Markus en Lukas van wie ons evangelieverhale besit. (Adv. Marc. V, 2 en 5). Origines het verneem dat Matt. sy evangelie eerste geskrywe het, en dit afgegee het aan die Jode wat deur hom gelowig geword het, dan Markus, dan Lukas en na almal Johannes. Hy deel dus mee wat hy op sy reise gevind het as algemene geloof in die kerke (Eus. Hist. Eccl. VI, 25, 4). Eusebius: Net Matt. en Joh. van die apostels het gedenkskrifte van die daade van die Here nagelaat, en wel aan die Jode in hulle moedertaal om aan te vul wat hulle sou mis by sy vertrek na ander dele.

Die tradisie oor die Evangelie van Matthüs bevat dus die volgende:

1. Mattheus, die Apostel het dit geskryf.
2. Hy het dit in Hebreeus geskryf.
3. Dit is geskryf voor die ander evv., terwyl Petrus en Paulus die evangelie in Rome gepredik het (Irenaeus) en Matt. op die punt staan om die Joodse land te verlaat (Eusebius);
4. Vir Joods Christene (Origines) of ongelowige Jode (Irenaeus).

Volgens eenparige getuienis van die tradisie staan dit dus vas dat die Evangelie van Matthüs geskryf is deur die Apostel Matthüs, en wel oorspronklik in Hebreeus.

## 2. Die Hebreër Evangelie.

Teen hierdie eenparige tradisie word ingebring dat dit berus op n misverstand van Papias wat ten onregte die later onstane Hebreër evangelie vereenselwig met die grondskrif van Mattheus. (o.a. Fr. Bardt). Inderdaad skyn dit of Hieronymus onder hierdie misverstand verkeer. Van die Hebreër ev. waarvan hy n eksemplaar gesien het in die biblioteek van Cesarea en ook deur hom in Grieks vertaal is sê hy: Die Evangelie van

die Hebreërs, wat in Siries (Aramees) geskryf is maar met Hebreeuse letters, wat deur die Nasareners gebruik word afkomstig is van die Apostels of soos baie beweer van Mattheus. (De viris inlustribus, III).

Hierteen kan die volgende gestel word:

1. Die hele ou kerk sou dan mislei wees deur die misverstand van een man.
2. Origines ken die Hebreërevangelie en verbind dit nie met Matt. nie.
3. Ooreenkoms en verskil tussen die Hebr. Ev. en Matt. bring tot die konklusie dat albei rus op n oorspronklike hebr. evangelie van Matt. (Zahn).
4. So n oorspronklike hebr. evangelie deur Matt. is veeleer oorsaak van die misverstand dat die Hebreër ev. die origineel was v.d. Griekse Matt.

### 3. Die Griekse Matthéus.

n Tweede beswaar teen die tradisie is dat die griekse Matt. geen tekens van n vertaling toon nie. Reeds Ignatius haal uit die Griekse Matt. aan. Dit het + 125 dus reeds bestaan. Niemand weet ook van n vertaler nie (Hieronymus).

Gronde waarop dit ontken word:

1. Goeie Grieks. The style and contents of Matthew show that is neither the translation of an Aramaic source nor composed by an apostle (J. Moffat, Introduction): Unser Matthaus kann nicht Übersetzung eines hebraïschen Originals sein (A. Jülicher, vg. ook Feine). Veral woordspelings: κοψονταλ -

οψονταλ , 24:30; ἀφανιζουβι - φανωβι 6:6. -

- a. Hierdie argument raak die kanonisiteit, of dit moet aangeneem word dat Jesus in Grieks gepredik het.
- b. Sulke woordspelings is n kwessie van bekwaamheid van die vertaler.
- c. Daar is uitdrukkings wat in die teenoorgestelde rigting wys:

φορηθῆναι ἀπο 10:28; ὀνομαζομεν ἐν , 10:32;  
Ἰησοῦν -... γὰρ ὁ ὄβελ 1:21. Vgl. verder Zahn II, 306-308;  
316-320.

2. Aanhalinge. Die LXX word nie altyd op dieselfde manier aangehaal nie. Was dit vertaling dan sou alles uit die Aramees vertaal wees, ὃf uit die LXX (Feine). Die afwykings bring o.a. vir Zahn tot die teenoorgestelde konklusie. Dit wys juis op n Hebr. origineel, vgl. Paulus en Hebr., wat deurgaans gebruik maak van die LXX . Dat hom uitdrukkings v.d. LXX in die pen vloei was die onvermydelike gevolg van sy vertroutheid met die LXX

3. Doublette. Plekke wat by dieselfde evangelis tweemaal voorkom. Mt. 5:29 - 18:9; 5:32 - 19:9; 7:8 - 21:22; 10:38 - 16:24; 10:39 - 16:25; 12:40 - 16:4; 17:20 - 21:21. Dus geen vertaling van 'n hebr. origineel, maar saamgestel uit bronne (vgl. Feine, Barth). Sommige reken ook die spysiging van die 5,000 hierby. Dit bring by die Twee bronne hipotese.

- a. Die ooreenkoms is nooit volkome nie, sodat bv. 'n meganiese gebruik van bronne moet aangeneem word.
- b. Jesus het drie jaar lank opgetree. Nie-herhaling veral van kernspreuke baie onwaarskynlik.
- c. Leerwyse van Jode bestaan juis in herhaling.

4. Partikularisme (5:18 v; 10:5, 23; 15:24; 23:3) naas universalisme (21:43; 22:6v) Die eerste hoort tot die tradisie, die ander is die standpunt van die evangelis (Feine). The main problem of the Gospel remains however, viz. the juxtaposition of Jewish or particularistic... and catholic sayings. (J. Moffatt)

- a. Tas nie net tradisie aan nie, maar kanonisiteit.
- b. Geen probleem: Die eerste geld die tyd vóór, die ander die tyd na sy opstanding.

5. Die opset van die evangelie. Van 'n ooggetuie sou ons verwag lewendige tekening. Hoe lyk die werk? Daar is litterariese opset, saaklike rangskikking. Dis 'n leerskrif en nie persoonlike herinneringe nie (Feine). Hier sit die kritikus op die stoel van die skrywer. Wie gee die reg om te eis dat 'n skrywer uit die oudheid belangrik moet vind wat ons interesseer? Matt. wil nie mededeling doen aangaande plaaslike en persoonlike besonderhede nie. Hy wil 'n tekening gee van die Here Christus as beloofde Messias in wie ons moet glo. Das Christusbild des Matthaus ist von einzigartiger Geschlossenheit und Majestät. Es spiegelt das tiefste Erleben eines Apostels wieder, der den Blick unverwandt auf den Herrn und Meister gerichtet halt und als treue Zeuge Zug für Zug eines nicht erdichteten oder überlieferten, sondern selbst geschauten und selbsterlebtes Bildes darstellt. (J. Hausleiter, Die Eigenart der beiden apostolischen Evangelien 1921 pag. 14)

#### 4. Tyd en ontstaan.

Derde beswaar. Volgens tradisie tydens die lewe van Petrus en Paulus (Irenaeus), voor Markus (Clem. Alex.) toe Matt. uit Palestina sou vertrek. Volgens Gal. 2:9 is die apostels nie meer in Jerusalem nie; d.w.s. ± 56,

57. Hierteen word dan aangevoer Matt. 22:7. Dus na 70. Die sicherste Stelle ist 22:7 (Feine, ook Barth). Dit kon moeilik voor de verwoesting van Jerusalem versin word (Jülicher).

- a. Dit raak weer die kanonisiteit. Dis n woord van Jesus.
- b. Stedeverwoesting was in die ou tyd iets gewoons.

Die vraag kan nog gestel word wanneer die vertaling tot stand gekom het. Die Apostoliese vaders het dit reeds gebruik. Dus ongeveer 80-90. Deur wie, weet ons nie.

## 5. Die lesers.

Hier word die tradisie bevestig. Dat die skrywer n Jood is (bekend met Joodse gebruike) vir Jode (sonder nadere verklaring) is duidelik:

1. Alles wat geskied is vervulling van profesie;
2. Besonderhede: Vergelyk 26:17 (ongesuurde brode) met Mark. 14:12; 15:5 (  $\text{Κορβαῖν}$  ) met Mk. 7:11; 15:2 (  $\text{οὐ γὰρ νικτόνταί χεῖρας}$  ) met Mk. 7:2-3; 27:62 (  $\text{μετὰ τὴν παρασκευὴν}$  ) met Mk. 15:42; 27:33 en 46 kan verklarings bygevoeg wees deur vertaler. Ons kan dus in ooreenstemming met tradisie dink aan Jode in Palestina.

Was dit Jode (Irenaeus) of Joods-christene (Origines): Die sterk apologetiese en polemiese karakter maak dit waarskynlik dat dit vir Jode bedoel is. Die geslagsregister (Mt. 1); Heidene kom, maar kindjie moet wegvlug na Egipte (2); wat Israel van sy Messias verwag word as versoeking van die Duiwel van die hand gewys (4); die bergrede is gerig teen die Rabbinisme (5-7); ondanks wonderwerke word Jesus deur Owerste verwerp (8-9); Wee oor die volk (11); Godslastering van Fariseers (12); uitsluiting van volk deur gelykenisse (13); strydgesprekke in Jerusalem (21-25). Dit sluit egter nie uit dat dit ook bedoel is vir die Joods-christene, om hulle deur die ~~volks~~gemeenskap te laat aftrek van Christus nie.

## 6. Gedagtegang en inhoud.

„Met betrekking tot grootsheid van konsepsie en beheersing van n geweldige stof deur betekenisvolle gedagtes kom in beide Testamente geen geskrif van geskiedkundige inhoud met die Evangelie van Matthêus ooreen nie. Niks uit die litteratuur van die oudheid kan daarnaas gestel word nie.” (Zahn). Die stof word beheers deur die hoofgedagtes:

1. Jesus is die Christus die Seun van Dawid en van Abraham soos in die O.T. geprofeteer (Sy naam, Jes. 7:14; geboorteplek, Miga 5:2; vlug na Egipte, Hos. 11:1; vestiging in Nasareth, volgens profesieë; Sy voorloper, Jes. 40:3; Sy werksaamheid in Galilea, Jes. 8:23-9:1; Sy prediking deur gelykenisse, Jes. 6:9-10; Sy uittog, Sag. 9:9, ens.)
2. Hy word deur sy volk verwerp en daarom word hulle ook deur God verwerp en
3. die heidene „in hulle plek" aangeneem wat Hom reeds ten tyde van sy lewe erken en huldig, reeds van sy geboorte af, vgl. 8:10, 13; 15:28, wat uitloop op die sendingsbevel 28:19.

Die inhoud in groot trekke.

A. Die stof kan as volg ingedeel word:

1. Voorgeskiedenis en Voorbereiding (1:1-4:11)
2. Optrede in Galilea (4:12 - 10:42)
3. Resultaat van optrede: Ongeloof en geloof (11 - 20)
4. Afskeidsonderrig in Jerusalem (21 - 25)
5. Dood en opstanding (26 - 28).

B. Daar is ook n indeling ontleen aan die boek self. Vyf keer skryf Matt.:  
 καὶ ἐγένετο ὅτε ἐτέλεσεν ὁ Ἰησοῦς τοὺς λόγους

, 7:28; 11:1; 13:53; 19:1; 26:1. Dit

wys op n bepaalde samestelling. Hy laat telkens woorde afwissel met daad. In 4:23 word dit uitgespreek as sy doel. Ons kry die volgende Redestukke: Bergrede (5 - 7); Uitsendingsrede (10); Gelykenisse (13); Vergewensgesindheid (18); Wederkoms (23-25); Tussenin verhaalstof. Sommige vind hierin Analogie met die 5 boeke van Moses. Die voorstanders van die Twee-bronne hipotese laat Matt. die Verhaalstof uit Markus inskuif in die Redestof uit die Logiabron.

C. Daar is ook groepering in 3.

Geslagslys (1:2-17); Drie gebeurtenisse uit die jong jare (Wyse uit Ooste - Terugkeer uit Egipte - Vestiging in Nasareth); drie gebeurtenisse voor die openbare optrede (prediking van Johannes die Doper - Doop van Jesus - Versoeking in die woestyn); drie versoekings; driemaal drie wonders (8-9). So ook in Jesus woorde: Drie voorbeelde i.s. geregtigheid

(aalmoese - bidde - vaste); drie verbode (skatte vergader - besorgdheid - oordeel); drie bevele (bid - enge poort - wag vir valse profesie); drie-maal: Vrees nie (10:26, 28, 31); driemaal: Is my nie werd nie (10:37 - 38); drie gelykenisse van Saaier (13:1 - 30).

-----

## II. DIE EVANGELIE VAN MARKUS

### 1. Skrywer, tyd en plek van ontstaan.

a. Die Tradisie. Papias: „Dit het die presbieter gesê: „Markus, die tolk van Petrus het soveel hy hom herinner het, noukeurig opgeskryf maar nie in volgorde nie (  $\text{οὐ μὲν τὸν τάξιον}$  ), wat deur Jesus gesê en gedoen is (  $\text{τὰ ὑπὸ Χριστοῦ ἢ λεχθέντα ἢ πραχθέντα}$  )". (Ens. Hist. Eccl. III, 39, 15). Hy laat volg: „Want hy het die Here nie gehoor of gevolg nie, maar later, soos ek gesê het, vir Petrus, wat sy onderwysings telkens gegee, of ingerig het na die behoeftes, maar nie as n geordende geheel (  $\text{ὅχι ὡς πρὸς βούταν τάξιον}$  ) van die woorde van die Here nie, sodat Markus in niks gefaal het deur op die wyse enige dinge te skryf, soos hy hom dit herinner het nie. Want vir één ding het hy gesorg, om niks van wat hy gehoor het agterweë te laat of daarin iets onjuis weer te gee (  $\text{ψευδὲς ἔσθαι}$  ) nie.”

Irenaeus: „Na hulle heengaan (nl. van Paulus en Petrus) het Markus die leerling en tolk van Petrus, self ook die prediking van Petrus skriftelik aan ons oorgelewer (Adv. Haer. III, 1, 1v).

Clemens Alexandrinus: „Toe Petrus te Rome openlik die Evangelie verkondig het voor sommige keiserlike ruiters en baiegetuienisse van Christus na vore gebring het, en hy (nl. Markus) deur hulle gevra was, om wat gesê is aan hulle geheue te kan opdra, het Markus, n volgeling van Petrus, uit wat deur Petrus gesê is, n Evangelie vir hulle geskryf wat na Markus genoem word.” (Ens. Hist. Eccl. II, 15, 1; VI, 14, 6).

Hieronymus: „Markus het te Rome, deur die broeders gevra, n kort Evangelie-verhaal geskryf (De Inl. Vir., 8).

Chrysostomus: Markus het in Egipte op versoek van die hoorders daar, sy Evangelie geskryf.”

Saamgevat: (1) Volgens eenparige getuienis is Markus die skrywer.

Materieel is die evangelie van Petrus. Formeel (te boekstelling en uitgaaf) van Markus. (2) Dit is geskryf in Rome (met uitsondering van die sporadiese getuienis van Chrysost.). (3) Dit is geskryf na die dood van Petrus en Paulus (behoudens die getuienis van Clem. Alex.), dus na Matthéus.

b. Die Nuwe Testament.

Daar is maar één Markus, van wie ons weet, genoem Johannes (Hand. 13:5, 13), Johannes Markus (Hand. 15:39, Kol. 4:10, 2 Tim. 4:10; Filemon :24; 1 Petr. 5:13).

Die N.T. toon dat sy Joodse naam (Johannes) altyd meer in onbruik geraak het. Sô moet ons dit verklaar dat die tradisie hom nie so noem nie, en veral die grond van H. de Groot, waarom die skrywer n ander Markus moes wees. Sy moeder is Maria (Hand. 12:12) Sy vader word nêrens genoem nie. Sy was blykbaar welgesteld, ruim huis (Hand. 12:12) met n poort gebou (12:13, 14), n diensmeisie (12:13). Hy was n neef (ἀνιψιός : seun van oom of tante) van Barnabas (Kol. 4:10), en baie geheg aan mekaar (12:25, 13:5, 15:37-39). Hy word deur Barn. en Paulus saamgeneem op eerste Sendingreis as ὑπερητης 13:5, miskien vir hulpdiens in die verkondiging, op grond van sy kennis van die optrede van Jesus. In Perge draai hy om (13:13). Paulus keur dit sterk af. Vir 10 jaar (+ 50 - 60 hoor ons niks van Markus nie. Maar, as Paulus in Rome gevange sit (+ 61 - 63) is Markus by hom (Kol. 4:10, Filemon :24). Tydens sy tweede gevangenskap nie (2 Tim. 4:11 v.), maar skryf Paulus dat Timotheus hom moet saambring, omdat hy vir hom εὐχρηστος εἰς δακνον was (4:11). Dan hoor ons van hom by Petrus (1 Petr. 5:13). Dit was in Rome. Hy was toe daar, en het hom na Paulus se dood by Petrus gevoeg. Daar was n baie nou band tussen Petrus en Markus. Hierdie besonderhede uit die N.T. klop volkome met die tradisie. - Vir sy bynaam Κολοβοδακτυλος (3e eeu) is die volgende verklarings gesoek in die N.T.: Hand. 13:12 („deserteur”), of, op grond daarvan dat hy soos Barnabas n leviet was en hy hom verminsk het om vry te kom van die tempeldiens, of op grond van Markus 16:8 (abrupte slot).

c. Getuienis van die Evangelieself:

Gemeen dat Markus die man was met die waterkruik (Markus 14:13 v.v.). Hierdie man was egter n slaaf. Ook, dat die oppersaal (Mark. 14:15 v.v.) die huis van Markus se ouers was (vg. Hand. 12:12 v.v.). n Groter waarskynlikheid is Mark. 14:51 - 52). Van meer betekenis is egter die skryfwyse en

inhoud van die Evangelie.

(1) Dit is aanskoulik en lewendig terwyl Markus nie 'n Apostel was nie. Mark. 1:36-38 (teenoor Luk. 4:42-43); Mark. 2:15 (teenoor Matt. 9:10, Luk. 5:29); 1:20 (teenoor Matt. 4:22); 1:43 (teenoor Matt. 8:3); 2:2 (teenoor Luk. 5:17).

(2) Loflike dinge aangaande Petrus verswyg (Mark. 8:27-30; 6:48 - 51), swakhede beskryf 8:32 v.v., 14:66 v.v.

## 2. Die Evangelie self (indeling ens.)

### a. Indeling en gedagtegang.

Volgens die oorlewing ontbreek die  $\tau\alpha\ \xi\iota\varsigma$  (Papias). Wie is die „presbieter“ by wie Papias dit gehoor het. Heel waarskynlik die Apostel Johannes vgl. II en III Joh. Dan volg hieruit dat die Apostel Johannes die Evangelie van Markus geken het, sy mededeling juis geoordeel het as 'n noukeurige weergawe van Petrus se prediking (Kanon), maar ook gesê het  $\text{o}\acute{\upsilon}\ \tau\alpha\ \xi\iota\varsigma$ : dus, Petrus het hom nie aan die historiese gang gehou nie, maar na omstandighede sy stof gekies, en ook saaklik georden terwille van die prediking. Hier kom die kritiek egter met 'n baie gunstiger oordeel oor Markus. Daar is wel 'n goeie  $\tau\alpha\ \xi\iota\varsigma$ . Hierop grond Schleiermacher die teorie van 'n Oer-Markus, waarop die uitspraak van die presbieter moet sien. Hierop grond ook die konstrueerders van die liberale Jesusbeeld die „oorspronklike“ Jesusbeeld: Optrede in aansluiting aan die Doper - opgang in Galilea - Toenemende vyandskap - ondergang in Jerusalem. Jesus het aanvanklik nie geweet dat hy Messias was en aan die Kruis moes sterf as soenoffer nie, maar dit deur die teleurstellende ervarings geleer. So o.a. H.J. Holzmann. Hierteen die Eschatologiese Skool. W. Wrede, J. Weiss, S. Schweitzer. Jesus het net die Kon. Gods gepredik. Hy verwag die spoedige koms. Deur die ongeloof van die volk wil Hy dit afdwing deur sy dood. Deur die laaste woord weer benadruk die van die presbieter.

Hoe moet ons oordeel oor die  $\text{o}\acute{\upsilon}\ \tau\alpha\ \xi\iota\varsigma$ ? Ons het hier te doen met prediking, nl. van Petrus. In groot lyne het hy hom gehou aan die historiese gang van sake, maar hy het ook saaklik georden waar nodig. Ons kry dus 'n beeld van Jesus se optrede, maar dit gaan nie om 'n geskiedenis van Jesus se lewe nie... Ons kry die volgende gedagtegang:

1) Joh. tree op met die prediking van die Komende Koninkryk en die Christus

en wys Hom aan deur die Doop. Begin van Jesus se optrede met prediking en wonders en roeping van eerste dissipels (1:1-20).

2) Optrede in Galilea. Genesing van siekes: duiwelbesetenes en onge-  
neeslike krankhede. Ook met vergewing van sondes. Begin van teenstand  
(1:21-3:6).

3) Toeloop uit ganse land. Jesus het medearbeiders nodig. Verskerping  
van teenstand, ook verwante (3:7 - 35).

4) Voorbeeld van Jesus onderwys. Dan weer Magtige daade: storm op See,  
duiwelbesetene - dogtertjie van Jafrus. Ook die twaalf neem daaraan deel.  
Vyandskap in Nasareth (4:1 - 6:13)

5) Jesus trek Hom terug met sy dissipels. Agtervolg deur skare. Belyde-  
nis van Petrus. Wonders in hierdie tyd: Wonderbare spysigings. Besetene  
van Gadara. Doofstomme in Decapolis en Syrofenisiese.

6) Deur Perea na Jerusalem. Optrede daar. Kruisiging. Opstanding  
(10 - 16).

#### b. Doel en eienaardighede.

Die Ev. van Markus is gekenmerk deur die volgende eienaardighede wat  
saamhang met sy besondere doel:

1. Geen geboorte geskiedenis. Optrede van Joh., die Doop en versoeking  
net aangestip. Geen redevoerings, slegs 1 hoofstuk met gelykenisse (4),  
en toekomsrede (13). Markus teken die Kon. Gods soos 'n voortbruisende  
stroom van heil wat gaan van krag tot krag. Vandaar ook die gedurige ge-  
bruik (40 maal) van die woordjie *εὐθὺς* (*εὐθὺς*).  
Petrus was die man van daad. Vgl. hierteenoor die Ev. van Johannes met  
lang redevoerings.

2. Die opskrif: „Begin van die Evangelie“, nie gevolg deur die verdere  
opskrifte nie. Ons neem 1:1 as opskrif van die hele boek. Sy doel: om  
aan te gee, dat met die koms van Christus die magtige Evangelie werking  
begin het, wat later deurgewerk het deur die hele wêreld. Luk. verhaal nie  
net die begin nie (Ev.) maar ook die voortgang (Hand.).

3. Lewendigheid en aanskoulikheid. Vgl. 1(c) en ook die gebruik van die  
praesens historicum (1:37 - 38, 2:15, 17, 18 ens.) Mededeling van klein  
besonderhede (1:20, 35, 43, 2:2; 4:28). Dit wys na 'n ooggetuie.

4. Petrus word telkens genoem afsonderlik van die ander. Dit wys op Petrus se „ek“, „my“ of „ons“: 1:16, 29, 30, 36; 3:16, 5:37; 8:29, 32:33; 9:5; 10:28; 11:21; 13:3; 14:29. Vgl. ook 1(c).

5. Verklaring van uitdrukkings: 7:2, 11, 34; 15:42. Markus skryf sy Evang. vir gelowiges van heidense afkoms.

6. Abrupte slot. Vgl. Van Leeuwen, Korte Verkl. p. 213).

c. Die Verhouding van Markus tot Mattheus.

a) Die Twee-bronne-teorie.

1) Die teorie: Markus bevat min wat nie by Matt. en Luk. voorkom nie. Markus is dus die gemeenskaplike grondslag van Matt. en Luk. Die één bron, nl. vir die verhaalstof. Mat. en Luk. bevat ook baie, veral redestof, wat Markus nie het nie. Dit wys na n tweede bron L. of Q. Hiervoor word verwys na Papias. Vgl. I. 1, 3. Hierdie teorie word teenswoordig byna algemeen aangeneem.

2) Waar dit om gaan. Dit gaan vlak teen die tradisie in. Matt. sou dan nie oorspronklik in Hebr. geskryf wees nie, maar in Grieks. Matt. is ook nie eerste geskryf nie, maar Markus. Dit egter nie waar dit oor gaan nie. Ook nie dat die Evangeliste n bepaalde doel gehad het en met die oog daarop hulle verhale saamgestel het, n keuse gedoen het uit die stof, dit georden en daarby al dan nie gebruik gemaak het van bronne van dit, waarvan hulle die waarheid weet nie (vgl. Luk. 1:1-4). Maar hiero<sup>o</sup>: "Wanneer men die eventueele afhankeljkheid op zoo danige wijze voorstelt, dat de een weinig anders heeft gedaan dan uit den ander overschrijven, en dat nog vrij onnaauwkeurig, met vrij willekeurige omvorming... dan wordt de historische waarde en beteekenis van zulk een Evangelie verhaal ondermijnd, en verliezen de z.g.n. Synoptische Evangelieverhalen, die van Mattheüs, Marcus en Lukas, hun driëvoudig getuigenis aangaande 's Heeren werk en woord. Dat wordt dan aldus herleid tot een tweevoudig of enkelvoudig... Zoo verliezen we dan onze Evangelie verhalen. En zoo verliezen we dan den Heere Christus."

3) Die gronde aangevoer: a) Gelykheid tussen Matt. en Lukas in sake woorde van Jesus. Hulle het gebruik gemaak van n skriftelike bron, waaruit dan deels dieselfde stof geput het, en op verskillende plekke in hulle evangelies opgeneem het, deels onderskeie stof. (b) Dat Markus se verhaal byna geheel terug keer in Matt. en Luk. en dat dit meer denkbaar is, dat Matt.

Markus gebruik het met aanvulling as dat Markus Matt. met weglating. Dit word dan in besonderhede aangetoon dat Matt. sekondêr is.

4) Ander stemme. Hoewel die twee-bronne-teorie teenswoordig deur verreweg die meeste N.T. geleerdes aangeneem word, is daar ook ander stemme: W. Hadorn (1898): „Die vergelyking van die teks van Markus met Matt. het die resultaat bevestig dat Matt. ten grondslag lê aan Mark.\" Th. Zahn: Markus is afhanklik van Matt. (Einl. p. 324 - 336). H.G. Jameson (1922): Nie tot die konklusie gekom op grond van n throughgoing investigation of the facts nie. So ook J.F. Springs. Bibl. Sacra, Oct. 1923. Die Roomse kerk het hom ook daarteen uitgespreek.

b) Voorafgaande oorwegings.

1) Dat Q heeltemal denkbeeldig is. Geen getuienis daaromtrent nie. Dat daar ook nog resensies aangeneem moet word van die denkbeeldige Q en ook n Oer-Markus. Daar is ook groot verskille onder die geleerdes: Is Q deur M. gebruik? Is Oer-Markus groter of kleiner as M? Of dit Aramees was? Streeter het selfs uitgekóm by n Vier-bronne-hipotese.

2) Jarelange prediking van Apostels in Jerusalem (30-44) oor daade en woorde, lyde, sterwe en opstaan van Jesus. Petrus was die leier Matt. 16:18 vgl. Hand. 2:14, 3:1 v.v., 5:3, Gal. 1:13. Hierdeur vaste groepering van woorde en daade vir mededeling hetsy van tyd of plek of soort. Vgl. die ooreening i.s. Markus. Dit n betekenisvolle faktor ter verklaring van gelykheid en gelyke groepering van stof. Vgl. ook Joh. 2:30, 21:25. Hierby ook bedink dat Mattheüs nie van die begin af by was nie.

3) Die prediking was van die begin af sowel in Hebreeus as in Grieks. Die Jode wat na die feeste in Jerusalem kom ken net Grieks. n Deel van die gemeente bestaan uit Grieks sprekende Jode. Hand. 2:5-10, 6:1. Grieks was die tweede taal van Palestina. Dit sou n verklaring kan wees vir woorde-lyke gelykheid in Grieks, sonder dat die een afhanklik hoef te wees van die ander.

4) Die rykdom van stof. Dit kan verklaar die ongelykheid by die gelykheid. Elkeen kon daaruit kies wat vir sy besondere deel nodig was. Hierby hoef dan nie uitgesluit te wees dat Markus, met sy herinnering aan die prediking van Petrus ook gebruik gemaak het van Matt. Op die wyse is n korter geskrif net so goed denkbaar deur weglating, as n langer geskrif deur aanvulling.

5) Die uitgewerkte en weloorweë rangskikking van Matt. is baie beter te verklare as oorspronklike komposisie dan as komplisie uit verskillende bronne. Dit veronderstel intendeel n outeur met buitengewone bekwaamheid. Selfs die voorstanders van die twee-bronne-hipotese moet toegee dat ons nie te doen het met kómpilasie nie maar met n vrye verwerking. So Jülicher-Fascher.

6) As ons met die Evangeliste as outeurs te doen het, dan is hulle onderskeie doel n belangrike faktor vir opneming of weglating, en dan hoef nie telkens na n bron gevra te word nie.

c) Die vergelyking van Mattheüs en Markus.

1. Stof by Markus wat Matt. nie het nie.

Genesing van besetene (Mark. 1:23-28). Die Here verlaat Kapernaum in stilte (1:35-38) - Jesus se verwante (3:20-21) - besetene wat genees is (5:18-20) - uitvoering van dissipels se sending en hulle terugkeer (6:12-13, 30) - Genesing van die Doofstomme van Decapolis (7:32-37) - Genesing van die Blinde van Betsaida (8:22-26). Verkeerde gees by Johannes (9:38 - 40) - Arme weduwee (12:41 - 44) - Onbekende Jongeling (14:51 - 52).

Matt. bevat so te sê die hele Markus. Hy laat soms wel tekenagtige besonderhede weg. Waarom hierdie stukke?

2. Verskil in volgorde.

Matt. 4:23 - 25	Rondgaan deur Galilea. Prediking en genesing.	Mark. 1:21 - 28	Besetene van Kapernaum.
5:1-7:29	Bergrede	29-39	Petrus skoonmoeder e.a. genees. Jesus vertrek.
8:1 - 4	Melaatse genesing	40 - 45	Melaatse genesing.
5 - 13	Kneg van Hoofman genees.		
14 - 17	Petrus skoonmoeder e.a. genees.		

Aansluiting by Matt. 4:23-25 en weglating van Bergrede verklaar die verplaatsing van die Genesing van die Melaatse. N.B. Markus het die tog

van die Berg van Saligsprekings nie. Die weglating van die Kneeg van die Hoofman kan verklaar word uit wat van die Jode gesê is. Andersom: Matt. sluit met die Bergrede aan by wat hy vind Markus 1:21. Waarom laat hy Markus 1:21-28 weg? (As 8:5-13 gevolg het was dit verstaanbaar, maar *Waarom 8:1-4 en 5:1-13 eers verhaal om dan terug te keer tot Markus?*)

W.C. Allen, n verdediger van die twee-bronne sê, dis nie maklik te verklare nie.

Matt. 8:18 - 22	Twee volgelinge	Mark. 2:1 - 12	Lamme van Kapernaum.
23 - 27	Storm op see	13 - 17	Matt. geroep.
28 - 34	Besetene van Gadara	18 - 22	Vaste.
9:1 - 8	Lamme van Kap.	23 - 28	Are pluk
9 - 13	Matt. geroep.	3:1 - 6	Verdorpe hand.
14 - 17	Vaste	7 - 12	Groot menigtes. Baie genees.
18 - 26	Dogtertjie van Jaïrus	13 - 19	Dissipels geroep.
35-10:42	Rondgang. Dissipels geroep en uitgestuur	20 - 35	Godslastering Verwante
11:1-30	Boodskap van Joh.	4:1-34	Gelykenisse
12:1-8	Are pluk	35-41	Storm op see.
9 - 14	Verdorpe hand	5:1-20	Besetene v. Gadara.
15 - 37	Besetene Godslastering	21 - 43	Dogtertjie van Jaïrus
38 - 45	Vraag na teken	6:1 - 6	In Nasareth
13:1-52	Gelykenisse	7 - 13	Uitsending dissipels.
53 - 58	In Nasareth		

Die veranderinge is makliker te verklare by Markus (2:1-3:6 botsings, 3:7-6:13: logiese en kronologiese orde) as by Matt. (waarom 4:35-5:20 voor 2:1-12 ingeskuif? Waarom 2:23-3:6 agtertoe geskuif? Die antwoord is dat Matt. dit wil bewaar vir n strydseksie. Maar dit word juis van so n stuk losgemaak.

### 3. Ander gegewens.

1:2 spreek Markus alleen van Jesaja, hoewel hy ook aanhaal uit Mal. 1:2. Dit laat sig verklar uit n verbinding van Matt. 3:3 en 11:10 (albei gedeeltes handel oor die Doper), waar Matt. nie die naam van die profeet noem nie. Die aanhaling by Markus het ook meer ooreenkoms met Matt. as

met die LXX. Vgl. J.A.C. v. Leeuwen - Mark. 1:11 het woorde uit Ps. 2, Matt. 3:17 nie. <sup>Verandering</sup> ~~Weglatting~~ by Matt. moeilik te verklare - Matt. 4:11 het sy verklaring in wat voorafgaan. Mark. 1:12c maak die indruk van verkorting. Zahn sê, deur die ganse Ev. v. Markus is bewysplekke dat Markus by alle selfstandigheid wat op n ooggetuie wys, afhanklikheid toon van n skrifte-like dokument. Genoeg om te bewys dat dit nie so vanselfsprekend is, dat Matt. die afhanklike is nie.

Omgekeerd: As Matt. Markus as bron gebruik het:

- a) Waarom dan o.a. die volgende veranderings: Twee i.p.v. een besetene (Matt. 8:28 - Mark. 5:2); twee i.p.v. een blinde (Matt. 20:30 - Mark. 10:46) twee i.p.v. enige valse getuies, tensy dan om getrou te bly aan die teks wat hy vertaal?
- b) Verkortings word aangevoer, bv. Mark. 1:32 - Matt. 8:16; Mark. 2:19b - Matt. 9:15; (Mark. 8:26) ens. Die kortere bewys die verkorting nie. Intussen is daar ook uitbreiding by Matt. bv. die prediking van die Doper.
- c) Ook gewys op gemoedsaandoenings, of ander besonderhede wat by Matt. ontbreek. Mark. 1:<sup>41</sup>~~4~~ - Matt. 8:3 (vgl. egter Matt. 9:36, 14:14); Mark. 1:43 - Matt. 8:4 (vgl. egter Matt. 9:36); Mark. 3:5 - Matt. 12:13. - Matt. is egter kort in sy verhaal. Dit gaan by hom nie om die aanskoulike nie, maar ad probandum. Waarom kan nie aangeneem word dat Markus sulke aanskoulike trekke bygevoeg het nie?

#### 4. Resultaat.

Die afhanklikheid van Matt. kan nie as n uitgemaakte saak beskou word nie, en daarmee ook die twee-bronne-teorie nie. Hiermee is egter nie gesê dat Markus afhanklik is van Matt. nie. Hierdie verskynsels kan ook anders verklaar word. Teenwoordig skyn daar n groeiende gevoel te wees onder N.T. geleerdes, dat die twee-bronne-hipotese nie al die feite dek nie. (McIntire, The Evangelical Quarterley Apv. 1929)

-----

### III. DIE EVANGELIE VAN LUKAS.

#### 1. Die Skrywer.

Die skrywer van Handelingte sê dat hy ook die skrywer van die evangelie van Lukas (Hand. 1:1) is, en die tradisie is sinds die tweede eeu eenparig daaromtrent dat die skrywer "Lukas, die medisyne-meester" is, deur Paulus genoem in Coll., Filemon en 2 Tim. Vgl. A. v. Harnack, Lukas der Arzt., p. 1 v.v.

a) Is die outeur van Handelingte en Lukas dieselfde persoon? Op hierdie punt is daar ook eenheid van gevoele. Taal, styl en omvang van die geskryfte bewys dat albei afkomstig is van dieselfde skrywer. Vgl. Jülicher Fascher, Einl. H. Windisch. The beginnings of Christianity. In Hand. kom daar egter sgn. "Ons-stukke" voor: Hand. 16:10 v.v.; 20:5-21:18; 27:1 - 28:16, d.i., toe Paulus in Troas was, vandaar na Philippi, en dan 5 of 6 jaar later toe hy op sy derde sendingsreis weer in Philippie was, en vandaar oor Troas Milete ens. na Jerusalem, waar hy gevange geneem en na Rome gebring is. Die vraag is nou, of hierdie man dieselfde is as die van die res van Hand., en die Ev. van Lukas, of: Is dit n stuk wat die skrywer geïnkorporeer het in sy boek, sonder vermelding, wat geheel in ooreenstemming sou wees met die litterariese metode van die tyd. So Jülicher-Fascher, en H. Windisch. Dat die skrywer dieselfde is word deur hulle ontken, op die volgende gronde:

1. Voortgesette legende vorming. Hand. 1:9 v.v. en 1:16 v.v. vergeleke met Lukas 24:51, Matt. 27:1 v.v. Die Pinkster verhaal (Hand. 2) verg. 1 Kor. 12:14. Dit sluit n reisgenoot van Paulus uit.
2. Verskil in styl. Enersyds kort en saaklik, andersyds breed, en reflektief.

Die eerste argument is dogmatisme. Wat die tweede betref kom A.v. Harnack nadat hy taal en styl aan n grondige ondersoek onderwerp het tot die konklusie dat hy daarvoor kan instaan dat Lukas nêrens meer Lukas is as in die "ons-stukke" nie. (Neue Untersuchungen p. 1. vgl. Lukas der Arzt, p. 56). Jülicher-Fascher laat dan ook sekere "ons-stukke" willekeurig uit, o.a. Hand. 16:18-40; 27:9-10 en 21-26.

b) Is die skrywer Lukas? Die skrywer was in Paulus se geselskap op die tweede en derde Sendingreise en die gevangenskapsreis. Dus jare lang. Hy kom van Paulus, en die wat van tyd tot tyd met Paulus was baie verneem

van wat hy meedeel in die twee boeke. Sy verblyf in Cesarea het hom in geleentheid gestel om oor- en ooggetuies te raadpleeg. So kon Theophilus reken op die vertroubaarheid van wat hy meedeel. Luk. 1:1-4. Paulus noem Lukas (1) in Coll. 4:14. Hy is met hom in sy gevangenskap, en is medisynmeester. Daar bestaan n innige band tussen hulle; (2) in Filemon :24, as een van sy medewerkers; (3) 2 Tim. 4:11, Lukas is alleen by hom. Lukas is dus n troue helper van Paulus, wat hom bystaan tot sy einde. Dat Lukas die skrywer is sê die H. Skrif nêrens. Maar wat die N.T. leer omtrent Lukas, dien slegs om die eenparige tradisie te bevestig: Hy was n geleerde man, tuis in die Grieks-Romeinse wêreld, en deur die gemeenskap met die Apostel in geleentheid om n noukeurige ondersoek in te stel.

### Nog een en ander oor sy persoon.

Hand. 11:28 D het n lesing: "En daar was groot blydskap. En toe ons saam vergader het, het een van hulle gesê, nl. 'Agabus...!' Dan sou Lukas tot die gemeente van Antiochië behoort het. Eusebius deel mee dat Lukas wat sy geslag betref afkomstig was van Antiochië, van wetenskap n geneesheer, en dat hy meeste met Paulus, maar ook met die ander Apostels omgang gehad het. (Hist. Eccl. III, 4,6). Hieronymus sê: "Lucas, medicus Antiochensis". n Monarchiaanse proloog skryf: want, sonder dat hy ooit n vrou gehad het, of kinders het hy op 74-jarige leeftyd in Bithynië gesterf, vol van die H. Gees. Ander berigte verbind hom met Efese, Constantinopel, Achaje, Alexandrieë. Daar heers dus groot onsekerheid omtrent Lukas. Dat nogtans sy naam met die Evangelie verbind is, spreek ook nog in guns van die tradisie.

## 2. Tyd en plek van ontstaan.

a) Op grond van 21:20-24 word dit gestel na 70. Dit geld egter die kanonisiteit van die Evangelie (woorde van Jesus gesprek voor die kruisiging). Dit is geen argument van wetenskap nie, maar van ongeloof. Th. Zahn sê: Het Jesus volgens eenparige oorlewering die verwoesting van stad en tempel voorsê, dan is dit aanmatigend om Hom die bevoegdheid te ontsê om dit te teken soos in Luk. 21. Tog meen hy dat die gebeurtenis wat in 21:20-24 vermeld word, intussen plaasgevind het, en dat dit daarom vollediger meegedeel word. (Einl. 3, II, p. 440 v.) A.v. Harnack: Die proef op som dat Jerusalem nog nie verwoes is nie is vs. 28, en vs. 24, hulle sal as slawe weggevoer word onder alle volkere, toon dat dit n ideale voorstelling is (Neue Untersuchungen, p. 85, 86)

b) Die proloog. Dit onderstel n ryk evangelie litt. wat wys na + 100. Jülicher Fascher. - Wat weet ons daarvan, wanneer die mense begin aantekeninge maak het?

Uit die slot van Hand. konkludeer Harnack dat Lukas geskryf is vóór Paulus se dood, dus in die begin van die 60-er jare. Hierdie argument gee egter nie deurslag nie, want dit gaan by Lukas nie om n lewensbeskrywing van Paulus nie.

#### Die oorlewing hieromtrent:

- 1) n Monarchiaanse proloog: Toe reeds Ev. verhale geskryf is, en wel deur Matt. in Judea, deur Mark. in Italië, het hy op aandrang van die H.G. in dele van Achaje geskryf, terwyl hyself te kenne gee dat daar reeds ander geskryf het.
- 2) Hieronymus: Lukas het in dele van Achaje en Boëtië sy boek opgestel.
- 3) n Siriese vertaling: wat sê dat Lukas geskryf het in groot Alexandrië. Verder word gemeen Rome, Masedonië, Antiochië.

Ons weet nie wanneer en waar Lukas sy Evangelie geskryf het nie. Vir die verstaan en verklaring daarvan maak dit niks nie.

### 3. Gedagtegang.

Lukas wil n vertroubare verhaal gee van die optrede van Jesus van die begin af (1:1-4), en beskryf Hom dan as die Christus die beloofde Messias en ook die Verlosser van die Mensheid soos reeds blyk by sy geboorte, die verhaal van Sy doop met n geslagsregister tot Adam, en Versoeking. (1:5-4:13). So openbaar Jesus Hom ook in heel sy optrede: Jesus kondig Homself aan as die Messias in die Sinagoge van Nasareth en toon dit meteen deur dae van genesing, nl. n duiwelbesetene, maar ook liggaamlike krankes, soos die skoonmoeder van Petrus (4:13-44). Hy toon dit verder deur die mag van sy Woord by die wondervolle visvangs; die genesing van n melaatse en n verlamde in Kap. met vergewing van sondes, en die roeping van die tollenaar Levi tot n dissipel. (5:1-32). Hy is ook die Maghebber oor die Sabbat. Laat sy dissipels are pluk, genees n man met verdorde hand (6:1-11). Dit blyk ook uit die Kiesing van die Apostolaat en sy Woord van Saligheid en Wee (6:12-49), waar op weer die reddende krag van sy woord blyk, wat op n afstand die kneg van die Koninklike Hoofman genees, die jongeling van Naim in die lewe roep, en as n gerustellende mag deur dring tot Johannes in die gevangenis, wat Johannes handhaaf teenoor n ongevoelige volk, en n berouvolle sondares

teenoor die veroordelende Fariseër (7:1-50).

Terwyl n aantal vroue Hom en sy Apostels dien met hulle goed gaan Hy met sy Apostels rond om te predik. Sy Woord is die Woord van God, wat glo moet word. Dit aangetoon in die gelykenisse van die saaiër en die lamp. Dit geld ook vir sy familie wat Hom wil terughou van sy roeping (8:1-21). Op die prediking volg weer dade. Alle magte moet wyk: Storm op see gestil, besetene van Gadara genees, n vrou van ongeneeslike siekte verlos, dogtertjie van Jairus opgewek. Hieraan neem die dissipels ook deel. Die volk meen dit is Elia, Herodes dis Johannes die Doper, wat hy onthoof het. Die dissipels egter, teruggekeer van hulle sending, en getuënis van die spysiging van 5,000, bely Hom as: "Die Christus van God". Maar, dan moet hulle hoor: n Lydende Messias. Voor hulle oë word Hy verheerlik, en uit die Hemel aangekondig as die Seun van God, genees weer by sy terugkoms n Besetene, wat die dissipels nie kon genees nie. Terwyl almal dan verwonderd staan oor Sy mag, leer Hy hulle weer dat Hy moet ly. By hulle gebrek aan insig moet die dissipels bestraf word oor sondige naywer ondermekaar, en teenoor ander, wat duiwels uitdryf (8:22-9:56)

Nou volg (9:51-18:14) die Reisberig (9:51). Dit word ook saamgehou deur één gedagte: Jesus in Sy Heerlikheid is die Christus. Dit word aangetoon in enkele genesing-wonders (vier), maar veral in Sy onderrig, vermanings, tereg wysings, telkens na aanleiding van een of ander voorval. Jesus het n woord vir elke omstandigheid: Tereg wysing van die Seuns van Sebedius by sy afwysing deur die Samaritane (9:51-56); eise vir die volgelinge na aanleiding van een wat wil volg (57-62). Oordeel oor die onboetvaardige stede by uitsending, en waarskuwing aan dissipels en danksegging aan God by hulle terugkeer (10:1-24). Die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan na aanleiding van n vraag van n Skrifgeleerde (10:25-37); tereg wysing van Martha op haar klag (38-42). Leer die dissipels die Onse Vader op hulle versoek, en wek op tot volharding in die gebed, deur die Gelykenis van die Onbeskaamde Vriend (11:1-13). n Tereg wysing van Far. wat Jesus laster, van n vrou wat Jesus prys, n oproep tot bekering met verwysing na die teken van Jona en n waarskuwing vir algemene verblindings - dit alles na aanleiding van die Genesing van die Besetene, waarby die Far. nóg n teken vra (11:14-36). Strafrede oor Far. oor hulle huigelary en die Skrifgeleerdes oor hulle verwerping van die getuies van God, na aanleiding van hulle aanstoot daarteen dat Jesus die handewas nie in ag neem nie (11:37-54), en waarskuwing aan dissipels teen die huigelary van die

Far. en vermaning om God alleen te vrees, die Seun te bely, die H.G. nie te laster nie (12:1-12).

As iemand uitspraak vra oor n erfenis, spreek Jesus die gelykenis van die Ryke Dwaas, en waarsku sy dissipels vir die sorges van die lewe en versameling van skatte. Met die gelykenis van die Waaksame dienskneg was hulle dan opgewek tot waaksaamheid, voorberei op verdeeldhede, en hulle oë gerig op die tekens van die tye (12:<sup>13</sup>35 - 39). Op die berig van die bloedvergiëting deur Pilatus en die val van die toring van Siloam volg n roep tot bekering, wat besluit word met die Gelykenis van die onvrugbare vyeboom (13:1-9). In aansluiting aan die Genesing van n 18-jraige siek vrou op n sabbat in die Sinagoge, spreek Jesus die gelykenisse van die Mostertsaad en Suurdeeg (13:10-21). Op weg gevra of daar baie is wat salig word waarsku Jesus teen valse gerustheid met die gelykenis van die Nou Poort, en stel die intrede van die heidene in vooruitsig. (22-30), en waarsku deur die Far. teen Herodus, spreek Jesus sy klag uit oor Jerusalem (31-35). Na aanleiding van die genesing van n man wat water het op die Sabbat in die Sinagoge vermaan Jesus tot menslikheid, tot nederigheid en gasvryheid teenoor die arme in die Gelykenis van die Genooides, en tot regte gebruik van die genadetyd met die Gelykenis van die groot maaltyd (14:1-24). As groot menigtes Hom volg vermaan Hy tot bedagsaamheid met die Gelykenis van die Toring en die Veldslag (25-35). Die Far. wat aanstoot neem omdat Hy omgaan met sondare, vermaan Hy met die Gelykenisse van die Verlore Skaap, penning en Seun (Luk. 15), en tot die regte gebruik van geld in diens van die arme met die Gelykenis van die Onregverdige rentmeester, en teen geldgierigheid met die Gelykenis van die Ryk Man en Lasarus (16:1-31), en laat vermaning vir die dissipels volg teen ergernisse, onversoenlikheid en stel geloof teenoor verdienste in die Gelykenis van die dienende Slaaf (17:1-10). Na aanleiding van die Genesing van Tien Melatesses volg n onderrig oor dankbaarheid (17:11-19). Op n vraag van die Far. oor die Koninkryk onderrig Jesus oor die tweërlei koms van die Koninkryk (Klein Parousie rede, 17:20-37) en wek op tot volharding en boetvaardigheid in die gebed in die Gelykenis van die Fariseër en Tollenaar (18:1-4)

Met die Seën van die Kindertjies (18:15-17), die Ryk Jongman (31-34), genesing van die blinde in Jerigo (35-45) sluit Lukas weer aan by die ander Evangeliste, en voeg dan by die verblyf van Jesus by Sageüs met die Gelykenis van die Ponde (19:1-28). Dan: Intog in Jerusalem met tempelreiniging (19:29-48). Stryd gesprekke en waarskuwing teen Far. (20:1-47), Arme

weduwee (21:1-4) en Profetiese Rede (21:1-34).

Lydensgeskiedenis (21:37-27).

4. Kenmerkende eienaardighede.

1) Baie stof wat by ander ontbreek. Besonderhede by die geboortegeskiedenis; voorval uit Jesus se Jeug; Opwekking van Jongeling van Nain; die grootste gedeelte in 9:51-19:27. Hierin kom voor baie gelykenisse, n paar genesingswonders, en gebeurtenisse (verblyf by Martha en Maria; bloedvergieting van Pilatus, toring van Siloam; verblyf by Sageüs.

2) Ontbrekende stof: Wyse uit Ooste, Kindermoord van Herodes, moord op Johannes die Doper, weglating van Joodse gedeeltes uit bergrede, spysiging van 4,000. Die laaste verklaar Baljon as Doublet, en die weglating van die misdade van Herodes as vriendskap met die Romeine. Dit moet egter gesien word in samehang met die besondere doel van Lukas, nl. hoe Jesus Hom openbaar as die Christus.

3) Universalisme: Geslagsregister tot Adam, vgl. ook 2:31-32; 3:6. Vergewing van sondes word geskenk aan almal: Samaritane (9:51-56; 10:30-37; 17:11-19), heidene (2:32; 3:6, 38, 4:25-27; 7:9; 10:1; 13:29; 21:24; 24:47) sowel as aan Jode (1:33, 54, 68 - 79; 2:10), aan tollenaars en sondaars (3:12,13; 5:27-32; 7:37-50; 15; 18:9-14; 19:2-10; 3:43) sowel as aan aansienlikes (7:36; 11:37; 14:1) aan armes (1:53; 2:7, 8,; 4:18; 6:20, 21; 7:22; 14:13, 14; 16:20, 23) en aan rykes (19:2; 23:50). Vgl. Plummer, I.C.C. p. XLIII. Lukas teken die Here as Saligmaker van die wêreld, en Verlosser uit alle menslike nood.

Tog mag nie gedink word aan n Tendensskrif, met universalistiese rigting in teenstelling met die ander Evangeliste nie, waarop 1:1 dan sou sien (Tübinger Skool), omdat by ander Evan. nie ontbreek wat by Lukas wel voorkom, en by Lukas nie ontbreek wat by die ander wel voorkom: Luk. 16:17 vergelyk Mt. 5:17. Luk. verhaal wel die uitsending v.v. 70, maar benaderuk die besondere betekenis van die apostels nog sterker as die ander (9:1-6). Die Evangelies leen hulle nie vir die konsekwente Tendenzhipotese nie. Ook op die punt van universalisme is Lukas en so ook Paulus slegs vertolkers van Jesus (Jülicher-Fascher p. 314 v.).

#### IV. DIE SINOPTIESE PROBLEEM

##### 1. Die naam.

Die evv. van Matt., Mark., en Luk. vertoon groot ooreenkoms wat betref inhoud en gang in vergelyking met Johannes. Hulle inhoud kan maklik saam oorsien word ( 60V0Ψ15 ).

In 1585 gee Georgius Sigelius reeds n werk uit met die titel Synopsis historia<sup>e</sup> Jesu Christi quemad modum Mattheüs, Marcus, Lucas, descripsere in forma tabulae praeposita. Die naam Sinoptiese evv. stam egter van die werk van J.J. Griesbach, "Synopsis Evangeliorum 1774", waarin die teks van ons evv. so gedruk is, dat die gemeenskaplike stof naasmekaar kom met die oog op die uitlegging. Bekend is verder W. Rushbrooke, Synopticon, An Exposition of the Common Matter of the Synoptic Gospels. 1880; A. Huck, "Synopse der drei ersten Evangelien" 1892, 1936 uitg. H. Lietzmann en H.G. Opitz. Sinds die tyd word gespreek van die Sinoptiese Evangelies en n "Sinoptiese probleem."

Onder sinoptiese probleem word verstaan: die vraag na die litterariese verhouding tussen die drie evv., of hulle onderling van mekaar afhanklik is, en so ja, in hoever, of hulle mekaar as bron gebruik het, en of hulle saam afhanklik is van n gemeenskaplike bron of bronne.

##### 2. Die vraagstuk self.

Dit bestaan in die gelykheid en die ongelykheid van hierdie evv., wat betref die stof, die volgorde en selfs die bewoording.

Was daar net verskil, of net gelykheid dan was daar geen probleem nie. Maar, dan kon dit maklik gebruik word teen die historisiteit van die evv., in die laaste geval: dat die een van die ander oorgeskryf het: in die eerste geval; hoe weinig daar vasgestaan het, soos Johannes dan ook gebruik word teen die sin.

Die ingewikkeldheid van die probleem kom dan ook juis daarin uit dat dit 3 evv. betref.

#### A. DIE STOF.

##### 1. Ooreenkoms.

- a) Die gang van die openbare optrede: Joh. die Doper - Versoeking - Optrede in Galilea - Gang na Jerusalem.

- b) Dat die hele Markus voorkom in Matt. en Luk.
- c) Gemeenskaplike stof van Matt. en Luk.

2. Verskil.

a) Stof wat Markus alleen het:

Selfgroeïende saad (4:26-29)  
 Doofstomme van Dekapolis (7:32-37)  
 Blinde van Bethsaïda (8:22-26)  
 Vluchtende jongeling (14:51-52)

b) By stof wat Matt. en Luk. gemeenskaplik het, en nie by Mark. voorkom nie is dan stof wat Matt. en wat Luk. alleen het.

Matt: Dele van Bergrede (5-7)  
 Dele van Uitsendingsrede (10)  
 Dele van Gelykenisrede (13)  
 Dele van Profetieserende (23-25)  
 Geskiedenis: Wyse uit Ooste  
 Kindermoord  
 Vlug na Egipte.

Luk.: Gelykenisse van Verlore penning ens. (15)  
 Onregverdige Rentmeester (16)  
 Ryk man en Lasarus  
 Geskiedenis: Wonderbare visvangs (5)  
 Jongeling van Nain (7)  
 18-jarige siek vrou (13)  
 Emmausgangers (24)

c) Ook in gemeenskaplike stof (wat nie by Markus voorkom nie)

Geboortegeskiedenis  
 Geslagsregisters  
 Volgorde van Versoekings  
 Bergrede  
 Gelykenisse.

d) Stof wat Matt. en Mark. alleen het (Matt. 15 - Mark. 7:1-8):

Oorlewering van ou mense  
 Kananése vrou  
 Spysiging van 4000.

e) Stof wat Luk. en Mark. alleen het.

Besetene in Sinagoge van Kapernaum (Mark. 1:21 v. - Luk. 4:31 v.)  
Arme Weduwee (Mark. 12:41 v. - Luk. 21:1 v.)

B. VOLGORDE.

In die stof wat drie of twee gemeenskaplik het is daar soms ooreenkoms en soms verskil in volgorde:

1. Ooreenkoms:

Matt. 8:15-9:26	Storm op See
Mark. 4:35-5:43	Besetene van Gadara
Luk. 8:22-56	Dogtertjie van Jairus Kranke vrou.

Tussen 2 en 3 voeg Matt. egter: Verlamde van Kapernaum - roeping van Levi - vaste.

Matt. 14:1 - 36	Dood van Johannes die Doper
Mark. 6:14-56	Spysiging van 5,000
Luk. 9:7-17(?)	Wandel op see.

2. Verskil:

Mark. - Luk.	Skoonmoeder van Petrus Genesings op Sabbataand. Melaatse gereinig.
--------------	--

Matt.	Melaatse gereinig Skoonmoeder van Petrus Genesings op Sabbataand.
-------	---

Matt. verhaal genesing van verlamde van Kapernaum na die terugkeer uit Gadara (9:1-8). Mark. en Luk. verhaal dit baie vroeër.

Luk. verhaal die optrede in Nasareth aan die begin (4:16 v.v.) Matt. en Mark. verhaal dit baie later.

C. WOORDE.

Vir ooreenkoms en verskil vgl.:

Matt. 9:6 - Mark. 2:10 - Luk. 5:24
Matt. 21:23 v.v. - Mark. 11:28 v.v. - Luk. 20:2
Matt. 16:25 - Mark. 8:35 - Luk. 9:24.

Hierdie woordelike ooreenstemming is des te meer treffend omdat Jesus in Aramees gespreek het.

### 3. Die Geskiedenis van die Probleem.

#### a) Die Eerste Tyd

Hoewel van 'n sinoptiese probleem slegs in die laaste 150 jaar sprake kan wees het tog die ooreenkoms en verskille van die vroegste tye af die aandag getrek. Dit blyk uit die Diatessaron van Tatianus, waarin die inhoud van die evv. tot een verbind en verwerk is. Vgl. ook Ammonius *το δεκατετταρον εὐαγγέλιον* waarin die ev. van Matt. deurlopend gegee was met opbreking van die ander, en Eusebius se *κεφάλαια* en *περικονα* met die daarby behorende 10 *κανονισ* of tabelle.

Die eintlike probleem is egter toe nog nie gesien nie. Nie die gelykheid, maar die ongelykheid was die probleem. Die doel was harmoniëring. So ook by die bestryders van die Christendom, byvoorbeeld Celsus. Augustinus sê: die een het nie sonder die ander geskryf nie, en weggelaat wat die ander het, <sup>nie</sup> omdat hy daar nie kennis van gedra het nie, <sup>maar</sup> ~~word~~ geïnspireer deur die H.G. die syne daaraan toegevoeg. Matt. het opgeneem die vleeswording van die Here uit die koninklike geslag, en baie van sy woorde en dade. Markus <sup>eum</sup> ~~eum~~ subsecutus <sup>tan</sup> ~~tan~~ quam pedusequus et brevator eius videtur. So ook Hieronymus. Calvyn verwerp dit en is van oordeel dat geeneen van die sin. die ander gebruik het nie. Sien Argumentum op sy Evv. Harmonie. Hugo de Groot: Marcus het die Hebr. Matt. gebruik, en die Gr. Matt. vir Markus, want, sê hy, wat Mark. uit Matt. oorgeneem het, het hy byna woordeliks neergeskryf (so ook Th. Zahn).

#### b) Verandering van beskouing.

Midde 18e eeu kom daar groot verandering. Rasionalisme kom op. Die menslike rede word bron en norm van kennis. Dit bring noodwendig verandering in die beskouing aangaande die H. Skrif. Die verskynsel in die evv. word in 'n ander lig gesien. Die deiste Woolston en Reimarus gebruik die "teenstrydighede" in die evv. tot verdagmaking van die oorlewering van die evv. aangaande Jesus.

Die vroeëre spt. beskou die evv. as Goddelike geskrifte, geïnspireer deur die H.G., terwyl die kwessie van auctores secundarii van ondergeskikte

belang is. Dit blyk by Calvyn: Die opvatting dat Mark. n baie noue dissipel van Petrus was, en dat die evang. verhaal deur hom geskryf, deur Petrus aan hom gedikteer is... oor hierdie saak hoef ons nie die hoof te breek nie (non est anxie nobis laborandum), as ons maar net hieraan vashou, dat hy n nuttige, en van Godsweë geordende getuie is, wat niks te voorskyn gebring het dan onder voorgang en dikteer van die H.G. (Argumentum in Evangelium). By hierdie beskouing bly daar ruimte vir ondersoek omtrent die menslike skrywers, en ook hulle onderlinge afhanklikheid of van ander geskifte of mondelinge mededeling. Maar dit was alles middele in Gods Hand, hoeseer die menslike outeurs ook vry ondersoek, naagedink of vergelyk en geskryf het, en so gedien het om Gods Openbaring in die vorm tot ons te laat kom. Die kennis hiervan laat ons die sin van die H.S. voller deursien. Maar die waarheid van wat meegedeel word staan hierby vas. Dit hoef nie eers deur ondersoek vasgestel te word nie.

Dit het nou anders geword.

By die behandeling van die sinoptiese kwessie gaan dit nou hieroor, wat in die ev. verhale as waarheid, en as werklik geskied, kan aangeneem word, en oor die hoof in die Goddelike inspirasie van die H. Skrif. Die laaste is duidelik uit die titel van Lessing se boek waarmee die sinoptiese studies a.h.w. opgekom het: Neue Hypothese über die Evangelisten als bloss menschliche Geschichtsschreiber betrachtet, 1778, gepubliseer 1784. H.J. Holzmann in sy Lehrbuch der historisch-kritische Einleitung in das Neue Testament 1842, sê: Die tyd van die inspirasie geloof ken n sinoptiese probleem net in die oplossing van verskille. Die ooreenstemming is nouliks as probleem aangevoel. Daarin is gesien die gemeenskaplike oorsprong van die bonatuurlike outeur. Eers toe die evv. sinds die 18e eeu besien is as menslike geskifte het dit tot die bewussyn deurgedring, dat juis die ooreenstemming slegs vanuit hulle menslike ontstaan sy verklaring kon vind. Dit gaan, uitgesproke of onuitgesproke ook om die betroubaarheid van wat die evv. meedeel. "n Groot deel van die bronnekritisi bestry die volle historisiteit van die sin. Oorlewering aangaande Jesus". (Feuhre - Behm) Volgens J. Weiss en W. Werede is ons evv. verhale n neerslag van Gemeenteteologie. E. Wendling wys in die ev. van Mark. drie ontwikkelingslae, van die historiese tot die meer legendariese en dogmatiese. J. Wellhausen sê dat die Galilese verhale van Markus meestal nie so is dat dit herlei kan word tot die eerste dissipels nie. Volgens W. Bousset word die ev. van Mark. beheers deur Messias-

dogmatiek. By die Vormhistoriese metode tree duidelik aan die lig dat die kritiek van die stof ten nouste saamhang met die saaklike kritiek vanuit sekere godsdienshistoriese en sosiologiese vooropstellinge. Hierdie ontwikkelingshistoriese beskouing van die ev. stof gaan uit van die vooropstelling dat die historiese oorlewering aangaande Jesus van vroeg af onderhewig was aan 'n om-en-ervormingsproses, wat reeds in die 60-jarige tot 'n sekere afsluiting gekom het. Elke bewys ontbreek egter dat by die apostels die geloof in Jesus Christus so radikaal kon verander het, of dat hulle so 'n oorskildering van die historiese beeld van Jesus sou geduld het. Ook die oorgang van die ev. in die hellenistiese wêreld laat geen opening vir so-danige omvorming van die inhoud nie. Petrus beroep hom op wat die hoorders weet; Hand. 2:22; 10:37 v.v. Paulus beroep hom op die ander apostels 1 Kor. 15:11; 11:23 v.v.; 15:3 v.v. Lukas maak daarop aanspraak dat sy evangelie betroubaar is en teruggaan op ooggetuies (1:1-4). Die ev. self sluit dus die denkbeeld van so 'n ontwikkelingsproses uit:

Hoeseer dit waar is dat die ontkenning van die bonatuurlike en van die moontlikheid van wonders hierdie negatiewe kritiek beheers blyk uit wat J. Weiss skryf: "Ons moet teenswoordig aan die ev. die vraag stel: Rus julle geloofsgetuies op feite? Waarvandaan het julle kennis van hierdie dinge? Kan julle as geloofswaardige getuies van die geskiedenis van Jesus geld? M.a.w., ons sien so op die ev. of en in hoeverre hulle historiese bronne van die lewe van Jesus is. Dan lê hy ook die diepere grond bloot: Die gees van die moderne Aufklärung op natuur-wetenskaplike en historiese gebied, wat sinds die 18e eeu op die ontwikkelde beslag gelê het, die sterk werklikheidssin, verset sig daarteen om hierdie vertellings in hulle volle omvang eenvoudig aan te neem as gebeurtenisse wat so plaasgevind het. Die wonder wat die bewysstuk was vir die ou kerk en waarvan die boeke vol is, juis dit verhinder die teenswoordige leser om die geloof aan die ev. sy eie te maak.

Daar lê n diep kloof tussen daardie wêreldbeskouing met sy wondergeloof en die moderne bewussyn." Vandaar dat die berigte losgemaak word van ooren ooggetuies die drietal tot een gereduseer word. Die wonder is dus die eintlike struikelblok.

c) Die verskillende teorieë.

1. Die gebruikshipotese.

Die een het geskryf op grond van mondelinge tradisie. Dan gebruik die een die ander. So reeds Augustinus. Alle moontlike variasies is hier moontlik, en ook beurtelings aan die hand gedoen:

Matt. - Mark. Luk.: Grotius, Mill, Wetstein, Zahn.

Matt. - Luk. - Mark.: Griesbach, Meyer, Baur.

Mark. - Matt. - Luk. : Storr, Weisse, Wilke.

Mark. - Luk. Matt.: Bruno Bauer, Volkmar.

Luk. - Matt. - Mark.:

Luk. - Mark. - Matt.

Van belang is hier die teorie van Griesbach (1789). Hy wys op die dubbele uitdrukking by Mark. en sien daarin verbinding van Matt. en Luk.:

Mark. 1:32 = Matt. 8:16 + Luk. 4:40.

Mark. 1:42 = Matt. 8:3 + Luk. 5:13.

Feit is egter dat Mark. van sulke dubbele uitdrukking hou. In 1:32 is die tweede bepaling van betekenis: die aanvang van die Sabbat. Dan sou daar ook n tweeslagtige styl moes wees. Hierdie verskynsel kan ook andersom verklaar word.

Die teorie van Storr. (1786 - 1794). Mark is die oudste en berus hoofsaaklik op verhale van Petrus. Matt. het dit gebruik en aangevul met persoonlike herinneringe. Luk. het gebruik gemaak van Mark. sonder kennis van Matt. Wilke (1808) sluit hierby aan: Mark. is deur Matt. en Luk. willekeurig bewerk en aangevul met *Sages* en aan n bepaalde doel diensbaar gemaak.

Hierdie teorie verklaar sekere verskynsels. Beswaar: waarom die een die ander se taal tot op n sekere punt gebruik, en dan plotseling afwyk?

## 2. Die oorkonde-teorie.

Lessing (1778, 1784) gaan uit van 'n oorspronklike Aramese ev. van Matt., waarvan hy self 'n uittreksel in Grieks gemaak het, en waarvan Mark. en Luk. ook ekserpte is. Eichhorn (1804, 1820) werk die teorie nader uit + 35 is 'n volledige Aramese lewensbeskrywing van Jesus gegee, wat in die volgende jare herhaaldelik in Aramees en Grieks omgewerk is, en aangevul en verkort. So moet die ooreenkoms en verskille verklaar word. Alle verskille sou dan terug gaan op 'n verskillende bewerking van die bron. E.A. Abbott, *The Fourthfold Gospel* (1913 - 1916) is nog 'n verdediger van hierdie teorie.

## 3. Tradisie teorie.

Sluit aan by die feit dat die onderwys in die ou tyd byna uitsluitend mondeling was. So is die Rig Veda (16000 verse) eeue in die geheue bewaar. Die Griekse logograwe voor Herodotus het die geskiedenisverhaal soos dit aan hulle oorgelewer is, sonder verandering. Die rapsode, wat die gesange van Homerus voorgedra het, doen dit uit die geheue. Die Joodse onderrig was 'n oorlewering uit die geheue (Mischnä = herhaling). Hierby het die Apostels hulle aangesluit. Hulle onderwys het vaste vorm gekry deur herhaling van die woorde van Jesus. So ook die verhaal van Sy lewe, en veral van die lyde en opstaan. Hieruit het 'n vaste tipe van prediking voortgekom, wat elkeen sy eie gemaak het deur gedurige herhaling.

A. Herder (1776, 1797) postuleer so 'n ongeskrwe ev. as gemeenskaplike grondslag wat reeds taamlike vaste vorm aangeneem het, en vir die missionêre van die tweede rang (evangeliste ens.) as leidraad moet dien. Tussen 35 en 40 in Palestina in Aramees gevorm. Deur Mark. later in Grieks opgeteken onder oë van die Apostels. + 60 ontstaan op grond van dieselfde Aram. oerevangelie 'n vollediger verhaal in Aram. die Hebr. Ev. van die Nasareërs, wat na 70 'n veranderde vorm kry in Grieks. So rus die Ev. van Lukas ook op die oorlewering met wat hy van ooggetuies ontvang het.

J.C.L. Gieseler (1818) verklaar die evv. eweeens uit die mondelinge oorlewering. Daar was geen vroeë optekening vandie stof nie ook nie private optekeninge nie. Die verskille in die evv. staan in verband met verskillende neigings van die oorspronklike christendom. Hierby ook nog persoonlike herinneringe. Deur herhaalde oorvertelling het 'n vaste tipe van die ev. gesk. ontstaan vanaf die optrede van Johannes die Doper, waarin die

gewigtigste gebeurtenisse en uitsprake in gelyke vorm deur alle leraars meegedeel is. By die oorgang uit Palestina na die Grieke het dit 'n Griekse vorm aangeneem, maar het ook ongeskrewe gebly en vatbaar om gewysig te word. Luk. is die eerste Griekse ev. onder die invloed van Paulus. Hierdie teorie verklaar in sekere mate, waarom die evv. nie dieselfde stof, of gesprekke het nie en die een vollediger is as die ander. Daarteen is ingebring dat uit die ev. van Johannes blyk dat daar nie so 'n vaste tipe bestaan het nie (Wilke). Die probleem is hoe uit die ryke tradisie so 'n enersse keuse gedoen is.

#### 4. Diëgesen- en Logia-hipotese

Die teorie van Schleiermacher: Die grondslag van ons evv. is nog mondelinge, nog geskrewe evangelies maar 'n groot getal kleinere verhale is die grondslag van die hele ev. literatuur. Hy laat hierdie teorie later vaar vir die logia-teorie. Papias sou spreek van 'n redeversameling deur Matt. in hebr. en dan ook nie van 'n vertaling van die ev. van Matt. in Grieks nie, maar van verskillende bewerkinge van die Logia, en een daarvan is ons ev. van Matt. Hy spreek ook nie van Mark. nie, maar by bedoel 'n baie onvollediger en minder geordende geskrif van Markus.

Dit verklaar die verwantskap van die afsonderlike verhale maar nie die gelykheid van verbinding nie.

#### 5. Tendenz-hipotese

G.Chr.Baur (1792-1860), wil die Christendom ook van die boeke van die N.T. histories verstaan sonder inwerking van bonatuurlike faktore. Hy self is afkomstig uit die skool van Hegel. Die tese-antitese-sintese vind Bauer ook terug in die geskiedenis van die Christendom. Die oorspronklike gemeente staan geheel op die bodem van die Jodendom met die verskil dat hulle in Jesus, die Christus sien. Paulus sluit aan by sekere elemente in die prediking van Jesus en lei dan uit sy dood en opstanding 'n vrye en universele Christendom af. Die Kerk is 'n kompromis tussen "Judaisme" en "Paulinisme". Hierdie konstruksie raak ook die Boeke van die N.T. Bauer erken net 5 boeke: Gal., 1 en 2 Kor. en Rom. Aan die eenkant, en Openbaring aan die ander kant. In hierdie vier briewe weerstaan P. die Twaalf en Petrus. Openbaring is gerig teen Paulus c.s. Al die ander

geskryfde dateer uit n latere tyd, van die een of die ander kant. Matt. wil Jesus as Joodse Messias teken en die blywende betekenis van die wet beklemtoon teenoor Paulinisme. Luk. stel die genade teenoor die wet en teken Jesus as Verlosser van alle mense. Markus bied die sintese. Johannes styg met sy Logos bo alle verskille uit. In Hand. is Petrus gepauliniseer en Paulus gepetriniseer. Die sintese vind ons ook in die kleinere briewe van Paulus. In Jesus n samevatting van Jode en heidene, om hulle te laat saamstaan teen n gemeenskaplike vyand. Al die boeke van die N.T. is partyskryfde. Behalwe die vyf genoemde het almal ontstaan in die tweede eeu.

Hierdie teorie het skerpe bestryders gehad. Selfs die voorstanders het verskillende wysiginge daarin aangebring. Daar was n algemene terugkeer tot die storie. Harnack verdedig die vroeë ontstaan van Hand. Luk. en gevolglik ook van Mark. van wie Luk. afhanklik is. Daar is grote erkentelikeid teenoor die oorlewering al het dit nie gelei tot die erkenning van die Skrif as Gods Woord nie.

Een gedagte van die Tübinger-skool heers nog nl. die prinsipiële verskil tussen die twaalf en Paulus, waardeur die ondersoekinge grotendeels nog bepaal word.

Die kritiek van Baur word konsekwent deurgevoer deur die Hollandse radikale skool. Hulle verwerp ook die hoofbriewe van Paulus. Die toestand in Hand. geteken is die juiste. Die verskille het eers ontstaan na P. se dood. Toe ontstaan daar geskryfde op naam van die Apostels.

Die regte gedagte deur hierdie skool na vore gebring is, dat die Evangeliste nie net eenvoudige verhalers was nie, maar skrywers, wat sistematies n doel najaag, by wie elke woord met sorg gekies en bereken was om bepaalde denkbeelde te verdedig.

#### 4. Die Twee-bronne-hipotese

##### a) Die teorie

Volgens hierdie teorie is die evv. van Matt. en Luk. hoofsaaklik saamgestel uit twee geskrewe dokumente, wat albei gebruik en verwerk het, nl.:

- 1) Die ev. van Mark. hetsy in dieselfde of ander vorm as wat ons dit besit, hetsy dan in beknopte of uitgebreide vorm, en
- 2) n geskrif wat hoofsaaklik woorde van Jesus bevat, nl. die Logia-bron. Uit die eerste het hulle vernaamlik die verhaal, uit die laaste die redestof.

Voorlopers van hierdie teorie is Schleiermacher met sy verklaring van die  $\lambda\omicron\gamma\iota\alpha$ , en sy bewering dat  $\omicron\upsilon\ \tau\alpha\ \xi\epsilon\iota$  nie op ons Markus sien nie, en C. Lachman, wat daarop wys dat Matt. en Luk. net in so ver saamstem as wat hulle ooreenstem met Mark. Die vader van hierdie teorie is Chr. H. Weisse, "Die Ev. Geschichte kritisch und philosophisch bearbeitet", 1838, en "Die Evangelien frage in ihren gegen wärtigen stadium" (1856). Markus is die werk, waarvan Papias skryf, maar die logia nie Matt. nie. Dit is n Aramese logiaversameling van Matt. Op hierdie twee bronne rus Lukas. Matt. is n latere bewerking van die Oer-Matt. met Mark. H.J. Holzmann en B. Weiss het hierdie teorie tot die aansien gebring wat dit vandag besit. Holzmann sluit aan by die Oer-Mark. waarvan ons Mark. ook n bewerking is. Die logia-bron kry ons die beste by Luk. B. Weiss: Die Oer-evangelie was n geskrif van die Apostel Mattheüs in Aramees, meestal redevoeringe, ook verhaalstof met historiese omlysting. Mark. het dit gebruik met sy herinneringe van die prediking van Petrus. Matt. gebruik die oer-ev. en Mark. Luk. doen dit op sy wyse ewe-eens. Ander voorstanders: C. Weizsäcker, E. Reuss, A. Jülicher, J. Wellhausen. Jülicher: Die gelykhede van die sinoptiese kom nie daaruit voort, dat die verhale regstreeks of indirek van oorgetuies afkomstig is nie. Daarvoor is daar te veel verskil. Hulle hang van gemeenskaplike dokumente af, wat ten dele fragmetaries was en ten dele volledige ev. verhale. Wellhausen, wat n hele rekonstruksie op die gebied van die kanoniek van die O.T. uitgedink het, het hom ook beweeg op die gebied van die Nuwe Testament in sy Einleitung in d. drei ersten Evv. 1911: Die ons oorgelewerde evv. verteenwoordig nie die oudste gestalte van hierdie soort litt. nie. Hulle het almal n litterariese proses deurgemaak. Die eerste en derde is komposisies, maar ook die tweede is oorgewerk en bevat latere bestanddele. Die laaste bron van die ev. verhale is die mondelinge oorlewering, maar die verbinding tot n geheel is die werk van die skrywer. Die volgorde is nie oorspronklik nie, maar die werk van die skrywer. Hierin is die een van die ander afhanklik. Matt. en Luk. van Mark. en van Q.

Verder P. Wernle. Die Synoptische Frage 1909: J.C Hawkins, Horae Synopticae, 1909: W. Sanday e.a. Studiën in the Synoptic Problem, 1911.

Bestryders: Th. Zahn; W. Hadorn, G. Wohlenberg, G. Heinrici, P. Fiebig, 'Die Mundliche Ueberlieferung als Quelle der Synopitiker', e.a. Heinrici: Die Sin. evv. skep hulle oorleweringsmateriaal nie uit twee bronne nie, maar hulle stel te boek wat berig is deur ooggetuies, en deur wandelpredikers verkondig is, en besit was van die gemeente.

b) **BESWARE**  
\*\*\*\*\*

Algemeen  
\*\*\*\*\*

- 1) Die hipotese stem nie ooreen met die oorlewing nie.
- 2) Q is louter hipotese, vandaar die verskillende konstruksies wat daaraan gegee word.
- 3) Die feit dat Q vermenigvuldig moet ons in Q1, Q2, Q3 en Mark. tot 'n proto-Mark. Daar is dus ook slegs 'n heel algemene ooreenstemming oor die twee bronne. By nadere uitwerking kom elke skrywer met 'n eie voorstelling. B.H. Steeter se: It has already been recognized by critics that the two Document Hypothesis in its simplest forms has been broken down. Q Mt. en Q Luk. is maar bedoel om die moeilikheid te verberg. Dit word aangeneem dat 'n hipotese wat die bronne herlei tot 'n minimum meer wetenskaplik is, en ook dat 'n gesegde nie op meer as een onafhanklike getuie kan berus nie. Hy wil dan spreek van 'n 4 bronne hipotese.
- 4) Die skrywers van ons evangelies word nie gesien as persoonlikhede nie, maar as blote kompileerders, wat willekeurig verbind wat in ander geskifte gevind word. Wat van die grootse konsepisie en deurgevoerde ordening?
- 5) Die hipotese is nie noodsaaklik nie. Die verskynsels kan ook anders verklaar word.

Kloostiman, 'n voorstander van die hipotese noem as hoofbewyse die volgende:

- 1) Die hele stof van Mark. verskyn in Luk. en Mat., maar hy gee toe dat dit ook kan verklaar word as uittreksel.
- 2) Volgorde by Mark. keer terug by Luk. en Mat. Dit kan ook andersom verklaar word.
- 3) Die styl. Mark. is mees Aramees getint en lewendig in sy tekening. Dit gee die indruk dat Mark. meer oorspronklik is.
- 4) Die ander gee 'n meer ontwikkelde teologie: Mark.1:32 v.v. vgl. Mat. 8:6; Luk. 4:10; Mark. 3:21 ontbreek by Mat. Luk.; Mark. 6:5 - Mat. 13:58; Mark.10:8 - Luk.18:8. Mat.19:17; Mark. 13:32 (Mat.24:36)

ontbreek by Luk. Dit hang hier van die regte eksegeese af.

- 5) Mat. kon nie die oudste wees en Aramees geskryf wees nie:
- a) Hoe kan 'n apostel gebruik maak van 'n apostelleerling? (Vgl.....)
  - b) Mat. kan nie 'n vertaling wees nie (Vgl.....)
  - c) Sy legendariese karakter in sy eie stof! Hier sit ook eintlike beswaar.
- 6) 'n Belangrike faktor agter hierdie hipotese is ongeloof – is wonders. Dit geld as aksioma dat die woorde van Jesus beter oorgelewer is as sy daade. Op grond van hulle wonderdadige karakter bied die laaste baie aanknopingspunte vir die kritiek terwyl die eerste daarvan bevry is (W.Haupt).

**Besonderhede**.....

\*\*\*\*\*

- 1) Dat Mat. en Luk. hulle stof grotendeels uit Mark. geneem het. Hoe dan die volgende te verklaar?:
- a) Waarom albei die vier bepaalde stukke uitgelaat het. Waarom die Kananese vrou juis by Lukas ontbreek. A. Frovig wys ook op die weglating

van die volgende: Mark. 4:36, Mark. 14:68; Mark. 2:14 (Seun van Alfeus), Mark. 10:46 (Bartimeus, seun van Timeus); Mark. 12:32-34. Word gewys na verkorting, dan kan weer gewys word na Matt. 15:21. Dit bewys selfstandige kennis by Matt. en onafhanklikheid van Mark.

- b) Ooreenstemming in kleinighede teenoor Mark.: Matt. 13:11, Luk. 8:10 - Mark. 4:11; Matt. 9:20, Luk. 8:44 - Mark. 5:27; Matt. 9:7, Luk. 5:25 - Mark. 2:12. Hier word die toevlug geneem tot die oer Mark. wat dan volgens sommige kleiner, volgens ander groter moet wees as Mark.
- c) Plekke waar Matt. en Luk. saamgaan teen Mark.: Matt. 10:10, Luk. 9:3 - Mark. 6:8.

2. Wat betref hulle gemeenskaplike gebruik van Q: Vanwaar die verskil in redestukke en ook in verhaal stof?

a) Redestukke: Bergrede Matt. 5:1-12, Luk. 6:20-23: die Onse Vader Matt. 6:9-15 en Luk. 11:2-4. Ook die verskillende samehang waarin dit voorkom.

b) Verhaalstof: Volgorde by versoekings, Matt. 4 en Luk. 4: Verder Matt. 8:5 v.v. - Luk. 7:1 v.v.; Matt. 22:1 v.v. - Luk. 14:16 v.v. Verklaring: Daar was ontwikkeling in Q - meerdere resensies. Dit het ontstaan in 40 - 45. In die 30 jaar tot die ontstaan van die evv. het dit baie veranderinge ondergaan. Hierdie oervorme en tussenvorme is egter gevolgtrekkings uit 'n hipotetiese bestaan. Sodra 'n tweede hipotese nodig is om 'n eerste te steun is dit 'n teken dat die muur wil val. P. Feine haal die vaste vorme van die tradisie om by die bronnehipotese te steun, wat die vraag dan laat ontstaan of die bronne dan nog nodig is. Hierdeur word die teorie so gekunsteld dat dit dreig om op te los. Dit begin met die gelykheid van Matt. en Luk. daarmee te verklaar dat hulle dieselfde bronne gebruik het, en eindig met Feine daarmee dat hierdie bronne in gewysigde vorm gebruik is, of dat hulle vry weergegee is met die herinnering aan die vaste mondelinge oorlewering. Dan bly daar 'n enkele skrede tot die gevolgtrekking dat Matt. en Luk. geen gemeenskaplike bronne gehad het nie, en is dit die vraag of die verklaring nie gesoek moet word in gefixeerde tradisie nie (A. Frövig).

3. Wat betref die verhouding Matt.-Mark.

Matt. het Mark. gevolg omdat hy dieselfde gang van sake weergee. 'n Ooggetuie sal dieselfde volgorde hê as dit met die werklikheid ooreenkom.

Markus het dit nie geskep nie. Dit was so gefixeer voor Matt. en Mark. geskryf het (Frövig). Vir die gebruik van Mark. deur Matt. sien ..... Ook Matt. 13 en Mark. 4 (gelykenisrede): Die onderbreking Mark. 4:10-25 is by Mark. onverstaanbaar, terwyl volgens Matt. 13:10 die dissipels kom vra waarom Hy op die wyse tot die volk spreek. So word by Matt. sowel die onderbreking as die voortsetting van die rede duidelik, terwyl dit by Mark. nie die geval is nie.

## 5. Riglyne

### 1. Die betroubaarheid van die evv.

Die geskifte wil getroue oorlewering wees van wat gebeur het, al wil hulle nie alles meedeel wat deur Jesus gedoen of gesê is nie. Veral by die geboortegeskiedenis, opstanding, wonderwerke staan ons voor die vraag van gelowige aanneming of verwerping. Beskou ons dit onmoontlik dan kan dit nie van n ooggetuie stam nie. By baie gaan dit by die Sin. vraagstuk om by die historiese werklikheid te kom. Die uitgangspunt is dan die onbetroubaarheid van die Eev.

### 2. Die taalkundige toestande in Palestina.

Was dit so dat in Palestina net Aramees gespreek of verstaan is, en die Apostels dit eers later en op gebrekkige wyse leer spreek het? Dan spreek dit vanself dat die ooreenstemming van die evv. tot op die Griekse woord insluit onderlinge afhanklikheid van mekaar of van n gemeenskaplike skriftelike bron. Of: was dit so dat Grieks in Palestina algemeen bekend was, en die Apostels van die aanvang af ook in Grieks gepraat het en dit ook moes doen vanweë baie hellenistiese Jode uit die buiteland. Dan kan dit wees dat die Grieks van ons evv. en die Griekse weergawe van Jesus in Aramese gesproke woorde kan teruggaan tot op die apostels self.

### 3. Die gemeentelike toestande van die eerste tyd.

Volgens Hand. was Petrus seker n 10-tal jare die leier van die gemeente. Ook kan nie op eenkeer alles verkondig word nie. Daar moes verdeling en samevoeging van stowwe wees. Die groepering kan geskied na tydsorde, plek of soort. Die prediking moes gedurig herhaal word. Dit alles kon n sekere vastheid van stof en groepering bewerk met die veelheid van wat Jesus gedoen en gesê het in die tyd van sy optrede. Ook daar dus reeds n gedurige herhaling. Dit kan dien as verklaring van gelykheid en

ongelykheid in stof, volgorde en woord. En, aangesien Petrus jarelang die leiding gehad het, kan dit bygedra het tot die beperkte keuse van stof. Word sulke toestande buite rekening gelaat, dan moet vir hierdie dinge n geheel ander verklaring gevra word.

4. Hoe ons staan teenoor die oorlewering, nl.
  - 1) dat Matt., Mark., Luk., John. outeurs is van die evv.
  - 2) dat hulle geskryf het in hierdie volgorde.
  - 3) dat Matt. in Hebreeus geskryf het.
  - 4) dat Mark. die prediking van Petrus gee.
  - 5) dat die eerste drie geskryf is ± 60 - 70.

Hierteen word aangevoer: Alles rus feitlik op Papias (sien egter .P.P.G.....), en miskien op n misverstand. Feit is ons besit die boek van Papias nie meer nie. Daarom is bewys oor en weer moeilik. Maar verwerp ons die oorlewering dan is ons uitsluitend aangewese op vergelyking van die sin. evv. wat betref hulle volgorde van ontstaan. Hier sal subjektiwiteit n groot rol speel, soos blyk uit die teorieë van die eerste 150 jaar, en die wat nog altyd gegee word.

---

## V. DIE EVANGELIE VAN JOHANNES

### 1. Inhoud en indeling.

- a) Indeling volgens kringe: (1) I - XII waarin Jesus optree onder die volk in verskillende streke. (2) XIII -XXL, waarin Jesus Hom veral besig hou met die dissipels tot na die Opstanding.
- b) Indeling volgens die plekke: (1) Optrede in verskillende plekke

Judea, Samaria, Galilea (Perea) I - VII: 10); (2) Optrede in Judea. (VII:11 - XII); (3) Optrede in Jerusalem (XIII - XXI).

c) Saaklike indeling (met besonderhede).

Dit word deur Johannes self aan die hand gedoen deur duidelik sy doel aan te gee: Jesus as die Christus en die Seun van God, sodat in Hom geglo sal word en deur die geloof die lewe te besit (20:31). Met die oog hierop het hy sy stof georden en ook n keuse gedoen uit die rykdom van die stof (20:30 en 21:25. vg. 2:23; 4:45; 6:2, 70; 10:32; 12:37. Hiermee sê Johannes nie dat die ander stof van minder belang is nie. Ook nie dat sy doel is om die ander evv. te vervang nie. (Verdringingshipotese). So bv. H. Windisch.

Na die Proloog (1:1-18), waarin Jesus aangewys word in sy grootheid na Sy Persoon en werk voor Sy vleeswording as die Logos, hoe Johannes van Hom getuig, die mensheid Hom nie geken, sy eie Hom nie aangeneem het nie, en wie Hom aangeneem het kinders van God is en as vleesgeworde Woord, wat aan die syne die Vader geopenbaar en hulle met sy genade vervul het - volg die Hoofdeel in drie dele:

I. Die Selfopenbaring met verskillende resultaat:

(I - VI): Die getuienis van Johannes die Doper aangaande Jesus as die Seun van God, en die Lam, voor die Jode, aan die dissipels en dan aan twee van hulle (1:19 - 36); die eerste dissipels en Sy selfopenbaring aan hulle wat sy hoogtepunt het in hulle belydenis van Jesus as die Messias, deur Moses en die profete verkondig en as die Seun van God, soos Johannes die Doper Hom verkondig het (1:35 - 52); selfopenbaring op die bruilof in Kana in Galilea aan sy dissipels en andere deur n magsdaad (2:1-11) en aan die Jode as Messias en Seun van God in die reiniging van die Tempel, en deur hulle weerspreek, kondig Hy sy dood en opstanding aan (2:12-25); aan Nicodemus, in n nagtelike gesprek waarin dit gaan oor Hom as Messias en Seun van God, en redding deur die geloof alleen (3:1-21); laaste getuienis van Johannes die Doper (3:22-26); aan die Samaritaanse vrou en Samaritane wat Hom bely as Messias op grond van Sy Alwetendheid (4:1-42); deur die genesing van die seun van die koninklike Amptenaar in Kapernaum (4:43 - 54); in Jerusalem (waarskynlik 2e paasfees), deur die genesing van n 38-jarige kranke op die Sabbat, met die verset van die Jode, ook omdat Hy God Sy

Vader noem, waarop Jesus spreek oor sy enige verhouding tot die Vader en die wettigheid van sy sending met verwysing na die viervoudige getuienis van God (5:1-47); As Brood van die Lewe na die wonderbare spysiging, en die wandel op see, waardeur baie dissipels Hom verlaat, maar Petrus Hom bely as die Heilige van God (6:1-68). Hiermee is die eerste deel ten einde. As gevolg van sy Selfopenbaring is Hy verwerp deur die Jode, owerstes en volk, en deur weinige aangeneem (1ste tot 3de paasfees).

## II. Verskerping van konflik (VII - XII):

Jesus op die Loofhuttefees in Jerusalem; voortsetting van die prediking oor sy vroeëre verwerping as gevolg van die genesing op die Sabbat, dat nie Hy, die Gesondene van die Vader, maar hulle oortreders is van die wet; baie glo in Hom terwyl die vyandskap van die Fariseërs verskerp, hulle wil Hom vang; onder die skare is daar verdeeldheid, selfs in die Sanhedrin, waar Nicodemus vir Hom getuig (7:1-53); 'n oorspelige vrou word na Jesus gebring, waarop Jesus die Jode wys op hulle gebondenheid deur Satan en hulle ware vrymaking in Hom; dit word beantwoord met toenemende vyandskap, hulle wil hom nou stenig (8:1-59); Genesing van die blindgeborene, waarin Jesus Hom openbaar as die lig van die wêreld, en bestraf die Jode om hulle blindheid. (8:1-41); Selfopenbaring as die goeie Herder teenoor die valse leidsliede; hernude poging om Hom te stenig. Jesus gaan na Perea (10:1-42). Selfopenbaring as die Opstanding en die Lewe, wat die Joodse Raad en Kajafas laat besluit om Hom dood te maak; Jesus vertrek na Efraim. (11:1-57) Salwing in Bethanië; intog in Jerusalem; deur Grieke gesoek; Sy dood en opstanding getoon in die Tarwegraan; Sy laaste woord aan die Jode (12:1-50).

## III. Die Beslissing in Jerusalem (XIII - XXI):

Selfopenbaring aan sy dissipels in die voetwassing, aankondiging van die verraad en die verloëning (13:1-38); afskeidsgesprekke en hoëpriesterlike gebed (14 - 17); gevangeneming; kruisiging; opstanding en verskynings aan Maria Magdalena, die dissipels sonder en met Thomas en by die see van Tiberias (18 - 21).

### 2. Johannes en die Sinoptici.

A. Die inhoud. Hier is gelykheid en ongelykheid tussen Johannes en

die Sinoptici. Veral by die redevoeringe is daar groot verskil.

1. Ooreenkoms: (1) Tempelreiniging, wat Johannes egter aan die begrip, die Sin. aan die einde stel. Ons neem twee Tempelreinigings aan. Die omstandighede en ook die woorde verskil. Die eerste Tempelreiniging was dus sonder sukses. Die optrede van Jesus begin en eindig in die Tempel; (2) Spysiging van 5,000, en wandel op see; (3) salwing te Bethanië; (4) Intog te Jerusalem; (5) Verloëning deur Petrus; (6) Gedeeltes van die lydensgeskiedenis.

2. Verskil:

a) Eie stof by Johannes: (1) Meeste wonders: Bruilof in Kana (2:1-11); Genesing van Kranke te Bethesda (5:1-9); Genesing van blindgeborene (9); opwekking van Lasarus (11); voetwas-sing (13:1-11); opstandingsgeskiedenis (20-21).  
(2) Redevoerings: Gesprek met Nicodemus (Joh. 3); met Samari-taanse vrou (4); Brood van die Lewe (6); Lewende water (7); Afkoms van Abraham (8); Lig van die wêreld (9); Goeie Herder (11); Afskeidsgesprekke (14 - 17).

b) Wat ontbreek by Johannes: (1) Geboortegesk.; (2) Doop en versoeking; (3) Bergrede; (4) Optr. Joh. die Doper; (5) Gelykenisse; (6) Uitsendingsrede; (7) Genesing van melaatses en besetenes; (8) Reis na Tirus en Sidon; (9) na Cesarea Filippi (10) Verheerliking op die Berg; (11) Profetiese Rede; (12) Strafrede oor Far.; (13) Instelling van die Nagmaal.

B. Duur van optrede

Joh. spreek van drie paasfeeste (2:13; 6:4; 11:55 vgl. 12:1, 13:1) en onderstel n vierde (5:1). Volgens Joh. duur die optrede dus 3 jaar. Verder nog n Loofhuttefees (7:1), Tempelwyding (10:22). Die Sin. spreek van 1 Paasfees, wat die skyn gee dat die optrede slegs 1 jaar geduur het. Vgl. egter Mark. 2:23 (arepluk); 6:39 (groen gras) = Joh. 6:44; verder Matt. 23:27 ("hoe dikwels"): Jesus was dus meer keer in Jerusalem.

C. Plek van optrede

Volgens die Sin. tree Jesus op in Galilea. Reise na Tirus en

Sidon, Cesarea Filippi. Slegs één reis na Jerusalem deur Perea (laaste reis). Alleen Lukas spreek meer keer van n reis na Jerusalem (9:51); 13:22; 17:11. Die vraag is of hier één reis, of verskillende reise bedoel word. Miskien kan dit saamval met wat Johannes skryf 7:10; 10:22, 40 v., 11:54. Moontlik was Jesus na die Loofhuttefees in Okt. weer na Galilea en is Hy in Des. weer terug in Jerusalem (10:23). J.A. Findlay (Abington Bible Commentary), sê: Alles wat plaasvind tussen Luk. 9:51 - 18:15 kan nie op een reis wees nie. Dit is egter eers Joh. wat ons laat weet dat Jesus behalwe in Galilea ook in Judea en Jerusalem opgetree het; en dat Jesus telkens heen en terug gereis het tussen Galilea en Jerusalem.

#### D. Die persone om Jesus.

By die Sin. is dit baie verskillende groepe: Menigtes wat Hom volg (Matt. 5:1 v.v., 13:1 v.v.), siekes word na Hom gebring (Mark. 1:32 v., 5:25 v.v., 10:46), tollenaars en sondaars (Matt. 9:9, Luk. 15:1 v.v.), Far. en Sadd. (Matt. 9:11 v.v., 21:1 v.v. ens.) By Joh. hoor ons n enkele keer van Far. (4:1,7), egter nooit van Sadd., tollenaars en sondaars nie. Hy spreek gedurig van Jode (5:10, 15; 2:13, 18; 5:1; 7:2). In Joh. 7:13 word selfs gesê dat niemand openlik van Jesus gespreek het nie vanweë die vrees van die Jode, terwyl die skares tog ook Jode was. By Joh. het "Jode" blykbaar n beperkte betekenis, nl., Jode wat Jesus verwerp het.

#### E. Karakter van wonders:

Die lamme is 38 jaar krank (5:2 v.v.), die blinde blindgebore (9:1 v.v.), Lasarus 4 dae in die graf (11:39), water word in wyn verander (2:9). Die wonders skyn groter te wees as by die Sin. Daarby meld hy geen genesing van besetenes of melaatses nie. Van ongelowige kant word veral die eerste maklik verklaar. By Johannes kom die wonders voor as tekens (2:15, 4:34, 20:30). By die Sin. weier Jesus om n teken te doen (Matt. 16:4). Hierdie laaste geld die motief. Geen Selflegitimasie vir ongelowiges nie, maar Selfopenbaring en redding.

#### F. Jesus se prediking.

##### a) Die onderwerpe.

By die Sin. gaan die oor die Koninkryk, en wat gedoen moet word om in te gaan (Matt. 4:23; 7:13-14; 10:7; 12:28), by Joh. gaan dit om Sy Persoon (1ste persoon) en Sy Goddelike natuur. By Joh. vra Jesus

geloof in Sy sending (Joh. 3:16 v.v.; 5:31 v.v.; 6:35 v.v.), by die Sin. gaan dit om vertrouwe in Sy mag, waarvan Sy wonderwerking afhanklik sou wees (Mark. 6:5. Dit gaan hier egter om die ongeloof wat nie die siekes laat bring nie). By die Sin. word die Messiasskap eers laat geopenbaar (Mark. 1:25; 8:27-30), by Joh. word Hy dadelik as sulks erken (1:41, 49) en verklaar Hy Hom ook as sulks (4:25-26). Seer tereg merk Greydanus op (ook teen H.N. Ridderbos, "Zelfopenbaring en Zelfverberging"): Die geheimhouding was nie uit 'n algemene, die ganse tyd van die vernedering geldende motief nie, maar slegs uit geleentheidsmotiewe, wanneer dit bv. verkeerd opgevat kan word (6:13), of terwille van die gevaar wat gedreig het; bo-wendien wil Jesus ook geen hulp van duiwels hê nie (Mark. 1:35).

b) Vorm.

By die Sin is die woorde van Jesus kort gesegdes, so bv. in die Bergrede. By Joh. lang uitgerekte redevoerings oor bepaalde gedagtes, wat by verskillende geleenthede herhaal word. Verder ook gewys op gelykenisse, net twee. Wynstok en Goeie Herder, en hulle dra 'n ander karakter.

Vir sover hierin waarheid lê, moet egter bedink word dat Jesus by die Sin meestal tot die skares spreek om te onderrig, by Joh. tot die leiers wat Hom verwerp. J. Drummond: "An inquiry into the character and authorship of the Fourth Gospel 1903, sê dat die bewerings oor die lengte en dialektiese karakter van Johannes se redevoerings oordrewe is. Dit is nie waar dat die Christus van Joh. spreek soos 'n sofis, en nie ook kort gesegdes gebruik nie.

Daar word verder beweer, dat die Here by Johannes nie slegs op ander manier spreek nie, maar dat Hy by Johannes altyd eners spreek, en dat die Evangelis self, en ook Johannes die Doper op dieselfde wyse spreek. J. Hausleiter sê hieromtrent: Vanweë die verwantskap van taalkundige uitdrukkingswyse tussen die redevoerings en die eerste brief van Johannes is gemeen, Joh. laat eiemagtig sy Jesus spreek soos hyself. Die omgekeerde is waar: Die spreekwyse van Jesus, soos Hy gewoon was in die intieme dissipelkring, het die lieflingsdissipels so in die vlees en bloed ingedring en tot tweede natuur geword dat hy sy eie gedagtes daarna gevorm het. (Johanneïsche Studien 1928)

G. Die beeld van Jesus

Johannes teken 'n "ander beeld" van Jesus. Die Sin. spreek van Sy

doop, versoeking, worsteling in Getsemane, Sy klag aan die kruis. By Mark. ontken Jesus Sy volmaaktheid (10:17 v). By Joh. spreek Jesus Sy sondeloosheid uit (Joh. 8:43), tree Hy op as Alwetende (1:47 v.v), laat Hy in Getsemane Sy vyande op die aarde val.

Feit is, dat by die Sin. Jesus Homself óók predik (Matt. 11:27 v.v.), en laat Hy Sy grootheid uitkom. Hy is meer as die Tempel en Jona Matt. 12:6, 41) as Salomo (12:42), as Joh. die Doper (11:10-11), in die belydenis wat Hy eis (10:32) en ontvang (16:13 v.v.), in Sy mag om sondes te vergewe (Luk. 5:24), Sy absolute eis (14:26 v.), Sy beslissing oor die lot van mense volgens hulle houding teenoor Hom (13:25-28 = Joh. 3:16). Ook by die Sin. kom die Messiasskap en Godheid na vore, en word dit bely. Daarenteen word ook in Joh. die menslike beklemtoon: Hy is moeg (4:6), het dors (4:7, 19:18), honger (4:31), is ontroerd (13:21), ween (11:35).

H. Ook word daar gewys op verskil in sterfdag. Hieroor is daar groot verskil van mening. Sien Greyd. Komm. op Lucas II, 1023 v.v.

Bostaande verskille word van kritiese kant ingebring teen die betroubaarheid van Johannes. Die verskille laat hulle egter goed verklaar as ons rekening hou met die volgende: 1) dat Joh. die Sin. onderstel. Hy verhaal wat hulle nie verhaal nie, en omgekeerd. 2) Dat Jesus by Joh. met ander mense te doen het, en in ander omgewing is nl. Judea en Jerusalem. Hier tree Hy op teen die geestelike leidsliede. Hier sal die stryd hom saantrek op die Messiasskap.

Hierby moet ook die ooreenkoms nie uit die oog verloor word nie (A,1). In die Eusebiaanse Canones word 158 passages aangegee, waarin Johannes ooreenstem met die Sin.

#### Opm. (1)

Dat Johannes nie alleen kennis van die Ev. gesk. by sy lesers onderstel nie, maar ook bepaald rekening hou met die verhale van die Sin. blyk uit die volgende: Die wyse waarop hy Johannes die Doper ivoer (1:26, 31, 33) onderstel Matt. 3:16 par.. Tussen 1:26 en 29 lê Matt. 4:1-11 (Versoeking). Joh. 1:19 v.v. word eers duidelik in Matt. 3:12 par., vgl. Joh. 3:24 vgl. Matt. 4:12. Joh. 5:35 onderstel die dood van die Doper.

Opm. (2)

Dat Johannes die Far. nie veel noem nie kan ook daarmee saamhang dat hy skryf aan heidense lesers. Joh. 1:24 vgl. 19 bewys geen onkunde by Johannes nie. Ons moet maar behoorlik eksegetiseer. So ook wat Johannes van Kajafas sê, 11:49, 18:3. Dat Johannes hiermee sou meen dat die hoëpriester elke jaar wissel is swak eksegeese.

3. Die skrywer.

A. Wat die Evangelie leer.

Die Evangelie noem die skrywer nêrens by name nie. Tog ontbreek dit nie aan gegewens, wat hom nader leer ken nie, en wel so, dat ons die skrywer leer ken as Jood, as Palestynse Jood; as oggetuie, as apostel, as die apostel Johannes (B.F. Westcott). Saamgeneem stem wat uit die ev. opgemaak word soseer ooreen met die tradisie, dat weiering om dit te aanvaar toegeskryf moet word aan dogmatisme, nl. weiering om wat in die ev. staan aan te neem as afkomstig van 'n ooggetuie.

1) As Jood. (1) Die taal: die praktiese styl, en verder, die wyse waarop by 'n tema stilgestaan word en met gedurige herhaling een of ander groot waarheid voor oë gehou word en dit as geheel maar telkens van 'n ander kant te laat sien. Dit is geheel verskillend van die hellenistiese redenering, en ooreenkomstig die bespiegelende semitiese gees. Dit is so sterk, dat selfs gedink word aan 'n Aramese oorspronklike, vgl. C.F. Burney "The Aramaic Origin of the Fourth Gospel" 1922. Die tradisie weet egter van so 'n Aram. oorspronklike niks af nie. Die Joodse afkoms van die skrywer is genoegsame verklaring. Hiervoor pleit ook die suiwerheid van die Grieks verbonde met die Hebreeuse struktuur.

(2) Die standpunt t.o.v. die O.T. Gebruik 3:14; 6:32. Waardering daarvan 10:35 vgl. 6:32, 45; 5:46; 13:18, en van die wet 1:17; 8:17 vgl. 10:34; 15:25. B.F. Westcott sê hiervan: Die wet word deur die skrywer behandel in die verhaal van Jesus se onderrig, en meer bepaald in sy eie toeligtige, soos net 'n Jood dit kan doen.

Van besondere betekenis sy aanhalings uit die O.T. vry van die LXX 12:40 vgl. Matt. 13:15; veral 19:37 (LXX ἔτι βλεψόντων πρὸς τὴν εὐθ' ὡν κατέρχοντο  
Omdat hulle gedans het).

Besware in hierdie verband:

1. Sy tekening van die volkegroepe, en sy objektiewe manier van spreek aangaande die Jode. Vgl. egter 2 D.
2. Kajafas, wat daardie jaar hoëpriester was 11:49, 51; 18:13. vgl. egter .b.o.o.p.m.: 2

2) Palestynse Jood.

Dit blyk uit sy kennis van die Heilige Land, nie alleen die algemene verdeling en ligging van Judea, Samaria, Galilea (4:3,4, 3:26) en van die mees bekende plekke soos Kapernaüm, en Betsaida geleë aan die see (6:1, 7, 23) waarvandaan Andreas Petrus en Filippus afkomstig is (1:44), maar ook van allerlei topografiese besonderhede, bv. om Jerusalem: Bethesda of Betsaida by die skaapspoort met sy 5 pilaargange (5:12), die badwater Siloam (9:7), beek Kidron (18:1) Golgotha naby die stad (19:17, 20), met n tuin daarby (19:40), die praetorium (18:28) met geplaveide plek daarin (19:30), die skatkis in die tempel (10:20), die Bron van Sychar, wat baie diep was en naby die berg (4:6, 11, 20), die afgaan na Kapernaum (2:11). Verder: die Aramese name, in die onopsetlike noem daarvan, sonder nadere beskrywing. Oor die geheel kan die verwysings die beste verklaar word by die veronderstelling dat gebruik gemaak is van die "verhale van ooggetuies" (V.H. Stanton). Om die betekenis hiervan reg te besef moet ons bedink dat Jerusalem n paar tientalle jare al verwoes is.

In die ev. kom egter n hele aantal onsekere verwysings voor: Bethanië oor die Jordaan (1:28) onderskeie van n Bethanië naby Jerusalem (11:18) wat Origenes gekorrigeer het in Bethabara; ~~Bron~~<sup>Ainon</sup> naby Salim, en dat daar baie waters was (3:23), en wes van die Jordaan (3:36 vgl. 10:40). Hierdie plek gee moeilikheid omdat die plekke wat aangewys word n paar uur uitmekaar lê. Daar word egter ook n plek aangewys in die Jordaandal met verskillende fonteine; Kana in Galilea (2:1; 4:36), wat reeds wys op n onderskeiding van n ander Kana. Dit word gewoonlik vereenselwig met Kefr Kenna 20 myl van Kapernaum. Dit bring n moeilikheid met  $\epsilon\chi\theta\epsilon\varsigma$ , 4:52, vgl. egter Bernard I.C.C. t: p. 169. Dit word aangegryp om die onkunde van Johannes te bewys aangaande Palestynse toestande. Veral Dalman "Wege und Orte Jesu". Joh. was nie op hoogte met die afstande nie. So word ook verwys na  $\Theta\alpha\lambda\alpha\sigma\sigma\alpha\varsigma \tau\eta\varsigma \tau\omega\lambda\alpha\lambda\omega\varsigma \tau\eta\varsigma \tau\upsilon\beta\epsilon\rho\upsilon\alpha\delta\alpha\varsigma$  6:1 vg.

n naam wat in die eerste eeu nie wou voorkom nie, soos ook <sup>BEH 620-80</sup>  
ens Tannu (12:21). (Die onkunde moet dus nie by Joh., maar  
by Dalman gesoek word, wat dit aan Joh. toeskryf (Lemme)). Vroeër is die  
mededeling aangaande Sychar en sy ligging beskou as n blyk van onkunde by  
Joh. Tans is dit n bewys van die joukeurigheid van sy kennis en van die  
oppervlakkigheid van die kritiek. Die Ev. van Joh. is inderdaad n bron  
van inligting aangaande die Heilige land.

### 3) Ooggetuie.

Van groot belang, omdat afgesien van die dogmatiese, juis sy "onkunde"  
met die geskiedenis en die Aardrykskunde een van die hoofbesware is.

Dat die skrywer ooggetuie is blyk reeds uit die voorgaande. Dit blyk  
ook uit die kennis van allerlei besonderhede:

- 1) Die naam van persone, wat in die ander evv, nie genoem word nie,  
en die mededeling van besonderhede, wat om geen ander rede hoef  
meegedeel te word nie, bv. Philippus (1:39 - 45; 6:5-7; 12:20 -  
22; 14:8), Andreas (1:40 - 41; 6:8; 12:22); Thomas (11:16;  
14:5; 20:24); Judas, nie die Iskariot nie (14:22), Judas Iska-  
riot (6:21; 13:2, 26; 12:4-6); Malchus (18:10)
- 2) Tye: Vieruur (1:38); nag (3:2; 13:20); vroeg in die môre (18:  
28), aand (6:16); twee dae (4:43; 11:6) vier dae (11:37); die  
presiese dae (1:29 - 35, 43; 2:1; 12:1, 12 ens.)
- 3) Getalle: twee dissipels (1:35), ses waterkanne (2:6); 25 of 30  
stadieë (6:19), vier soldate (19:23), twee honderd el (21:8);  
153 visse (21:11); 38 jaar lank (5:5); honderd pond (19:39).
- 4) Lewendige tekening: 1:35 vg. vs. 29; 11:32 vg. vs. 20; 12:3;  
13:30; 19:23; 21:17b en in verhale 1:35 v.v., 2:1-10; 4:6, 28  
v.v.; 5:5 v.v.; 18:15-17.

### 4) Hy was n Apostel

Dit is duidelik a) in verskillende verhale, veral by roeping van dis-  
sipel 1:35 v.v.; Samaritaanse vrou (4); Opwekking van Lasarus (11);  
b) mededeling van gedagtes van dissipels (2:17, 21, 22; 4:27; 6:19;  
12:16; 13:22, 28; 21:21), van hulle verkeerde opvattinge (2:21-22; 11:13;

12:16; 13:18; 20:9; 21:4) en wat hulle onderling spreek (4:33; 16:17; 20:25; 21:3, 5) en vir die Here sê (4:31; 9:2; 11:8 vg. :12; 16:29)  
c) hulle intieme kennis van Jesus (o.a. 2:4; 4:1; 6:15; 7:1; 11:33 v.v.; 13:21; 16:19).

5) Dit was Johannes.

Dit blyk uit die volgende:

1) Indirekte bewyse:

- a) Die evangelie noem allerlei name met besonderhede: Simon Petrus, Thomas, Judas, Nicodemus, Philippus, Nathanael, Andreas, die ander Judas. Waarom noem hy nooit Johannes, nog sy broer Jacobus en hulle vader Sebedeus (Afgesien van 21:2) en hulle moeder Salome nie, veral waar hierdie twee dissipels saam met P. tot die nouste kring van dissipels behoort?
- b) Hy voer Johannes die Doper eenvoudig in as Johannes, vgl. Matt. 3:1.
- c) Hy noem homself die dissipel wat die Here liefhet 13:23; 19:26; 20:20; 21:7, 20. Tussen hom en Petrus is daar die nouste band. Onderskeie van Petrus 13:23-24; Jacobus was dit nie, want hy is in 44 na Chr. gedood, terwyl hierdie evangelie baie later geskrywe is. Dit moet dus Johannes gewees het.

2) Direkte bewyse:

- a) Joh. 1:14 - Hy behoort tot hulle wat die heerlijkheid van die Here gesien het, vgl. ook 1 Joh. 1:1-3. Hy is dus n ooggetuie.
- b) Joh. 19:35 - n getuïenis wat rus op eie waarneming. Die vraag is op wie sien *ἑκελευσ*. Kan n skrywer hiermee verwys na homself? Dit gebeur 9:37, nl. om die subjek met nadruk aan te wys.
- c) Joh. 21:24 - hy wat hierdie dinge getuig, het dit ook geskrywe, en dit is die dissipel wat die Here liefhet. Uit *Ἰωάννης* kan afgelei word dat hierdie gedeelte (21) later geskryf is - egter nie as toevoegsel nie, omdat daar geen getuïenis bestaan van die Ev. van Joh. sonder hierdie hoofstuk nie. Uit *ἠὲρ ἐπιπέω* dat die skrywer nog leef. Uit *οἰσιν*, dat dit miskien

iemand anders is, wat hierdie woorde toevoeg. Hierdie vers gee in ieder geval die stellige versekering, kort na die skrywer van die Ev. dat dit geskryf is deur die dissipel van wie in vs. 20 nog gesê is "wat Jesus liefhet", d.i. Johannes.

B. Die oorlewering omtrent die Ev. en die skrywer.

Opm. 1:

Die ev. van Johan. gee hom uit as 'n werk van een van die Apostels, en wel 'n bevoorregte onder hulle. Wie die ev. ontvang, erken daarmee die Apostoliese outoriteit daarvan. As die ev. dus nie was, waarvoor dit hom uitgee nie, dan het hy baie gewaag, want daarmee sou die hele inhoud aan 'n baie dun draad hang. Die christene ken reeds die lewe en leer van Christus. Die predikers het reeds gewaarsku vir vervalsing. Gal. 1:8. Die "Ev. van Petrus" toon dat die Apostoliese naam nie genoeg was om 'n evangelie te dek nie. As die vierde evangelie dus algemeen aangeneem is, was dit nie omdat dit sig as sodanig uitgegee het nie, maar omdat dit erken is as van Apostoliese oorsprong.

Opm. 2:

Die stryd om die Ev. van Joh. gaan om die Christologie van Joh. Dit gaan dus nie om 'n wetenskaplike, maar om 'n religieuse vraag. Dit klee sig in wetenskaplike argumente. Daarom moet dit bespreek word. Samevattend kan vooraf reeds vasgestel word, dat die objektiewe argumente teen Joh. as skrywer nie steek hou nie.

a) Getuïenisse aangaande die Ev. van Joh.

Die vroegste getuïenisse aangaande die Ev. van Joh. is inderdaad skaars. Oor Joh. 21:24 is reeds gehandel. Die eerste spore van die invloed van die Ev. kry ons in die briewe van Ignatius + 110. Dit kan egter nie bewys word dat Ign. daarby rus op die geskrewe evangelie nie, bv. a. d. Philad VII, 1, *το κενον ου πληνεται απο θεου ου, ουδεν γαρ ποθεν ερχεται και του υπαγει, και τα κρυπτα ελεγει*

= Joh. 3:8; ad. Magn. VII, 1 *ωσπερ ουν ο κυριος κενου του πατρος ουδεν εποιησεν, η νωμενος ων, ουτε δε εδουτου, ουκ δεδ των αποστολων*

Dit is gedagtes van Johannes, maar dit bewys nog nie die bestaan van die Evangelie nie. So is daar meer plekke. Verder: Ignatius noem Joh. ook nie.



word nie, en net so min van Ignatius.... soos van baie kante gedoen is. F.G. Kenyon, "The text of the Greek Bible 1937": The earliest known fragment of any MS of the New Testament and important as a proof of the early circulation of the Fourth Gospel of John, not later than A.D. 110 - more probably A.D. 95 - 100. W.F. Albright, "From the Stone Age to Christianity", 1946 (p. 299) spreek van die sensasionele publikasie van hierdie fragment uit die vroeë tweede eeu, en sê dit het die genadeslag toegedien aan alle late datering van die Ev. van Joh.

b) Die Skrywer.

Die eerste uitdruklike vermelding dat Joh. in Efese werksaam was, en die evangelie geskryf het is Irenaeus + 185: "Vervolgens het Johannes, die dissipel van die Here, wat op sy bors geval het, die evangelie uitgegee toe hy in Efese in K.A. gebly het. Adv. Haer III, 1,1. Irenaeus het in sy jeug Polycarpus gesien, wat die Apostel Johannes geken het. Polycrates, biskop van Efese + 190 skryf aan Victor, biskop van Rome oor die verblyf en die sterwe van die Apostel Joh. in Efese, Eus. Hist. Eccl. III 31, 1-3; V, 24, 1-7.

Clemens Alexandrinus sê dat Joh. die laaste, toe hy sien dat in die ander evv. *ἡ ἑξῆς τῆς* van die Here meegedeel is, en gedrewe deur die H.G. n *ἡ ἐν τῇ ἐξῆς τῆς* vervaardig het, d.i. een, waarin die Godheid sterk na vore kom, Eus. Hist. Eccl. VI 14, 7-8.

Origines sê, dat nie een van die ander sy Godheid so duidelik geopenbaar het as Joh. nie. Ook die Muratoriese Fragment vermeld duidelik die Ap. Joh. as skrywer van die Evangelie: "Die vierde Evangelie is van Joh. uit die dissipels. Hy het vir sy mede dissipels en mede episcopi, toe hulle by hom aandrang gesê: *aan elk. ons meedeel. En dieselfde naq is dit* Vas met my nou drie dae lank en wat dan aan elkeen geopenbaar is, laat ons dit <sup>aan</sup> Andreas uit die Apostels (toe lank al dood!) geopenbaar, dat met aller beoordeling Johannes in eie naam sou skrywe. Vgl. Zahn, Grundriss.

Dit word dan bestry: 1. Op grond van die teorie van 'n ander, die presbieter, Johannes; 2. Op grond van die beweerde vroeë dood van Johannes.

1. Die "Presbieter" Johannes.

Dit berus op 'n fragment van Papias by Eusebius H.E. III, 39, 30:

Irenaeus vat dit so op dat Papias net van een Joh. hier spreek, nl. die Apostel Joh. Hy noem Papias n *επιπος* van Joh. en n (medeleerling) van Polycarpus (III, 39, 1). Eusebius bestry Irenaeus, en meen dat Papias twee Johannesse onderskei, die twee is die presbieter Johannes. Hieroor verskil die geleerdes nog. Die oorlewering weet egter van so n presbieter Joh. niks nie. Daarby kom Eus. met Openbaring nie oor die weg nie. Hiervoor beroep hy hom op Dionysius. wat daar ook nie van wil weet dat Joh. Openb. geskryf het nie, en weet (1) op grond van taalkundige verskille en (2) weet hy van n gerug dat daar twee graftes in Efese is waarvan gesê word dat dit "albei van Johannes is" (H.E. VII, 25, 16-17). Hiervan maak Dionysius twee Johannesse. Moderne voorstanders van hierdie presbieterteorie is o.a. Bousset en A. von Harnack. Jülicher-F<sup>S</sup>acher, wat niks wil weet van die Apostel Joh. as skrywer van die ev. sê: Geen verklaring van die getuienis van Papias, enigste waarop dit berus, het daar egter nog in geslaag om n tweede Joh. in K.A. lewe in te blaas nie. Hoe moet ons Papias dan verstaan? Ons moet let op die tye van die werkwoorde. In die tyd toe Papias sy ondervragings gedoen het was die meeste Apostels al dood, maar Aristion en Joh. het nog geleef. I.S. hom het Papias gevra (Imperf.) wat hy indertyd toe die ander Apostels nog geleef het, gesê het (Aor.) en hy het ook gevra wat hy nou op sy hoë leeftyd sê (Praes). *ΠΡΕΒΥΤΕΡΟΣ* in die eerste geval: Apostel vgl. 2 en 3 Joh., die tweede keer: hoë leeftyd. Daar bestaan dan alle rede om Irenaeus gelyk te gee en Eusebius ongelyk. Volgens die oorlewering was daar dus maar één Johannes, die Apostel en *ο̄ ΠΡΕΒΥΤΕΡΟΣ*, die skrywer van al die geskrifte van Joh. in die N. Test.

## 2. Die vroeë dood van Joh.

Dit berus ook op n berig van Papias, "meegedeel" deur Georgius Hamartolus (9e eeu) "want Papias die biskop van Hierapolis, wat homself gesien het, sê in die tweede boek van die woorde van die Here, dat hy deur die Jode gedood is." Blykbaar berus dit op n berig van Philippus

Sedites + 430: "Papias sê in sy tweede boek, dat Johannes die Teoloog en Jacobus sy broer deur die Jode gedood is. Die vraag is waarom Irenaeus en Eusebius, wat albei Papias gelees het, niks daarvan meedeel nie. Verder ook op grond van 'n Siriese Martyrologium wat op 27 Des. aanteken: Johannes en Jacobus die apostels te Jerusalem. Moontlik het Papias gesprek van Johannes die Doper (Zahn). 'n Kalender in Karthago (505) het op 25 Des. Johannes Baptistae en Jacobi, Apostel, wat Herodes gedood het. J. Wellhausen beroep hom ook op Mk. 10:39 - 40, as vaticinium post eventum. Dit is denkbaar dat van 'n Apostel 'n martelaar gemaak sal word, maar is dit denkbaar dat hy van sy martelaarskroon beroof sou word? Ons konkludeer: Die tradisie weet van geen ander outeur as die Apostel Johannes nie.

### 3. Tussen teorieë.

Op grond van taal en styl verskille tussen die Briewe en die ev. enersyds, en Openbaring andersyds (vgl. Dionysius), en die berig van Papias stel J.H. Bernard 'n soort tussen teorie op: Die Apostel Johannes het nie self die ev. geskryf nie, maar iemand anders, vermoedelik ook 'n Johannes, en dan wel die presbieter van Papias, maar met die Apostel as segsman. Die tradisie dat die Apostel Johannes die Ev. geskryf het moet sonder aarseling aangeneem word in die sin "that john was behind it, and that it represents faithfully his picture of Jesus Christ, and reproduces His teachings (pag. LXIX). I.s. die taal hou hy egter nie rekening met die besondere karakter van Openbaring, die sielontroering wat die visioene moes veroorsaak, en dat hy dit nie gee as 'n rustige studiewerk nie. Hy beroep hom verder op Joh. 19:35 en 21:24. Sien egter pag. .... Ook dat ΠΡΕΒΥΤΕΡΟΣ nooit gebruik word vir Apostel nie. Vgl. egter 2 en 3 Joh.

W. Larfeld meen ook dat met <sup>o</sup> ΠΡΕΒΥΤΕΡΟΣ Ἰωαννης 'n ander Joh. bedoel is, maar op grond van innerlike getuienis is niemand anders as die Apostel Johannes die skrywer van die evangelie nie. Al sou daar dus so iemand bestaan het beteken dit nog nie dat daarmee die outeur van die Evangelie van Joh. gevind is nie.

'n Latynse Evangelie hs uit die 9e eeu bevat 'n sitaat van Papias, waarin meegedeel word dat Joh. nog tydens sy lewe sy evangelieverhaal uitgegee het, en dat hy dit gedikteer het. Dan het ons hier 'n getuienis reeds by Papias aangaande die Ev. van Joh. as skrywer daarvan, net soos aangaande die ander evv. In verband hiermee sê Zahn: Waarom moet aan hierdie

berig minder waarde toegeken word as aan die ander berigte?

#### 4. Die doel.

Dit gee Joh. self uitdruklik te kenne in 20:31. Let op die praesens en . Hy skryf dus vir gelowiges. Sy doel is om die gelowiges in hulle geloof te bevestig sodat hulle die lewe kan geniet deur die geloof in die Here. Met die oog op hierdie doel het hy n keuse gemaak uit die wonders en woorde van Jesus. Sy doel was nie volledigheid nie vgl. 20:30, 21:25. Wat hy nie verhaal nie gee hy dus nie aan as nie gebeur of as van minder betekenis nie, veral as ons daarby in ag neem dat hy die Sinoptici uitdruklik veronderstel, pag. .... As hy 4:25-6:4 n tydperk van + 16 maande byna niks verhaal nie, is dit niks vreemds nie, en gee dit allermins rede om V en VI om te ruil. Dit is misvatting van die doel van Joh. As of dit hom sou gaan om volledigheid. Sy doel was om aan te toon dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en uit die onbeskryflik vele het hy die mees geskikte gekies om die doel te bereik. Dat die <sup>t</sup> doel getref het (reg gekies is) blyk uit die onderskeiding ΕΥΑΓΓΕΛΙΟΝ ΠΝΕΥΜΑΤΙΚΟΝ en ΣΑΡΜΑΤΙΚΟΝ Ook hierin het dit doel bereik dat die hoofbeswaar teen hierdie ev. juis gaan om die Godheid van Christus wat daarin so onmiskenbaar na vore kom, om dan op grond daarvan historisiteit en outentisiteit daaraan te ontsê. Dit werk dus geloof of - ongeloof. Dit laat kies.

Hierdie hoofdoel sluit newedoelindes nie uit nie:

a) Aanvulling van die ander evangelies. Hy doen dit doelbewus, 3:24; 11:2; 18:13. Vandaar ook die nadruk op die optrede van Jesus in Judea.

b) Bestryding van dwalings:

1. Nadruk dat Jesus die Christus was (20:31 vgl. ook 1:14) teenoor Cerinthus wat sê dat Jesus bloot mens was, met wie sig by sy doop n Goddelike wese verbind het, en hom voor sy lyde weer verlaat het, dat dus onderskei moes word tussen Jesus en Christus (Seun van God). Jesus is gedoop en nie die Christus (Seun van God) nie.

2. Docetisme, dat Jesus maar n skynmens was. Vandaar andersyds die nadruk op sy waaragtige mensheid 1:14, hy was vermoeid (4:6) het dors (4:7) ween (11:35) bloed en water (19:35)

3. Verkeerde voorstellings aangaande Joh. teenoor sekere Joh. dissipels, wat gedoop is in die naam van Joh. Hand. 19:1 vgl. Joh. 3:25-26. So moet ons die nadruklike afwysing van homself na Christus verstaan 1:19-33; 25-27; 29; 36; 3:27, 36.

## 5. Kritiek.

Dit geld die egtheid (historisiteit en outentisiteit) en die eenheid (integriteit).

### a) Egtheid.

Die eintlike kritiek begin met K.G. Bretschneider, *Prohabilia de Evangeliae et Epistolarum Ioannis Apostoli indole et origine* 1820. Hy bestry dit op uitwendige (Kritiek op die oorlewering), en inwendige gronde: dat n Galilese visser nie so n Grieks kon skryf en sulke idees kon hê nie; dat Christus hier so anders voorgestel, en wel as God; dat Joh. sulke lang gesprekke nie kon onthou nie; sy voorstelling aangaande die optrede van Jesus is so anders as by die Sin.. Hiermee is feitlik al die besware genoem wat telkens weer teen die evangelie ingebring is. F. Schleiermacher (1821), 1845) tree vir die egtheid van die evangelie in, en bring hom selfs tot ander insigte. Twintigjaar later vernuut D.F. Strauss die aanvalle in sy *Leben Jesu* (1835, 1840). Hy kom met die mitiese verklaring: religieuse ideë geklee in verdigte sages en geknoop aan n historiese persoonlikheid. Strauss was n konsekwente kritikus. Hy word gevolg deur die Nuwe Tübinger Skool e.a. soos Bruno Bauer; A. Hilgenfeld, O. Pfleiderer, J.H. Scholten. Volgens die Tübingers is dit n kunsmatige ontvoëing van die grondgedagte van die proloog, die stryd tussen lig en duisternis. Dit gaan om die selfopenbaring van Jesus, wat die mensheid in twee verdeel, waarvan die hoogtepunt is die skynbare ondergang, en juis daardeur die oorwinning van die vleesgeworde Woord. Vandaar die skerp teenstellings. Die geskiedkundige dele is wye verwerking van die Sinoptiese materiaal ten dienste van die ideale konstruksie. Dit onderstel die Gnostisisme van die tweede eeu. Die papyrus fragment was genoeg om aan sodanige konstruksies vir goed n einde te maak. Vir n oorsig oor die kritiek sien J. Moffatt, *Introduction to the literature of the New Testament*, 1918; W. Sanday, *The Criticism of the Fourth Gospel*; W.F. Howard, *The Fourth Gospel in recent criticism and interpretation*, 1931 met literatuur opgawe van 1910 - 1930.

## b) Eenheid.

Dat Joh. nie die outeur is nie staan vir die kritiek vrywel vas. Behalwe bogenoemde besware word ook gewys op die volgende: dat Openb. en die vierde Evangelie nie van dieselfde skrywer kan wees nie; dat die Papias fragment onderskei tussen die Apostel en die presbieter Johannes, en in die later tyd dat Joh. saam met Jac. gedood is. Maar hiermee word dan nie elke band tussen Joh., en die ev. deurgesny nie. Dit gaan egter ten koste van die eenheid (integriteit) van die evangelie. Allesdins is in dieser zeit vor allen die Einheitlichkeit des Buchs geprüft worden (C. Clemen). Die teorie is dat die Ev. ontstaan het deur samevoeging van verskillende stukke van elders byeengebring. Die probleem is om krities by die grondskrif uit te kom, en die maatstaf wat aangê moet word by die verdeling. (Opsplitsing). Dit bring by die sgn. Verdelingshipoteses, waarvan die volgende oorsig gegee word.

### 1. Tekskritiek.

Hier is die maatstaf inderdaad objektief. Hier is egter nie veel wat in aanmerking kom nie. Die belangrikste plekke is Joh. 1:18; 8:1-11; Joh. 21. In verband met 8:1-11 vgl. Bouma: In die ouer hss. kom die stuk nie voor nie. Verskillende hss. het 8:12 na 7:42. Vandaar dat die meeste geleerdes hierdie stuk as later ingevoeg beskou. Andere hou aan die ootentisiteit vas. Ook wanneer dit van jongere datum is hoef aan die waarheid van die hier verhaalde nie getwyfel te word nie. Hierdie verhaal vind ons reeds by Papias, leerling van Joh., en in die apokriewe ev. van die Hebreër (eerste helfte tweede eeu). Kort na die ontstaan van die ev. van Joh. was die verhaal dus reeds algemeen bekend en is later in die Ev. ingevoeg. Daar bestaan dus nie minder rede om aan sy geloofwaardigheid te twyfel nie.

### 2. Konjekturaalkritiek.

Hier is die maatstaf meer subjektief, maar tog aan vaste reëls gebonde. Sien Grosheide Hermeneutiek. Dat dit baie toegepas word op die ev. van Joh. blyk uit 'n werk van S.S. Koe, De Conjecturaalkritiek en het Evangelie van Johannes 1883. Dit kan egter nog tot die vorige gereken word.

### 3. Verplaatsings.

So reeds Tatianus: Joh. 2:14-22 en 3:1-21 agter 7:21; 4:4-45a en 5:1-17 agter 6; 12:42-50 agter 36a. Ook teenswoordig word dit nog veel-

vuldig toegepas. F.W. Lewis, *Disarrangements in the Fourth Gospel*, 1910, meen dat die teks van Joh. baie gelyk het deur verplaatsing (disarrangements) van gedeeltes. Vgl. ook J.H. Bernard, *Dislocation of the text*, in sy kommentaar op p. XVIII - XXX. Dit kan ook nog tot die voorg. gereken word.

#### 4. Bronneteorie.

Reeds H. de Groot skryf dat die Ev. van Joh. met XX geëindig het, en dat XXI van latere hand is. Hy word teenswoordig nog deur baie gevolg. Volgens Zahn is XXI deur n ander geskryf, maar nog tydens die lewe van Joh. en met sy opdrag. Vgl. ook die teorie van J.H. Bernard.

Maar afgesien hiervan, meen baie geleerdes dat die Ev. van Joh. n kompilasie is van verskillende stukke, en wil deur bronnensplitsing, soos dit toegepas is op die O.T. en in die N.T. veral op die Sin. evv., die Ev. van Joh. opbreek om so te kom by die grondskrif. C. Clemen oordeel dat die bronne- en interpolasieteorie, afgesien van Joh. 21 t.o.v. die Ev. van Joh. niks opgelewer het nie.

#### 5. Tradisiekeuring.

Terwyl volgens C. Clemen geen bronne of grondskrifte kon aangewys word nie, stel hy teenoor die Verdelingshipoteses n nuwe teorie voor: die Skrywer het verskillende tradisies opgeneem in die Ev. Die egtheid moet beoordeel word volgens geloofwaardigheid. Wat aanstoot gee is die wonder. Die maatstaf is hier geheel subjektief.

#### 6. Die vorm-historiese metode.

Die verdelingshipotese van C. Clemen vorm n oorgang tot die nuutste vorm, nl., die Vormkritiek. So bv. E. v. Dobschutz, *Z.N.T.W.* 28 Afl. Ons het met n versamelwerk te doen, wat met tradisies van verskillende ouderdom in n los betrekking oor en deurmekaar verbind is. So vind hy 5 tradisielae: Woorde van Jesus, oorleweringe van Joh., werk van die Evagelis, toevoegings, latere byvoegsels. Die Ev. van Joh. is eintlik n weergawe van die geskiedenis van die Apostoliese tyd, teruggekaats in die lewe van Jesus.

Jülicher-Fascher gee die volgende oorsig en kritiek: Die Verdelings (verplaatsings-) hipoteses is reeds onafsienbaar. Hulle wil bewys dat hele perikope, bv. n nagmaalsberig, by Joh. uitgeval, ander op n verkeerde plek te lande gekom het. So behoort 7:15 - 24 tussen 5:47 en 6:1; 15 - 16 na 13:31a. Ander is latere interpolasie. So 6:51-59. Die meeste van

hierdie pogings is bloot uit die sug gebore om in die evangelie, wat as geheel nie aan die Apostel toegeskryf mag word nie, ten minste n grondskrif of -laag te red. Hierdie sug is uitgangspunt van die hipoteses, en daarom verdag. Die hipoteses moet sonder meer van die hand gewys word, omdat hulle skipbreuk ly op die gelykvormigheid van alle bestanddele. Hulle maatstaf is n evangelie soos hulle dit self sou skryf.

Die evangelie is dus in sy geheel, of in die geheel nie van Johannes.

Die eintlike aanstoot is die wonder en die Godheid van Christus, maar alleen vir die wat nie wil glo nie, Joh. 21:24.

---

## H A N D E L I N G E

### 1. Naam en inhoud.

#### a) Die naam.

Die oudste spoor van die naam "Handelinge van die Apostels" vind ons in die Canon Muratori (einde 2de eeu): Acta omnium apostolorum sub uno libro scripta sunt. Lucas optimo Theophilo comprehendit, quia sub praesentia eius singula gerebantur, sicuti et semota passione Petri evidenter declarat, sed et profectio Pauli ab urbe ad spaniam proficiscentis. Die naam "Acta (omnium) apostolorum" word hier nog nie as titel gebruik nie, maar as aanduiding van die inhoud. Hieraan het die boek egter sy naam te danke. Hier word ook 'n sekere verklaring gegee i.s. onvolledigheid, nl., aangaande Petrus en Paulus. Uit die boek blyk ook nog die volgende:

- a. Die name "Al die Apostels" word slegs eenkeer genoem, (1:13) verder is slegs sprake van "die Apostels" in die algemeen (1:26; 2:14; 4:33; 5:18 ens.);
- b. Jacobus word nog slegs eenkeer genoem (12:2) en Johannes in 3-4 en 8:14.
- c. Dit gaan veral om Petrus (1-12) en Paulus (9-28).
- d. Dit gaan óók om Stèfanus (6-7), Philippus (8), Barnabas (4, 11, 13-15) e.a. samevattend:
  - i) Ons hoor lank nie van "alle Apostels" nie;
  - ii) Van Petrus en Paulus verneem ons lank nie alles nie;
  - iii) Dit gaan ook om andere as Apostels.

Konklusie: Die naam "Handelinge van die Apostels" is nie juis nie, en gee die inhoud van die boek nie suiwer weer nie (Greydanus) *Dit gaan om die Acta Christi - d.w.a. d. N.T.*

Lukas self bring op die regte spoor: *Τὸν μὲν πρῶτον λόγον εἶπον Ἰερουσαλίμῳ περὶ πάντων, ὃ θεοφύλαξε, ἐν Ἡρῴδου τοῦ Ἰησοῦς πολεῖν - - - καὶ ἵνα ἴδωμεν ἡμῶν τὴν ἰσχυρίαν - - -*  
1:1-2, waaruit ons aflei: Hierdie tweede boek van Lukas handel oor die voortsetting van die werk van Christus vanuit die hemel wat Hy begin het op die aarde. Dit gaan in die boek dus om die Here en sy werk en wel direk (1:26; 2:33; 4:31 ens.), en ook indirek deur apostels en andere (3:6; 4:10 ens.), maar veral deur Petrus en Paulus, tot stigting

en uitbreiding van sy gemeente in Jerusalem deur Palestina na Antiochië, en van Antiochië deur Sirië, Klein Asië en Griekeland tot Rome, 1:8 en 9:15.

Dit is van die grootste betekenis om uit te gaan van hierdie aanduiding van Lukas self om die boek reg te verstaan. Dit verklaar die stilswye oor baie apostels en die "lotgevalle" van Petrus en Paulus en die optrede van andere as apostels en laat ons ook die onhoudbaarheid van die kritiek insien, wat hom hoofsaaklik beroep op gemis aan samehang en volledigheid. Dit gaan nie om wat mense doen nie maar om die werksaamheid van Christus uit die hemel.

b) Die onderwerp.

Jesus beveel die apostels om te wag (1:4, 8), die Here wys die verkorene uit die tweetal aan (1:24-26), Jesus het dit uitgestort (2:33), in die Naam van Jesus Christus staan op en wandel (3:6) Sy Naam het hierdie man sterk gemaak (3:16) deur die Naam van Jesus Christus "die Nasarener... deur Hom (staan) hierdie man gesond voor julle (4:10), n engel van die Here maak die deure van die gevangenis oop (5:19), gedoop in die Naam van Jesus ontvang die Samaritane die Heilige Gees (8:17 v.), n engel van die Here stuur Filippus (8:26, 29), bekering van Paulus (9:36), die Here stuur vir Ananias (9:10-15), Petrus sê... Enéas, Jesus maak jou gesond (9:34), Petrus het gebid en gesê: Tabita, staan op (9:40), n engel van God roep Petrus (10:3-6), Petrus sê: Nooit nie, Here,... (10:14), die Gees sê vir hom: Daar is drie manne... (10:19), Agabus het deur die Heilige Gees te kenne gegee dat daar hongersnood sal wees (11:28), n engel van die Here verlos Petrus (12:7) n engel van die Here slaan Herodes (12:23), die Heilige Gees laat Paulus en Barnabas afsonder (13:2), die Hand van die Here is op jou Elimas, en jy sal blind wees (13:11); Paulus het gesê: Staan reg op jou voete (14:10), die Heilige Gees verhinder Paulus om na Bithinië te gaan (16:6), die Here het geroep na Macedonië (16:10), Ek beveel jou in die Naam van die Here om uit haar uit te gaan (16:18), n aardbewing laat die kettings losgaan (16:26), die Here bemoedig Paulus deur n gesig (18:9), God het buitegewone kragte deur Paulus gedoen (19:11), duiwelbesweerders werp in die Naam van die Jesus duiwels uit (19:13), Paulus maak Eutychus gesond (20:10, die Here het vir Paulus gesê om uit Jerusalem te vlug (22:18) en die volgende nag vir hom gesê, hy moet na Rome (23:11), n engel van God s stel hom gerus in die storm (27:23).

Resultaat: Die ingrype van Die Here is nie maar insidenteel nie,

maar van beheersende betekenis en gee samehang aan die gebeurtenisse en bepaal dit, vgl. 1:8 en 9:15 (heidene, 13-21, owerhede, 24-26, Jode (22, 28: 17-28)). Inderdaad gee Lukas hier n beskrywing van die handeling van die Here. Dit is die onderwerp van die boek. Ook die handeling deur sy apostels en dienare (1:8; 1:24; 2:1-4, ens.)

Dit gaan nie om wat hulle doen nie, maar wat die Here doen deur en vir hulle.

Opmerkings:

*Apostel (αποστολῶν) beteken nie geskiede nie, maar verteenwoordiger. Die klem val op ἄπτο. Dus: gesant: Die gesant verteenw. sy sender.*

1) Dit is dus verkeerd om uit *Πρωτος* en die weinige wat van die apostels verhaal word en die verswyging van die dood van Paulus af te lei dat Lukas nog n derde boek wou skryf (Zahn).

2) "Handeling van die Apostels" is tog nie verkeerd nie. Al het die Here ook deur ander gewerk, alles het gestaan onder leiding van die apostels, vgl. Hand. 8:14, en met name van Petrus en Paulus, vgl. Hand. 15.

c) Indeling.

*Hierdie indeling is goed.*

Dit val uiteen in twee groot dele: 1-12 en 13-28, met 1:8 en 9:15 as uitgangspunte. In die eerste deel kry ons die optrede van Petrus. In die tweede deel van Paulus. Daar is groot ooreenkoms in die twee dele tussen wat van Petrus en Paulus verhaal word. H.J. Holzmann sê: Daar is geen "petriniese" wonderwerk in die eerste deel wat nie in die tweede deel aan Paulus ook toegeskryf word nie:

Petrus genees n lamme (3:2-10; 9:33-35), Paulus ook (14:8-12). *Begeel se fil. v. d. an Tübingen school wat tese, antitese en sintese toegepas het op die skrif, di. Daarvolgens is die Christendom n sintese tussen Petrus en Paulus. En die man wat dit gedoen het is die skrywer v. Handeling.*

Petrus wek n dooie op (9:36-42), Paulus ook (20:9-10).

Petrus beskaam n towenaar (8:18-24), Paulus ook (13:6-12).

Petrus se skaduwee genees (5:15), ook Paulus se doeke (19:12).

Petrus werp duiwels uit (5:16), Paulus ook, (19:12a).

Petrus word aanbid (10:25-26), Paulus ook (14:13-18).

Petrus word uit die gevangenis gered (5:19; 12:5), Paulus ook, (16:26).

Petrus het n visioen (10:10 v.v.), Paulus ook, (22:17);

Petrus verleen die H.G. deur handoplegging (8:7), Paulus ook, (19:6).

Kritiek in verband hiermee.

Die Nuwe Tübingen skool verklaar dit as opsetlike parallellisering en gelykmaking van Petrus en Paulus, vgl. Fv. Bardt, Emil. p. 251. Met

*Joods Christendom*

*heidene tot Christendom*

hierdie symmetrie word aan die lesers getoon dat nie een van die twee op die ander n voorsprong het of by die ander agterstaan nie. (O. Pfleiderer, Das Urchristentum, 1902, ook: V.d. Bergh van Eysinga, Doubletten in Handelingen N.T.T. 1921). Die parallellisme is alleen opvallend, wanneer die moontlikheid van die wonder ontken word, en wanneer Handelinge nie gesien word vanuit Jesus as die Handelende nie. Daar was baie siekes, ens., dieselfde vyandskap en Jesus wat eners handel met sy diensknegte. Die eenheid is in Jesus.

Daar word ook ander parallellisme opgemerk: Die uitstorting van die H.G. word telkens herhaal, (2:1 v.v.; 4:31), die tekening van die gemeente, 2:42-47; 4:32-37. Petrus spreek telkens van die kruisdood, opstanding en hemelvaart, (2:31 v.v.; 3:13 v.v.; 4:10 v.v.; 5:30 v.v.). Die geskiedenis van Cornelius word herhaal (10-11), Paulus se bekering driekeer (9:22, 26). <sup>Paulus se pred. dieselfde god d. v. Petrus</sup> Dieselfde argument, (2:23 v.v., 3:13, 10:36 v.v.; 13:26 v.v.) Ooreenkoms tussen die redevoerings van Stefanus en Paulus, (7:17-48, 13:16-22). Dit vind v.d. Bergh Van Eysinga merkwaardig (Doubletten in Hand.). Die verklaring hiervoor is gesoek in die gebruik van bronne. V.d. B. v. E. vind dit eenvoudiger om die verklaring te soek in "Lukas" se fantasie.

*King St. Paul the Traveller" - Sir William Ramsay*

Hierteen stel ons die volgende:

a) Die ooreenkomste moet nie oordryf word, selfs wat die redevoerings betref nie. Daar is n variasie na die situasie wat nie uit die fantasie verklaarbaar is nie. Vgl. Greyd. pag 281. Ook Ramsay, St. Paul the Traveller: "The narrative never makes a false step in all the details as the scene changes from city to city, and that is the conclusive proof that it is a picture of real life, p. 238, in verband met Hand. 13 en 17, en in verband met die afskeid by Tyrus en Milete: The scenes are similar and yet how different. Such touches of diversity and amid resemblance could be given only by the eyewitness, p. 304. *Dit eint op die sq. selfghewenis v.d. bybel.*

b) As n beroep gedoen word op die fantasie, gaan dit nie soseer om die enersheid maar om die gebeurlikheid van die wonders. Dit is egter n apriorisme. Iets wat vasstaan voor die wetenskaplike ondersoek begin het. Wanneer (1) die gebeurlikheid van die wonder vasstaan, (2) die strekking van die boek, (3) die historiese situasie in die oog gevat word dan is die ooreenkomste goed verklaarbaar, vgl. Greyd. 280. Het ging daarby (die prediking) niet om litteratuurpendanten, maar om te redden voor eeuwig

door het geloof in Jezus Christus. (p. 283)

d) Inhoud.

Hand. 1-7 verhaal wat met die gemeente van Jerusalem gebeur: Hoe dit gestig (1-2), bestry is deur herhaalde dreiging en geseling (3-5), dan deur vervolging (7), hoe dit daaronder uitbrei (2:41; 4:4; 6:7), die heerlike toestand waarin hulle verkeer (2:43-47; 4:32-37), maar ook die sonde hom openbaar en gestraf word (5:1-11) en misstande aanleiding word tot die verkiesing van diakens (6:1-6).

8-11 verhaal die verbreiding van die evangelie oor Samaria na die heidense minister (8:4-40), sodat in 9:31 gesprek kan word van die "kerk deur die hele Judéa en Galiléa en Samaria", dan na die heidense hoofman (11) en die heidene in Antiochië waar 'n gemeente ontstaan, waartoe ook baie van heidense afkoms behoort (11:19 v.v.) en sendingskerk word (13). Intussen is meegedeel hoe die heidenapostel die evangelie, wat uitloop op die dood van Jacobus en die gevangene van Petrus (12). Ons het hier dus die oorgang van die evangelie van die Jode na die heidene, en die blywende, volstrekte verwerping van die evangelie deur Jerusalem.

13-28 verhaal die uitbreiding van die evangelie onder die heidene in steeds wyer kring tot in Rome, waar Paulus as hooffiguur optree. Die evangelie neem sy gang na Rome deur die werksaamheid van die apostel in vryheid (13:1-21; 16). Dit sit sy gang voort in die lotgevalle van die apostel as gevangene (21:27-28). Deur alle menslike wisselvallighede heen, deur die onsekerhede van 'n proses loop die gebeurtenisse onafgebroke deur op hulle doel af. Die werk waartoe die apostel afgesonder is kan niemand en niks keer nie. Met die tekening van die evangelieprediking gaan gepaard die tekening van die kerklike lewe. Die brandende vraag is: Sal die twee groepe van die Christendom byeengehou kan word? Hand. 15 gee die antwoord.

2. Handelinge en Briewe

Die Nuwe Tübingerskool neem slegs Gal. 1 en II Kor. en Rom. aan as egte briewe van Paulus. Hier sou ons Paulus leer ken as radikale verwerper van die Joodse wette in teenstelling met Hand. waar hy hom daarna voeg, 16:3; 21:26. Derhalwe is Hand. nie van Lukas afkomstig nie maar dateer uit die 2de eeu. Die Hollandse radikale skool kom tot die teenoorgestelde konklusie. Hulle verwerp die outentisiteit van alle briewe: die

geloof in Christus en die godsdienstige voorstellings is te ver ontwikkel. Handeling 2 het ontstaan in die 1ste eeu. Albei rigtings stem hierin saam, daar is teësprak tussen Hand. en Briewe. Ook andere is van mening dat daar soveel teësprak is tussen Hand. en Briewe dat Luk. nie die skrywer kan wees nie. By vergelyking blyk dat daar groot ooreenstemming is. Daar is egter ook verskille. Is die verskille teenstrydighede?

1) Hand. - I Kor.

In Hand. 2 is sprake van allerlei "vreemde tale". In I Kor. 12-14 slegs van onverstaanbare klanke. Die oordeel: Hand. gee hier n onjuiste voorstelling. So Jülicher-Fascher. Hierby moet egter die volgende in ag geneem word: (1) Waarom kon die wonder by sy verskyning nie voller en ryker gewees het nie? (2) Wat later aan enkeles gegee is nl. om die "tonge" te verstaan kon die eerste keer aan baie gegee gewees het. (3) In Hand. 2 is daar ook mense wat nie verstaan nie, 2:13 vgl. 1 Kor. 14:23. (4) In Hand. 2 is nie sprake van "allerlei vreemde tale" wat gesprek is nie, maar slegs van n taal wat elkeen as sy eie gehoor het. Daar is dus geen wesenlike verskil nie, asof 1 Kor. 14 iets natuurliks en Hand. 2 iets wonderliks wil verhaal nie.

2) Hand. - Gal.

a) Volgens Gal. 2:9 sou Petrus hom tot die Jode beperk. Hoe kan dit in die lig van Hand. 10? En, hoe is Petrus se houding, Gal. 2:11 v.v. in die lig van Hand. 10 verklaarbaar? (Jülicher-Fascher). Wat die laaste betref: Gal. 2:11 v.v. gaan juis van die veronderstelling uit dat Petrus beter geweet het en dat Petrus eers anders gehandel het. Die mag van mensevrees moet ook nie uit die oog verloor word nie (verloëning!). Wat die eerste betref: Die gesig Hand. 10 het nie beteken dat Petrus heidenapostel moes word nie. Gal. 2:9 beteken ook nie dat Petrus hom uitsluitend tot die Jode moes beperk nie, ewemin as wat Paulus hom uitsluitend tot die heidene beperk het.

b) Volgens Hand. het Paulus altyd eers die sinagoge besoek, en as die Jode sy prediking verwerp, wend hy hom tot die heidene. Dit sou dan in teësprak wees met Gal. 1:16, en 2:8 v. Dit is egter n verkeerde vertolking van die ooreenkoms dat Paulus nie aan n Jood en Petrus nie aan n heiden mog preek nie, asof hulle besluit het om uit mekaar se pad te bly. Dit was intendeel die erkenning van wedersydse arbeid en roeping, vgl. Rom. 1:16.

c) Hand. 9:19-25 weet niks daarvan dat Paulus tussen sy bekering en vlug uit Damaskus in Arabië (Gal. 1:17) was nie. (Jülicher-Fascher). Ten onregte word verswyging gelyk gestel met ontkenning. Galate vul eenvoudig aan.

d) Die eerste besoek, Hand. 9:26 v.v. (voorstelling daarvan) word deur Gal. 1:18-20, die tweede besoek, Hand. 11:30 deur Gal. 1:21 v.v. uitgesluit (Jülicher-Fascher). Paulus bedoel Gal. 1:19 nie dat hy hom in Jerusalem skuil gehou het nie, en sluit 1:21-22 nie die gemeente van Jerusalem in nie. Wat Paulus Gal. 1:22 by ede verklaar en in 2:1 v.v. sê sluit ook nie 'n besoek aan Jerusalem soos 11:30 uit nie, as die apostels toe nie daar was nie, soos blyk uit 11:30 vgl. vs. 1.

e) Die Jerusalemse besluit, Hand. 15:28 v. is in stryd met die standpunt van Paulus (Jülicher-Fascher) en word ook in Gal. 2:9 v. verswyg (J. Moffatt). Hierdie besluit bevat inderdaad niks van enige verpligting van die heidene tot besnydenis en wetsonderhouding nie. Dit was slegs 'n onderlinge reëling van die gemeenskap tussen gelowiges uit die Jode en heidene, wat heeltemal ooreenstem met Paulus se standpunt vgl. 1 Kor. 9:20-23. Die vryheid van die gelowiges uit die heidene is in die Jerusalemse besluit gehandhaaf.

f) Volgens Hand. 16:3 het Paulus geen beswaar teen die besnydenis van Tim., volgens Gal. 2:3 weier hy om Titus te laat besny, vgl. ook Gal. 5:3-5. (O.a. H.J. Holzmann). Titus was egter 'n gelowige uit die heidene. Dit het hier gegaan om die noodsaaklikheid van die besnydenis en inlywing in die Joodse volk. In die geval van Tim. was daar geen beginsel op die spel nie.

### 3) Hand. - 1 Thess.

Volgens Hand. het Silas en Tim. in Berea agter gebly en Paulus pas in Korinthe ontmoet, (17:14 v., 18:5) en volgens 1 Thess. 3:2 is Tim. by hom in Athene. Maar waarom kon Silas en Tim. nie later in Athene gekom het en toe weer teruggestuur gewees (1 Thess. 3:1) en hom weer in Kor. (Hand. 18:5) ontmoet het nie?

4) In Hand. beweeg die prediking van Paulus om Jesus as Messias, en sy opstanding en om boete, bekering en die toekomstige gerig sonder verwysing na die Seun van God, sowel waar hy hom rig tot heidene (13) as tot Jode (17) en Christene (20). Dit stem geheel ooreen met die van Petrus

en Stefanus. Dit is egter vanselfsprekend dat die hoofsaak telkens met krag na vore gebring word waar ons staan aan die begin van die evangeliebediening aan Jode en heidene, vgl. 1 Kor. 15:3 v.v., Gal. 3:1.

5) Word verwys na Paulus se verkeer met die Joodschristene, Ananias in Damaskus, met Barnabas, sy feesreise na Jerusalem (Hand. 18:2; 20:6, 16; 24:11) sy nasireaat (21:19, 27) sy wetsgetrouheid (21:24; 23:1-6; 24:14, 15; 26:5-7; 28:20). (H.J. Holzmann). Volgens die briewe is Paulus ook telkens na Jerusalem, Gal. 1:18; 2:1; 1 Kor. 16:4; Rom. 15:25-26, en is die gelowiges uit die heidene skuldenaars van die gemeente van Jerusalem. Hy noem Barnabas met eer, 1 Kor. 9:6, Gal. 2:19, al verwys hy na sy swakheid, Gal. 2:13, vgl. Col. 4:10. Ons vra verder: Waarom moes Paulus Ananias juis in Gal. 1:12 noem? Verder, skryf die apostel self in sy briewe dat hy na die geleentheid van die omstandighede hom hou aan die Joodse wette, 1 Kor. 9:19-23. Teen die Joodse wette en die onderhouding daarvan deur Jode het hy niks, as daar maar geen godsdienstige waarde aan geheg word en dit vir ander gelowiges tot struikeling sou wees nie, maar kon dien om vir Christus te win. Vgl. 1 Kor. 9:19; Gal. 5:6; 6:15, Rom. 14. Paulus was geen bestryder van die besnydenis as sodanig en onderhouding van die wet deur Jode nie. Maar hy was n onverbiddelike teenstander van die leer dat uit die besnydenis en wetsvervulling die geregtigheid voor God verkry kon word en die gelowiges uit die heidene ook daaraan gebonde was ter saligheid.

Resultaat: "Der Verfasser der Acta hat... das Verhältnis des Paulus zum Judentum wesentlich so dargestellt, wie es sich aus den eigenen Briefen des Apostels ergibt" (A. von Harnack, Neue Untersuchungen.) As daar verskil is, is dit dat Hand. meedeel wat die briewe nie meedeel nie en omgekeerd.

### 3. Die skrywer.

Volgens Hand. 1:1 is dit die skrywer van die evangelie van Lukas, vgl. Lk. 1:3 en A. III. I. Vroeër is ontken dat die skrywer van die twee boeke dieselfde is, o.a. deur J.H. Scholten, "Is de derde evangelist de schrijver van het boek der Handelingen?" 1873. Uit die taal en styl is egter oortuigend bewys dat ons inderdaad te doen het met een outeur, Th. Zahn, Einl. II, p. 388. Dit word teenswoordig algemeen aangeneem, vgl. die werke van H.J. Holzmann, H. Windisch en A. Jülicher-Fascher.

Die vraag is egter of die skrywer dieselfde is as die van die "ons-

gedeeltes": Hand. 16:10 v.v.; 20:5 - 21:18; 27:1 - 28:16. Ondanks die grondige, ondersoekinge van A. v. Harnack (vgl. A. III. 1), dat ons hier met dieselfde skrywer te doen het, nl. Lukas die reisgenoot van Paulus, word dit teenswoordig nog bestry, o.a. deur Jülicher-Fascher en H. Windisch.

Die argumente van H. Windisch, (The Case against the tradition, in: The beginnings of Christianity, I, deur F.J. Foakes Jackson en K. Lake) word hier onder oë gesien. Vgl. ook die vorige par.. Die eerste reeks argumente van H. Windisch gaan uit van die Jerusalemse besluit, Hand. 15:28, 29, en verwys dan (1) na die ondubbelsinnige uitspraak van Gal. 2:6 v.v., dat die heidene "hoegenaamd" geen verpligting sou hê t.o.v. die wet nie; (2) na die stryd tussen Paulus en Petrus, Gal. 2:11 v.v., waarom Paulus vir Petrus nie weerlê met verwysing na die besluit van Jerusalem nie, (3) na 1 Kor. 8-10 waar dit ook gaan om  $\epsilon\acute{\iota}\sigma\omega\lambda\omicron\upsilon\nu\tau\alpha$ , waarom die besluit van Jerusalem dan nie van die begin af daar opgelê is nie, en (4) na Fil. 3:2, hoe kon Lukas wat die gemeente van Filippi goed ken glo dat Paulus n besluit soos die van Jerusalem kon aangeneem het. Met hierdie ondersoekinge het hy dan aangetoon "that the author of Acts has given us unreliable accounts of important events, which he further elaborates as seems good to him." Nadere ondersoek toon egter dat Windisch Paulus nog Lukas reg verstaan het. In Gal. 2:6 v.v. gaan dit bepaald om die onderhouding van die wet en besnydenis ter saligheid. So ook in Hand. 15, vgl. vs. 1. Dit bring Hand. 15 geheel in ooreenstemming met Fil. 3:2. Volgens 1 Kor. 8-10 is die eet van offervleis op sigself niks, maar moet onder sekere omstandighede nagelaat word. So ook Hand. 15, vgl. vs. 29. In Gal. 2:11 vv. gaan dit oor die vraag of die Jood vry is van die wet, in Hand. 15 oor die vryheid van die heiden. Wat die besluit van Hand. 15:28-29 betref is daar geen rede om in Lukas nie die skrywer van Hand. en dieselfde as die van die "ons-gedeeltes" te sien nie.

n Tweede argumentasie word ontleen aan die plotselinge verskyning van die "ons" in Hand. 16 en sy ewe plotselinge verdwyning, sonder enige aanduiding omtrent die oorsaak van sy aanwesigheid en wat van hom geword het. Dit kon Theophilus ten minste redelik verwag het van sy vriend Lukas. Alles is duidelik as ons aanneem dat hier willekeurig gebruik gemaak is van n dagboek, wat in die oudheid heel gewoon en sedelik ook heeltemal geoorloof was. Alleen dwingende bewyse kan egter tot so n gevolgtrekking bring. Is die dwingende bewyse gelewer? (a) Wat Theophilus betref moet met die moontlikheid gereken word dat hy meer van sy vriend Lukas geweet het as

ons en dit dus onnodig vir hom sou wees. (b) Wat Lukas betref, hy gee die doel van sy skrywe duidelik aan, 1:1. In die lig hiervan is sulke wetenswaardighede misplaas. Die gevolgtrekkings van Windisch berus ook hier op misverstand, en wel wat die doel van die boek betref.

n Derde argumentasie: Baie wat in cp. 16-28 buite die "ons-gedeeltes" verhaal is kan nie van n ooggetuie wees nie met verwysings:

a) Na die wonderlike verlossing van Paulus en Silas, 16:19 v.v.: Dit is onsamehangend en ook nie geloofwaardig nie en moes daarom aanpassing of toevoegsel wees tot Lukas se dagboek. Die argument: Dit kan nie gebeur nie... dit het dus nie gebeur nie... geen ooggetuie nie... Lukas nie die skrywer nie. Hier gaan dit om die gebeurlikheid van die wonder. Dit is n saak van geloof. Miskien is dit die eintlike argument toegegooi met ander soos blyk uit die volgende:

b) Allerlei teenstrydighede, waaruit onbekendheid met Paulus sou blyk:

- 1) Die verhaal van Paulus en Silas se reise volgens Hand. 17:14 v.v., 17:5 en 1 Thess. 2:14, 3:1 v.v.. Vgl. egter vor. par.
- 2) Hand. 17, die Areopagusrede is n aansluiting aan die griekse wysheid in direkte teësprak met Rom. 1:18 v.v., en 1 Kor. 1 en 2:2; Hand. 17:28 is n panteïstiese aanhaling en 17:30 n verskoning van afgodery. Die eerste (vs. 28) is geen aanhaling met instemming van Panteïsme nie, die tweede (vs. 30) nie goedkeuring nie maar verdraagsaamheid. In die rede gaan dit om die opstanding wat juis deur die wysgere as dwaasheid verwerp word.
- 3) Hand. 20:30: *ὡς ἂν ἴδωμεν* asof Paulus nie daeliks met valse leraars te doen het nie. Paulus sê egter *ἕξ ἡμῶν*
- 4) Die kollekte wat vir Paulus hoofsaak was 1 Kor. 16:1-4; 2 Kor. 8-9, Rom. 15:25-28 vir sy reis na Jerusalem word in Hand. slegs sydelings genoem, 24:17. Die ware rede is: In Hand. gaan dit om die dat en nie die waarom nie.
- 5) Bekeringsgeskiedenis: Die beslissende vir Paulus was hy het die Here gesien, 1 Kor. 9:1 en 15:8, volgens Hand. 22:7, 9 vgl. 9:3, 7 is daar "net" sprake van die "sien van n lig" en "die hoor van n stem". Die "only" is van Windisch self.

- 6) Hand. 22:17-21 sluit 9:15 uit. Asof dit die eerste keer was dat Paulus van sy heidensending hoor en hy nie reeds daarmee besig was volgens Hand. self nie.
- 7) Hand. 23:6 teenoor Fil. 3:2 en 2 Kor. 3:3-4:6; 5:17 ens. maak van Paulus n werklike geveinsde fariseër en dit "om sy lewe te red". In Hand. 23:6 gaan dit egter alleen oor die geloof in die opstanding uit die dode en nie oor die geregtigheid van die geloof nie en, wat die eerste betref was daar ooreenstemming, vgl. vs. 8.
- 8) Hand. 24:14 v.v. vgl. Gal. 3:15-25; Rom. 7, 10:4, 1 Kor. 15 omseil Paulus die punt waarom dit gaan, "want die wet het hy nietig verklaar" en sy geloof in die opstanding berus op die opstanding van Christus. Paulus het egter nooit ontken dat God die wet gegee het nie, maar nie tot regverdigmaking nie. Die opstanding van Christus het die O.T. kom bevestig. Dat Paulus se geloof nie rus op die opstanding van Christus nie, soos Greydanus beweer, is nie juis nie, vgl. 1 Kor. 15:20.
- 9) Die ontvangs van Paulus 28:15 sou Windisch anders wil beskrywe sien as dit deur n ooggetuie beskryf was, veral waar hulle reeds n brief van Paulus gehad het. Daar is inderdaad baie ander dinge wat ons graag sou weet, maar dit is nou eenmaal nie die doel van Hand. nie. En, as die Jode Hand. 28:22 die feit oor die hoof sien dat daar n gemeente in Rome bestaan, dan is Lk. tog nie verantwoordelik daarvoor nie. Uit hierdie hele gesprek met die Jode lei Windisch af dat ons nooit kan glo dat ons hier met herinneringe van n ooggetuie te doen het nie. Dit is te konvensioneel. Dit verraai egter n gemis by Windisch om hom in die reële toestand in te dink. Juis die onverwagte is n bewys van historiese. Hy skryf nie wat ons wens of sou verwag nie soos n romanskrywer nie maar wat werklik gebeur het. Windisch sê aan die einde van hierdie argumentasie: "Thus the evidence has accumulated that the elaboration of the reports of an eyewitness... cannot possibly originate in the pupil of Paul, but must be ascribed to some post-apostolic author." Die geakkumuleerde getuienis skyn meer opgehoop te wees om die eintlike argument te dek, nl. ongeloof in die wonder.

n Vierde argumentasie is ontleen aan Hand. 13: vs. 25 is ontleen aan Lk. 3:16 en vs. 28 aan Lk. 23:13 v.v.; vs. 31 sluit n verskyning aan Paulus uit, en die geheel is ontleen aan die pinksterrede van Petrus, 2:25-32, 38, met slegs in vs. 38 n herinnering aan Paulus se leer van die reg-

verdigmaking. Sou Paulus dan alleen uit Lk. die woord van Joh. die Doper kon ken en die feit dat Pilatus Jesus onskuldig veroordeel het? Is die bedoe-ling van vs. 31 om n volledige opsomming te gee van die verskynings? Die feit dat Paulus eweas Petrus te doen het met ongelowige Jode is genoegsame rede vir die ooreenstemming in die prediking en verwysing na Ps. 16.

n Vyfde argumentasie is ontleen aan die onvolledigheid van Hand:

- 1) Hand. 15:23 noem nie die gemeentes van Suid-Galate nie. Die Apostels kon dit nie uitgelaat het nie. Dit moes "Lukas" wees wat sy bronne hier verkeerd gerangskik het. Daar is geen dwingende rede waarom die apos-tels dit nie kon uitgelaat het nie, en ook nie waarom hulle alle streke moes noem nie. Cyprus word ook uitgelaat.
- 2) Die pastorale en administratiewe werksaamheid van Paulus ontbreek, vgl. daarenteen die briewe. Slegs in Hand. 19:8-20 en 20:17-38 word dit terloops genoem. Dit hang egter weer saam met die doel van Hand., vgl. 1:8 en 9:15.
- 3) Daar word haas geen melding gemaak van sy stryd teen die apostels nie, wat so n groot plek inneem in sy briewe. Die doel van Hand was dan om Petrus en Paulus te versoen, en die stryd tussen die twee rigtings te beëindig, Hand. 15. Die een sowel as die ander is foutief. Uit die briewe is daar egter geen spoor van stryd tussen die apostels nie. Dit was die Judaïste. Waar blyk dit uit Hand. dat hulle hul neergelê het by die beslissing van Jerusalem? Hiervoor word Hand. 20:30 aangegryp: "The historical Paul had no need to prophesy the coming false teachers". Hy het ervaring van die wolwe - maar daarom sal hy andere wat daar geen ervaring van het nie te meer waarsku.

Slotson: Geen dwingende argument is na vore gebring dat ons die identi-teit van die outeur van die "ons-stukke" met die van die hele boek, en die tradisie dat dit Lukas is wat sowel Hand. as die Evangelie geskryf het (1:1) moet prysgee nie.

#### 4. Tyd en plek.

Omdat Hand. eindig met Paulus se gevangeskap in Rome word sinds Hieronymus aangeneem dat dit geskryf is + 63/4. Hy sê: "Lukas het ook n derde uitnemende boek uitgegee, wat met die titel apostoliese handeling aangedui word. Die geskiedenis daarvan loop tot die tweede jaar van

Paulus se verblyf in Rome, d.i. tot die 4e jaar van Nero. Waaruit ons begryp dat die boek in die stad saangestel is. Derhalwe het hy sy evangelieverhaal geskryf soos hy gehoor het, die handeling van die apostels egter saangestel soos hyself gesien het. "De Vir. Illust. 7)". In sy Praefatio in Commentarios in Matthaeum noem hy n ander tyd en plek, nl. die dele van Achaje en Boeotië. A. von Harnack stel dit ook op grond van die slot van Hand. vóór die afloop van die proses. Vgl. egter III, 2, 2. Die Roomse Bybelkommissie het in 1913 verklaar dat uit die slot van Hand. wel nie afgelei mag word dat Lukas nog n derde boek wou skryf nie, maar wel dat Lk. teen die einde van die eerste gevangeskap van die apostel Paulus sy boek in Rome beëindig het.

Oor die algemeen word sedert die kritiese ondersoek van die vorige eeu n later tyd aangeneem. Deur die Nuwe Tübingerskool word die datum selfs gestel einde 2e eeu. Uit par. 2 en 3 het egter geblyk dat die argumente dat Lk. nie die outeur is nie steekhoudend is nie. Daar is egter diesulke wat Lk. wel as outeur handhaaf en tog van oordeel is dat dit eers + 94 geskryf kan wees. Dit hang saam met die vraag of Lk. van Josefus afhanklik is al dan nie. Jos. is in 37 na Chr., gebore en gee omstreeks 75-79 sy "Joodse oorloë" uit en voltooi sy "Oudhede" in die 13de jaar van Domitianus (93-94). Baie neem aan dat Lk. uit lg. geskrif geput het sowel vir die Ev. as vir Hand. In later tyd is dit veral M. Krenkel wat Lk. se afhanklikheid van Josefus wou bewys in sy werk "Josefus en Lukas", 1894 vgl. Th. Zahn, Einl. II, p. 421. H.H. Wendt erken dat Krenkel afhanklikheid aanneem waar slegs sprake is van ooreenkoms, en dat dit nêrens n geval is van uitdruklike sitering uit Josefus of n woordelike oorskryf nie, maar vind tog dat Hd. 5:36 v. afhanklik is van Ant. 20, 5, 1. Albei spreek hier van Theudas en Judas die Galileër, en albei stel die laaste in die tyd van die beskrywing van Quirinius. Volgens Jos. is Theudas deur Fadus (44-46) gedood, maar al noem hy Judas na Theudas, stel hy hom nie in tydsorde na Theudas soos Hand. 5:37 ten onregte doen nie en waarmee die verwarring saamhang dat Gamaliël in 30 na Chr. daarheen kon verwys.

Die vraag is egter, waarom kon Jos. nie van Lk. afhanklik wees nie. Hy is baie ouer as Jos. en gee ook baie besonderhede wat hy nie uit Jos. kon put nie (Zahn). Opgrawings in later jare het ook baie mededelings van Lk. wat vroeër betwyfel was kom bevestig, vgl. W.M. Ramsay "The Bearing of recent discovery on the trustworthiness of the N.T.", 1915, 1920 (4), waarin hy aanwys hoe sinds 1890 die beskouing oor Hand. gewysig is. Terwyl voor-

heen niemand wat deurgaans vir wetenskaplik n goeie woord oor die boek wou spreek nie, word tans toegegee dat Lk. betreklik vroeg geskryf het, en waar hy geen ooggetuie was nie bronne van hoogstaande historiese waarde gebruik het. W.M. Ramsay meen dat Lk. as geskiedskrywer wat betroubaarheid betref nie oortref kan word nie. Dit word bevestig deur die ontdekkings, soos in die geval van Lk. 2:1 v.v. Nêrens op die gebied van historiese studie was daar so n algehele omkering van opinie en sgn. gevestigde wetenskap as met betrekking tot hierdie mededeling nie.

Wat Hand. 5:36 betref meen Ramsay dat ons waarskynlik met twee persone met die naam van Theudas te doen het. Zahn meen dat dit gaan oor dieselfde persoon, maar Jos. maak n fout met die datering van sy opstand.

Harnack is van oordeel dat deur Schürer (1876) en Bousset (1876) teenoor Keim, Renan, Holzmann, Hausrath, Krenkel, Clemen, Schiedel, Wendt, oortuigend aangetoon is dat daar by Lk. geen afhanklikheid van Jos. is nie, tensy met die tendenzkritiek staande gehou word dat Lk. niks uit eie kennis en uit mondelinge oorlewering geweet het nie maar vir al sy kennis van bronne en wel van sulke wat ons ook besit, afhanklik was. Ook H. Windisch sê dat afhanklikheid van Jos. nie n bewese saak is nie.

Vaste gegewens vir die tyd en plek van Hand. ontbreek. Die tradisie spreek enersyds van 63/4 Rome en andersyds van 75-80 in Griekeland. C.R. Gregory sê: Vir die tyd van ontstaan kan 85 aangegee word. Niks verhinder egter om dit te verskuif na 70 of slegs 10 jaar vroeër, na die tyd toe Paulus uit sy tweejarige gevangenskap bevry is nie. Tyd en plek maak vir ons ook geen verskil nie, as maar vasstaan dat Lk. die waarheid geskryf het. Daarvoor staan Lk. self borg. Lk. 1:1-4. Of hy ooggetuie was, of dit verneem het van ander wat ooggetuie was is van minder belang. By wat hy in die eerste deel in Hd. verhaal was hy nie aanwesig nie behalwe miskien by een en ander in Antiochië volgens Cod. D. Of hy dit deur mondelinge mededeling of deur bronne te wete gekom het weet ons nie. Volgens Kümmel in Theol. Rundschau (1942) is dit nie bewese dat skriftelike bronne ten grondslag lê aan die eerste deel van Hand. nie. As gesê word dit kan nie van n ooggetuie wees nie omdat onmoontlike dinge verhaal word berus dit op (on)geloof en nie op wetenskap nie.

##### 5. Teks van Handeling.

Daar bestaan twee teksvorme van Hand: n meer uitgebreide en n kortere. Die kortere kry ons in A, B, ens., die langere in D. lat. Syr.

Boh. Ir. Cypr. ens., en n gemengde vorm in E. e.a. Die breëre word ook genoem die westerse teks. In hierdie breëre kom o.a. opmerklike lesings en aanvullings voor, bv. "en daar was groot blydskap en toe ons saamvergaderd was" (11:28), "hulle het die sewe trappe afgeklim" (12:10), "van die vyfde tot die tiende uur" (19:9), "en in Trogillion oorgebly (20:15, A. Vert.) "en toe ons in n sekere dorp gekom het, was ons by." (21:15 v.v.).

H.H. Wendt sê: Die B-tekste gee dikwels n omslagtiger, aanskoulike beskrywing as die -tekste en gee die oorgange duideliker aan. Die breër teks kan in hierdie gevalle die oorspronklike wees wat by n tweede redaksie verkort is. Maar dit kan ook n verbeterde en daarom sekundêr wees.

Die gewone beskouing was dat die lesings van die westerse teks produk was van revisie (aanvullend). In 1848 verskyn "Acta Apostolorum ad codices Cantabrigiensis fidei ita recensuit Bornemann, waarin hy die lesings van Cod. D. voorstel as die oudste. Maar met weinig instemming. In 1894 en volgende jare verskyn verskillende werke van F. Blass, met die betoog dat die sgn. westerse teks die oorspronklike teks van Lukas was geskryf in Rome maar dat hy dit later self gerevideer (verkort) het in Antiochië. Albei tekste was dan van Lk., die eerste in klad- die ander in afgewerkte vorm. Hy word hierin gevolg deur verskillende geleerdes, o.a. Zahn, vgl. Einl. II, 341 v.v. In sy Urausgabe der Apostelgeschichte sê Zahn: Lk. het Hand. tweekeer uitgegee, en wel in verbeterde en op baie plekke verkorte vorm wat sinds die 4de eeu die alleenheerskappy in die kerk gekry het, terwyl van die oorspronklike uitgawe net brokstukke in die oudste vertalings, gr. hss. en sitate oorgebly het.

Andere wys egter daarop dat terwyl sommige lesings van die westerse teks die indruk gee van groter oorspronklikheid, o.a. 11:28, 12:10, 19:9, 20:15, 21:15, ander die indruk gee van latere resensie, bv. 5:18, 38-39, en beskou die westerse teks van n latere hand wat soms oorspronklike lesings bevat, maar nie van Lk. afkomstig is nie. So o.a. Wendt. Dibeluis is dit met Zahn eens dat die teks op baie plekke aanskouliker is maar skryf dit toe aan die knapheid van die redaktor. Feilke Behm skryf: Die B-tekste bevat inderdaad lesings wat op groter oorspronklikheid aanspraak kan maak. Op ander plekke is dit teenoor die -tekste sekundêr. J.H. Ropes in "The Beginning of Christianity, I, The Acts of the Apostles, F.J. Foakes Jackson en K. Lake III", meen dat die westerse teks die werk is van één hand wat in die aanvang van die 2de eeu die bestaande teks uitgebrei en gladder gemaak het vir die kerk-

like kanon. Die oorspronklike teks soos gegee in Cod. Sin. en Vat. het egter in Egipte bewaar gebly. A.C. Clark is van mening dat die sgn. Egiptiese teks n verkorting is van die westerse, veroorsaak deur meganiese weglating van reëls op die veronderstelling dat die hss. wat aan ons majuskels voorafgaan geskryf was in kolomme met baie kort reëls. Kenyon wys egter daarop dat die meeste variante nie eenvoudige weglatings is nie maar ook woordverskille.

Tot dusver het die ondersoekings gelei tot hierdie negatiewe resultaat dat nog die teorie van Blass-Zahn, nog die van Clark-Ropes n bevredigende oplossing gee i.s. die westerse teks: Maar hoe dit positief staan met die ontstaan van die teks is nie met sekerheid te sê nie. Kümmel wys daarop dat die teks nie n eenheid is nie. Dat dit baie oud is blyk daaruit dat dit in die tweede eeu in byna alle lande van die Christenheid verbrei was, maar dit was tog nie in die tweede eeu die enigste teksvorm nie. Die twee revaliserende teksvorme is dus albei ewe oud.

In hierdie verband is nog van besondere betekenis die teks van Hand. 15:28-29. In D. e.a. ontbreek in vs. 20 *ΤΥΛΚ ΤΟΥ* en het in vs. 29 die lesing *καπεχεσθαι εἰς ἡλιθιότητος καὶ ἀπειρίας καὶ πορνείας ἕκαστη θελετε ἐδουτοὺς γινεσθαι, ἕτην ἢ ποιεῖτε. ἕξ ὧν οὐκ ἠρουντες ἐδουτοὺς εἰς ἡμαρτετε φερονενοι ἐν τῷ ἀγῶνι πνευματε*

Dit sou beteken dat ons hier nie n seremoniële voorskrif het nie, maar n voorskrif van sedelike aard. Hierdie lesing is o.a. bepleit deur G. Resch en A. v. Harnack. Deur D. Plooy is egter in "The Expositor", Jan. & Febr. 1923 "The Apostolic Decree and its Problem" en "The Textual Problem" aangetoon dat "bloed" letterlik opgevat is en dat daar nie doodslag mee bedoel is nie. Hierdie verskil tussen die driedelige en vierdelige lesing het dus nie bestaan nie. Hiermee het die argumentasie voor of teen die westerse teks sy betekenis groteliks verloor.

## 6. Geskiedenis van die kritiek.

Vgl. o.a. F.J. Foakes Jackson, *The Beginnings of Christianity*, I. M. Goguel skryf in sy "Introduction an Nouveau Testament" i.v.m. die boek Hand.: Die geskiedenis van die kritiek op Hand. is n direkte weergawe van die voorstelling van die hele primitiewe Christendom. Ons sien hier die verskillende stadia van die kritiek in sy rondtasting, terugtrekking en voortgang. Dit toon dat die opvatting omtrent die oudste Christendom ten grond-

slag lê aan die beskouing omtrent die samestelling en geskiedkundige waarde van Hand. en dat die geskiedkundige ondersoek nie onbevooroordeeld is nie.

In die geskiedenis van die kritiek onderskei ons 3 periodes sinds die 18de eeu terwyl daar in die begin van hierdie eeu weer 'n verandering intree.

(1) Tot + 1840 word Lk. as skrywer erken en is die ondersoek gerig op die doel van Hand. Die Aufklärung het aan die outeurskap van Lk. vasgehou en die vraag begin stel na die bronne.

(2) Tot + 1880 waarin die Tübingerskool optree met sy tendenzteorieë. Dit gaan ook oor die doel van Hand., maar die outeurskap van Lk. word ontken.

(3) 'n Periode waarin dit gaan oor die samestelling en bronne van Hand. Sinds die verskyning van A. Harnack, Lukas der Arzt gaan dit om die tyd en outeur.

1) Oor die algemeen was vroeër die beskouing dat Hand. deur Lk. geskryf is met die historiese doel om die werksaamheid van die apostels of die geskiedenis van die kerk in sy aanvang te verhaal. Lukas het dan sy stof uit persoonlike waarneming en deels van Paulus of ander ooggetuies, vgl. Canon Muratori en die uitspraak van Hieronymus. So ook Irenaeus, Tertullianus, Eusebius, vgl. Foakes Jackson, The beginnings of Christianity. Die Kanttekenaars kon nog skryf: "dat die boek deur Lukas geskryf is... daaraan is nooit deur enige oue of nuwere uitleggers getwyfel nie". Hugo de Groot teken egter by die titel Acta Apostolorum reeds aan: id est Petri et Pauli. Allengs word die aandag ook gerig op die eenaardige karakter van die boek, nl. sy fragmentariese karakter. Kon of wou die skrywer nie meer meedeel nie? J.D. Michaelis, Einleitung i.d. göttliche Schriften des neuen Bundes, 1788 sê die doel van Hand. was nie geskiedenis van die kerk of lewensbeskrywing van Paulus nie maar 'n verdediging van sy evangeliediens. Eintlik tweeledig: bevestiging van die waarheid van die Christelike godsdiens op grond van die uitstorting van die H. Gees en die wonderwerke, en die verdediging van die heidensending waarteen die Jode hulle verset. Griesbach en Paulus benadruk die laaste: Hand. is geskryf om Paulus teen die aanvalle van die Judaïste te verdedig. Eckermann verklaar die weglatings uit die doel van Lk. om slegs die aan hom bekende gebeurtenisse te verhaal, wat die duidelikste die wonderbare medewerking van God openbaar in die vestiging van Sy koninkryk op aarde, waarby gevoeg kan word die reg van die heidene. Eichhorn verwerp die teorie dat Hd. geskryf is om Paulus se prediking aan die heidene te verdedig, of dat dit gaan om geskie-

denis van die apostels. Dit gaan om die uitbreiding van die Christendom van Jerusalem oor Antiochië na Rome. Die gevolgtrekking uit die verswyging van Paulus se dood dat Lk. n derde boek wou skryf vgl. Spitta, Ramsay, Zahn, is reeds deur Credner gemaak.

2) Sluit aan by die mening dat in Hand. Paulus en die Paulinisme teen die Judaïsme verdedig word. Schraeder, De Apostel Paulus, 1836 is van oordeel dat daar verskil is tussen Paulus van Hand. en van die Briewe. Hand. lê nadruk op sy afhanklikheid van Paulus, en op die vriendelikheid van die Rom. outoriteite. Dáárom is ook die dood van Paulus weggelaat. Die doel was dus apologeties, en die historiese waarde is dus groot. In 1836 verskyn Baur se werk "Ueber den Ursprung des Episkopats" waarin hy sy teorie uitspreek dat Hand. n apologetiese geskrif is van n Paulinis om die wederkerige vriendskap en eenheid van twee teenoor mekaar staande partye te bevorder deur Paulus te petriniseer en Petrus te pauliniseer, en die verskille wat volgens Gal. tussen Paulus enersyds en Petrus en Johannes andersyds sou bestaan uit die weg te ruim in die gemeenskaplike teenstelling teen die ongelowige Jode. Die boek dateer uit n latere tyd, is onhistories hoewel n belangrike bron vir die gesk. van die apostoliese eeu. Hiermee stel Baur hom teen schneckenburger (Bonn) wat die tendenzhipotese verbind met die outeurskap van Lukas en die betroubaarheid van Hand. Volgens hom wil Lk. Paulus in gunstige lig stel teenoor die Christene uit die Jode wat die voorrang aan Petrus gee. Vandaar die verhaal van Paulus se goddelike roeping, wonders, inagneming van die Joodse wet: (Tim.). Daarom word Titus nie vermeld nie nog die twis in Antiochië, en die verhaal van die ontmoeting van die Jode met Paulus in Rome. Ook wil hy aantoon dat daar geen wesentliche verskil is tussen die evangelie en die Romeinse gesag nie. Met Schneckenburger neem ook De Wette as hoofstelling van Hand. dat die heidene nie verplig is om die Joodse wet te onderhou om in die kerk opgeneem te word nie. Hy verwerp egter die outeurskap van Lukas. Dit was egter veral Baur se skoonseun E. Zeller wat aan die gedagtes van die Tübingerskool uitdrukking gegee het in "Die Apostelgeschichte nach ihren Inhalt und Ursprung kritisch untersucht, 1856 deur die parallellisme tussen Petrus en Paulus in aansluiting by Schneckenburger verder uit te werk. Die outeur wil die Joods Christene en die Paulinisme versoen deur die uiterstes daarvan ter wille van die vrede op te offer. Dit is ook nie Paulus maar Petrus wat die Evangelie eerste aan die heidene verkondig. Paulus bring die evangelie altyd eerste vir die Jode. Handelingte moet dus bemiddeling bewerk tussen

Judaïste en Pauliniste, waarby albei konsessies doen. Hand. het ook n politieke doel deur te toon dat Paulus altyd deur die Romeinse gesaghebbende vrygespreek word. Dit wys op n tyd toe die Rom. owerheid vyandig was, dus ongeveer 110 - 130. In dieselfde rigting gaan A. Hausrath, S. Davidson, J.H. Scholten, A. Hilgenfeld. Dit is n weerspieëling van die opvatting van die Tübingers oor die ontwikkeling van die Christendom. Dit het egter geblyk onhoudbaar te wees en daarom ook die opvatting van Hand. as n geskrif van n middelparty in die kerk. n Laaste gewysigde vorm van die Tübingers voorstelling kry ons nog by F. Overbeck. Hy laat die gedagte van bewuste aanpassing vaar. Hand. is nie n bemiddelingsgeskrif tussen die partye nie want toe dit verskyn het die konflik tussen Judaïste en Pauliniste tot die verlede behoort. Die Joodse elemente maak in Hand. reeds deel uit van die Christendom en die wesenlike trekke van die Paulinisme het reeds verdwyn as gevolg van Joodse invloede.

Teenoor die beskouings van die Nuwe-Tübingerskool is die tradisionele beskouing verdedig o.a. deur Neander, Geschichte der Pflanzung und Leitung der Christliche Kirche und Nachapostolische Zeitalter, 1885; Baumgarten, Apostelgeschichte... 1859; Lange, Das Apostolische Zeitalter 1854; Nösgen, Kommentar über die Apostelgeschichte, 1882; veral Lekebusch, Die Komposition und Entstehung der Apostelgeschichte von neuem untersucht, 1854 wat die beste presentasie is van die konservatiewe standpunt. Ook van kritiese kant word die Tübingerskool bestry, o.a. deur Brund Bauer, Renan, Reuss, Holzmann, Pfeidere. Hierdie skrywers wil nie meer spreek van n doelbewuste verdraaiing van die historiese feite nie, maar daarvan dat die bronne nie meer verstaan is nie. Ook deur die hollandse radikale skool, A.D. Loman, v.d. Bergh, Eysinga wat die hoofbriewe van Paulus verwerp en Hand. as n beter bron van die oorspronklike Christendom beskou.

3) In die later tyd gaan die ondersoek oor die bronne, waaruit die skrywer sy stof gekry het. Reeds in die eerste periode word onderskei tussen die outeur en die "ons-stukke", en die gevolgtrekking gemaak dat hy geen ooggetuie was nie. Ander vereenselwig die outeur met die "ons-stukke", wat vir die eerste deel uit bronne geput het. Schleiermacher meen dat die outeur van die "ons-stukke" Timotheus was. Biografieë van Petrus en Barnabas, n verhaal van Stefanus se dood en gedenkskrifte van Silas is as bronne genoem. Veral sinds die einde van die 19e eeu word die bronne-studie met erns ter hand geneem, veral as gevolg van die vermeende sukses

waarmee dit op die O.T. toegepas is, o.a. deur B. Weiss, T. Spitta, H.H. Wendt, J. Weiss, vgl. Moffatt, Introduction. Ook A. von Harnack neem skriftelike bronne aan, maar dat Lk. die outeur is en Hand. geskryf het voor Paulus se dood. Vir sover daar egter wonderverhale in voorkom is die hist. waarde nie groot nie. Deur Harn. word die vraag na die outeur en die tyd van ontstaan weer na vore gebring.

As kortuiging van die <sup>E</sup>ngelse geleerdes kan die volgende samevatting gegee word:

- 1) Hand. is 'n produk nie van die tweede maar van die eerste eeu;
- 2) Die skrywer van die "ons-stukke" is die skrywer van Hand. en die evangelie van Lukas.
- 3) Hy gee betroubare inligting aangaande die reise van Paulus, dikwels eerstehands.
- 4) Wat ook al die bronne van die eerste gedeelte mag wees, die momente is goed gekies en oor die geheel is 'n juiste oorsig gegee.

Belangrike literatuur op die boek Handeling: W.M. Ramsay, The historical Geography of Asia Minor; The church in the Roman Empire before A.D. 170; St. Paul the Traveller and the Roman Citizen; A historical commentary on St. Paul's Epistle to the Galatians; The bearing of recent discovery on the trustworthiness of the New Testament. A. von Harnack, Lukas de Arzt; Die Apostelgeschichte; Neue Untersuchungen zur Apostelgeschichte.

VOORGESTELDE KRONOLOGIE VAN DIE NUWE TESTAMENT

As algemene leidraad vir die Nuwe Testamentiese medewerkers word die volgende voorgestel:

1. Algemene beginsels.

- a) In die beslissing oor kronologie word sover moontlik die konserwatiewe standpunt gevolg, en die tradisie geëerbiedig.
- b) In gevalle waar dateringe ingrypend deur 'n teologiese standpunt bepaal word, moet hulle liever verswyg word. Dit geld met name die Sinoptici en enkele van die Algemene Briewe.

2. Nadere besonderhede.

- a) Lewe van Jesus Weens die geringe gegewens is dit beter om hier geen jaartalle te noem nie, of dit slegs met groot reserwe te doen. Vasstaande is: die dood van Herodus die Grote in 4 v.Ch., en die regeringstyd van Pontius Pilatus c. 26 - 36 n.Ch.

Dus sou ons voorstel:

Geboorte van Jesus ..... c. 5/4 v.Ch.

Doop en eerste optrede ..... c. 27 n.Ch.

Kruisiging ..... c. 30 n.Ch.

- b) Datering van Evangelies en Handl. Omdat die datering van die Evangelies so nou saamhang met die verklaring van die Sinoptiese Vraagstuk sou ons voorstel dat daterings liefs nie aangegee word nie, en voorts dat in die „Inleiding” op 'n bepaalde Evangelie die vraagstuk van onderlinge afhanklikheid van die Sinoptici nie behandel word nie. Tog wil ons as konserwatiewe datums aan die hand doen:

Matt. .... c. 60-65 (indien oorspronklik in Grieks geskryf)

c. 70-80 (indien 'n vertaalde, bygewerkte boek)

Mark. .... c. 63/64 te Rome

Luk. .... c. 65-70.

Handl. .... c. 70 of iets later.

Joh. .... c. 90 (indien voor Openb.)

c. 96 (indien na Openb.)

c) Lewe en Briewe van Paulus

<u>Gebeurtenis</u>	<u>Jaar</u>	<u>Brief</u>	<u>Jaar</u>
Bekering .....	32/33 n.Ch.		
Eerste Sendingreis ....	48/49		
Apostelkonvent .....	49		
Tweede Sendingreis begin	49		
Verblyf te <u>Korinthe</u> (1½ jr.)	50 - 52	1 & 2 Thess. Gal. (Suid-Gal. Hd.16, 1)	c. 50/51 c. 50
Derde Reis begin .....	c. 52		
Verblyf te Efese (c.3 jaar)	52 - 55	Gal. (Noord-Gal. Hd. 19, 1)	c. 53
(Gallio te Kor. ....	c. 52 - 53)	1 Kor.	53/54
Vertrek van Efese (Demetrius-opstand) - Troas - Masedonië - Korinthe	c.54/55	2 Kor. (Masedonië)	c. 55
<u>In Korinthe</u> .....	c. 55/56	Romeine (Kenchréa)	c. 56
Reis oor Masedonië na Jerusalem .....	c. 56		
Gevangenskap in C			
Felix - Festus - opvolging	c. 58		
Feis na Rome .....	c. 58/59		
Gevangenskap <u>te Rome</u> ...	c. 60 - 62	Kol., Efesiërs, Fil. en Filemon	c. 60 - 62 do.
Weer in vryheid .....	c. 62 - 64	1 Tim. en Titus	c. 63/64
Tweede gevangenskap te Rome .....	c. 64 -	2 Tim.	c. 65
Dood .....	c. 65/66		

d) Ander geskrifte

Hebreërs	c. 80	Van Rome
Jakobus	c. 45-47	Jerusalem
1 Petrus	c. 62/63	Rome
2 Petrus	c. 63/64	Rome
Judas	c. 70	Onbekend
1, 2, 3 Joh.	c. 90	Efese (Liefs ná die Evang. gestel)
Openbaring	c. 95	Kl. Asië (Liefs ná Evang. gestel)

## DIE BRIEWE VAN PAULUS

### A. ALGEMEEN.

#### 1. Aantal.

a) Hoeveel briewe van Paulus besit ons?

b) Het Paulus meer beskryf?

i) 1 Kor. 5:9

ii) 2 Kor. 7:8

2 Kor. 7:12, 2:5 vgl. 1 Kor.

5:3-5.

2 Kor. 2:4 (onder baie trane)

i.v.m. tussen besoek, 2 Kor. 2:1; 12:14; 13:1.

iii) 2 Thess. 3:17 "elke brief".

iv) 1 en 2 Thess. (eerste briewe) na 15-20 jaar diens (50/51)

c) Inspirasie vraagstuk in verband hiermee.

#### 2. Karakter.

a) Wat onder "geleentheidsskrifte" te verstaan.

b) Waarom nodig om dit te verstaan?

i) Hoe historiese gegewens ter sprake kom.

ii) Ongeoorloofde gevolgtrekkings.

#### 3. Tyd van ontstaan.

a) Wanneer en waar elke brief ontstaan het.

I Thess. ....	50/51, tweede sendingreis,	Korinthe.
II Thess. ...	50/51, tweede sendingreis,	Korinthe
Gal. ....	53/54, derde sendingreis,	Efese
I Kor. ....	53/54, derde sendingreis,	Efese
II Kor. ....	55, derde sendingreis,	Filippi
Rom. ....	55, derde sendingreis,	Korinthe
Ef. ....	59-63, gevangenskap	Rome
Kol. ....	59-63, gevangenskap	Rome
Fil. ....	59-63, gevangenskap	Rome

Fm. ....	59-63, gevangenskap	Rome.
I Tim. ....	63/64 na loslating	_____
Tit. ....	63/64 na loslating	_____
II Tim. ...	64 tweede gevangenskap	Rome

b) Ontwikkeling van (strydige) gedagtes by Paulus?

i) nie moontlik nie: Inspirasie 2 Thess. 3:14  
 1 Kor. 7:40  
 Rom. 1:1 ens.  
 Kol. 4:16.

ii) nie te verwagte nie: periode van ontstaan  
 hoofbriewe 50 (53) - 55.

iii) nie aan te wys nie: 1 Thess. 4:15 vgl. 2 Thess. 2:2; 3:12;  
 2:5.  
 Hoe 1 Thess. 4:15 verklaar.

#### 4. Outentisiteit.

a) Wat hieronder verstaan?

b) Hoe dit hiermee staan. Uitspraak van Harnack (Briefsammlung, 1926)

c) Watter briewe in loop van tyd betwyfel.

d) Hoe dit tans met kritiek staan.

2 Thess. (o.a. Jülicher)

Efese )  
 Kol. ) (o.a. Jülicher, K. Lake).

Pastorale briewe.

e) Teenw. oordeel oor Pastorale briewe.

Uitspraak van Harnack (Briefsammlung),  
 p. 16.

Oudste getuienis (Polycarpus).

#### 5. Kanonisering.

a) Oudste getuienisse. 2 Petr. 3:16

Ignatius, Polycarpus.

b) Marcion se briewekanon.

Volgorde en aantal.  
 Wat ontbreek.

c) Fragment van Muratori (175)

Volgorde en aantal.

d) Beginsel van rangskikking.

Harnack se teorie.

Die regte beginsel.

-----

B. BESONDER

ROMEINE.

1. Outentisiteit.

a) Samehang van outentisiteit en kanonisiteit.

b) Hoe dit staan met outentisiteit.

2. Tyd en plek.

a) Waar en wanneer geskryf.

Nader aangetoon.

Kollekte afgehandel

Op pad na Jerusalem.

Jame: Gajus, Erastus, Sosipatros.

3. Gemeente.

a) Hoe ontstaan.

Nie deur Paulus.

Nie deur ander apostels, Rom. 15:20

(ondanks Ireanaeus en Dionysius)

Bestaan reeds jare, 1:10; 15:23.

Hand. 2:10.

b) Uit wie dit bestaan.

i) Meninge:

Marcionitiese proloog.

Ander tradisie.

Joodse meerderheid (Baur, Zahn).

Teenwoordig?

(Uitspraak van Lake, p. 27)

a. Joods-Christene:

1. 1:5, 6.

2. 6:16 (onduidelik)

3. 8:15 vgl. egter Gal. 4:9.

4. 7:1-7

5. 9-11 (Joodse teëwerpings)

6. 11:13

7. 14:5 v. teenoor Gal. 4:10, Kol. 2:16.

8. 15:26-32 (kollekte)

9. 16: ( persoonlike verwysings Zahn (1)  
- (4); (6)-(9); Holzmann (5).

b. Heidenchristene:

1.1:5 v.

2.1:11-13

3. 11:13

4. 15:15-16

ii. Ons konklusie

Vgl. Denney

La Grange

4. Karakter en doel.

a) Waarin dit verskil van ander briewe.

b) Kan ons dit 'n „brief" noem?

Vgl. Melancton:

„doctrinae christianae  
compendium"

i) Aanleiding-wat was dit?

ii) Misstande - wat was dit? (Vgl. Jülicher)

iii) Wat ontbreek pag. 34)

c) Duidelike omskrywing van doel.

Denney, p. 35

Greydanus p.35 (f)

5. Hoofgedagte en inhoud.

a) Hoofgedagte. Wese en universaliteit van Evan-  
gelie, p.35. Evangelie as verlose  
sende krag deur die geloof, p.34

b) Inhoud.

i) Inleiding 1:1-17.

a. Apostoliese roeping 1:1-15.

b. Tema 1:16-17.

ii) Hoofdeel.

(I) Oor ellende.

- a. heidene 1:18; 2:29.
- b. Jode 3:1-8
- c. samevatting 3:9-20.

(II) Oor verlossing.

- a. regverdigmaking 3:21-5.
- b. heiligmaking 6-7.
- c. heerlikmaking 8.
- d. roeping en verkiesing 9-11.

(III) Oor dankbaarheid.

- a. teenoor God 12:1-8.
- b. teenoor naaste.

in die alg. 12:9-21  
Owerhede 13  
swakkes 14-15:13.

c) Slot.

- a. Paulus se planne 15:14-33.
- b. Groetes en vermanings 16.

6. Integriteit.

a) Wat hieronder verstaan word.

Interpolasies.  
Vraag na oorspronklike vorm.

b) Hoe dit hiermee staan.

i) 1:7 om. Gg e.a. vgl. 4b.

Hierteenoor 1:8-13, 15.

ii) Doksologie.

- a. eindig 14:23 (Marcion)
- b. agter 14:23 (Baie Hss.)
- c. tweekeer, 14:23, 16:24.
- d. agter 16:24

Argumente vir (d): (1) Aansluiting 15:1 by 14:23  
(2) Vgl. ook Moffatt, Lake.

iii) Hoofstuk 16.

- a. twee menings.

- (1) Vreemde stuk.
  - (2) Brief aan Efese.
- b. Argumente.
- (1) Baie kennis
  - (2) min Latynse name,
  - (3) Aquila en Priscilla (vgl. 1 Kor. 16)
- c. Weerlegging.
- (1) Vir persoonlike groetes vgl. Thess., Kor., Fil., Gal. met Kol.
  - (2) Briewe met groetes aan Efese.

BRIEWE AAN KORINTHE

I KORINTHE

1. Outentisiteit.

- a) Oudste getuienis.
- b) Is dit ook ontken?

*4 Briewe aan Kor. geskryf. Die Kanon het tot afsluiting gekom en die el. voorsienigheid van God.*

2. Tyd en plek.

- a) Wanneer geskryf. vgl. ook p.
- b) Nadere berekening.

3. Aanleiding en inhoud.

- a) Wat Paulus gehoor het (misstande).
  - i) Twiste (1-4)
  - ii) geval van bloedskande (5:1-8).
  - iii) misverstand oor vorige brief (5:9-13)
  - iv) prosesse voor regter (6:1-11)
  - v) onreinhede (6:12-20)
  - vi) misstande by nagmaal (11:17-34)
  - vii) optrede van vroue (11:2-16; 14:34-36)
  - viii) dwaalleer oor opstanding (15)
- b) Brief van Kor. met vrae. (Stef. Fort. Ach.)

- i) Huwelik (7)
- ii) offervleis (8-9)
- iii) geestelike gawes (12-14)

4. Karakter en betekenis.

- a) Verskil tussen 1 Kor. en Rom.
- b) Vraagstukke wat ter sprake kom en wat Paulus daaromtrent leer.

i) Karakter van kerklike amp (1-4)

- a. ampsdraers  $\epsilon\upsilon\upsilon\epsilon\rho\upsilon\varsigma \theta\epsilon\omicron\upsilon$  (3:9)
  - b. gemeente  $\theta\epsilon\omicron\upsilon\gamma\epsilon\omega\pi\rho\iota\omicron\nu$  (3:9)
  - $\theta\epsilon\omicron\upsilon \omicron\iota\kappa\omicron\sigma\omicron\pi\eta$  (3:9)
- Nóg die Amp afhanklik van gemeente.  
 Nóg die gemeente van Amp.  
 Albei afhanklik van God.

ii) Kerklike tug en wêreldlike regspraak (5, 6).

- a. subjék: H. Gees, apostolaat, gemeente.
- b. objek: Belydende gelowige.
- c. doel: Heiligheid van gemeente.  
Behoudenis van sondaar.
- d. Waarin dit bestaan:  
Opsegging van gemeenskap.  
Eie organisasie teenoor wêreld.

iii) Huwelik, vrou in gemeente (7, 11, 14).

- a. egskeiding prinsipieel veroordeel.
- b. gesinseenheid gehandhaaf in kerklike lewe.

iv) Regte nagmaalsviering (11)

- a. Agapè en nagmaal.
- b. "liggaam" en "Liggaam".

v) Orde in erediens.

- a. onderskeiding van gawes.
- b. gemeenskap van heiliges.
- c. Gees en orde. (14:29).

vi) Christelike vryheid.

- a. Wat dit uitsluit: sonde.

- b. Wat dit insluit: selfbeperking (liefde)
  - c. Vryheid in Rom. en 1 Kor.
- c) Bevat 1 Kor. ook ander stof?
- i) Leerstellige stof.
    - a. Opstandingshoofstuk, I Kor. 15.
    - b. Verdeling van hoofstuk.
      - i. Stelligheid van Opstanding.
      - ii. Moontlikheid van Opstanding.
      - iii. Hoedanigheid van Opstanding.
  - ii) Poëtiese stof.
    - a. I Kor. 13.
    - b. Verband waarin dit voorkom.

5. Die gemeente.

- a) Geskiedenis.
- b) Gesteldheid van gemeente.
  - i) Uit wie hulle bestaan.
    - a. Ook aansienlikes?
    - b. Enige name, en wat ons omtrent hulle weet, p. 60.
  - ii) Was die gemeente groot?

Hand. 18:8.
  - iii) Geraardheid.
    - a. roemsugtig (kennis)  
selfsugtig I Kor. 13.  
ywersugtig (1-4)
    - b. Ook iets goeds?  
1 Kor. 12-14.
  - iv) Organisasie van gemeente.
    - a. Swye oor ampsdraers.
    - b. Afwesigheid van organisasie?
  - v) Verdeeldhede van gemeente.
    - a. Aard daarvan.
    - b. Het leiers iets daarmee te doen?

## II KORINTHE

1. Skrywer, tyd en plek.
  - a) Waar is II Kor. geskryf?
  - b) Hoe lank na I Kor.?
2. Aanleiding.
  - a) Gebeurtenisse tussen I en II Kor.
    - i) Tussenbesoek 2:1-3, 5; 7:12; 12:14; 13:1.
    - ii) Tussenbrief 2:4, 9; 7:8, 12.
    - iii) Titus se aankoms 2:12-13.
  - b) Kollekte, 8-9.
  - c) Valse leraars. 10-13.
3. Inhoud en karakter.
  - a) Drie dele van die brief. Vgl. par. 69 (a).
  - b) Hoogtepunte in 1-7, en hoe die apostel daarby kom.
  - c) Grondslag van Christ. barmhartigheid in tweede deel.
  - d) Hoogtepunt van derde deel, en wat daartoe lei.
  - e) Besondere karakter van II Kor.
4. Integriteit.
  - a) Probleem van 10-13. *benoem P. se tranebrief. Sommiges meen dit is een v.d. briewe wat weggeraak het*  
Samehang (ander toon).  
Wie die valse leraars is.
    - i) Valse leraars.
      - a. karakteristieke.
      - b. identifisering:
        - (1) Christusliede (I Kor.)?
        - (2) Petrusliede
        - (3) Judaïste (Gal.)?
        - (4) Libertiniste (Petr. Jud.)?
      - b. Wie is hulle?
    - ii) Opvattings i.s. samehang
      - a. Tussenbrief (Hausrath, Kennedy, Plummer).
      - b. ander brief na 2 Kor. (Windisch, Krenkel).

Metode van verklaring: "literêr-krities"  
i.p.v. "psigologies".

Argumente teen (a):

1. Verwysings na 2:5 v.v. ontbreek in 10-13.
2. Verwysings na 10-13 (teëstanders)  
ontbreek in 1-7.
3. Geen "tranebrief" nie.  
teen (a) en (b)
4. Verbinding van briewe.

iii) Verklaring van samehang?

b) Besware teen 6:11 - 7:1.

---

GALATE.

1. Probleem i.v.m. die lesers.

a) Suid-Galatiese hipotese.

- i) "provinsie" Galate, deur Paulus besoek op eerste sendingreis.
- ii) Bepleit sedert 18e eeu, o.a. Ramsay, Zahn, J. Weiss, Meyer, De Witt Burton.
- iii) Argumente.
  - a. Noord-Galasië in Hand. slegs genoem.
  - b. Judaïstiese leraars.
  - c. Gal. 2:5.
  - d. Barnabas (1e Sendingreis)

b) Noord-Galatiese hipotese.

- i) "landskap" Galasië, deur keltiese stamme, deur Paulus besoek op 3e Sendingreis, bewoon
- ii) oudste opvatting,
- iii) argumente:
  - a. heidense lesers, 4:8; 6:13.
  - b. 4:13 (  $\delta\iota' \alpha\gamma\alpha\theta\epsilon\upsilon\alpha\upsilon$  ), p. 102,
  - c. karakter van Galasiërs.

2. Die Dwaalleraars.

- a) Verskille tussen Paulus en Petrus?
- b) Wat hulle geleer het.

"Ander" evangelie, 1:6  
wet + Christus,  
verdienste moet bykom.

3. Hoofgedagte en inhoud.

a) Hoofgedagte.

- i) Waarin dit bestaan.

Genade alléén (*Χρηεις νοσου* ).  
teëstelling genade-verdienste.

- ii) Vergelyk Rom.

b) Inhoud.

i) Oorsig:

- a. Aaleiding: spoedige verandering by Galate 1:1-9.
- b. Selfstandigheid van Apostelskap 1:10-2:21.
- c. Bestryding van dwaalleer 3:1 - 5:12.

- i. hoe hulle die Gees ontvang het
- ii. hoe Abraham geregverdig is
- iii. betekenis van die wet
- iv. die twee verbonde
- v. slotsom: In Christus alleen.

d. Christelike vryheid.

e. Slot.

ii) Betekenis van die wet.

- a. Volgens Gal.?

- (1) tugmeester tot Christus
- (2) reël van dankbaarheid.

- b. volgens Rom.?

III (c).

iii) Christelike vryheid.

- a. Volgens Gal.?
- b. Volgens I Kor.?

4. Plek en tyd.

a) Volgens Suid-Gal. hipotese.

2e Sendingreis (Korinthe)  
waarskynlik eerste brief 50/51 (Zahn).

b) Volgens Noord-Gal. hipotese.

3e Sendingreis (Efese)  
Begin, vgl. 1:6, + 52/53.  
Calvyn se mening:

Vóór Apostelkonvent, 2:1  
Onhoudbaar.

5. Kritiek.

a) Outentisiteit.

- i) Ontken: Slegs deur radikale skool,
- ii) grond: Christologie (Seun van God).

b) Integriteit.

- i) kompilasie (Baljon)
- ii) skaalanalise (Sivers)

---

GEVANGESKAPSBRIEWE.

A. ALGEMEEN.

a) Watter briewe?

Efese  
Filippense  
Kolossense  
Filemon.

b) Waarom "gevangeskapsbriewe"

- i) Ef. 3:1; Fil. 1:7; Kol. 4:18; Fm. :1.
- ii) Dieselfde persone genoem.  
Tichikus, Onesimius, Markus,  
Aristarchus Archippus.

c) Watter gevangeskap.

i) Cesarea.

- a. Verteenwoordigers.

B. Weiss, Baljon e.a. (Ef. Kol. Fm.)  
O. Holzmann (ook Fil.)

b. Argumente.

- i. praetoriane Fil. 1:13 (Holzmann)
- ii. vrylating (Baljon)
- iii. "bande" (Feine).

ii) Efese.

a. Verteenwoordigers.

Deissman, Feine, Michaelis, e.a.

b. Argumente.

- i. hy. was gevangene in Ef.
- ii. nabyheid Kolosse en Efese.

Vlug van Onesimus.  
Losies in Kol. (Fm. :22)  
Sending van Tim. (Fil. 2:19)  
Onderhoud uit Fil.  
Druk verkeer, Fil. 2:25 v.v.

iii. planne na vrylating.

iii) Rome.

- i. Veelheid van praetoriane Fil. 1:13.
- ii. veelheid van predikers, Fil. 1:14.
- iii. verandering in gevangenskap en hoop op vrylating, 1:12 v.v., 25, 30.
- iv. baie uit huis van keiser, 4:22.
- v. geleentheid om te predik, Hd. 28:16, 30 v.

Tyd: + 60.

Filippense laaste.

B. BESONDER.

EFESE.

1. Lesers.

a) Tref dit die Kanonisiteit?

i)  $\acute{\epsilon}\nu \text{ } \overset{\nu}{\text{E}}\phi$  : Alle maj. min. vert. kv. beh. B, 67 (uitgevee), p. 46, Marc. (ad. Laod.).

Tert. verwys nie hierna in sy weerlegging van Marc.

By Orig. ontbreek (heel waarskynlik)  $\acute{\epsilon}\nu \text{ } \overset{\nu}{\text{E}}\phi$  na die synde.

τοῦ οὐνοῦ

Greyd.: "Vry waarskynlik dat dit ontbreek het".

b) Menings:

i) Laodicense - Marcion, vgl. Kol. 4:14  
so ook Harnack, K.S. Lake.  
(damnatio memorim Openb. 3).

ii) Sirkulêre brief.

(1) met oop ruimte... (Beza),  
te modernisties.

(2) *τοὺς ὁὐλοῦν καὶ πικτοῦν*, teenoor Jode waarsk. met  
Ef. as middelpunt (Von Soden, Greydanus)

2. Outentisiteit.

a) Tref dit kanonisiteit?

- i) Ef. 1:1; 3:1
- ii) Clem. Rom. Polyc. Ir. Can. Mur. Marc.

b) Besware daarteen.

- i) Verwantskap met Kol. (H.J. Holzmann)
- ii) verskil met hoofbriewe en afhanklikheid van Kol. (De Wette),
- iii) Christologie: gnosties en montanisties, met verwysing na woorde,  
*πληρωμα*, 1:23; *υψωσις*, 1:17 (Baur),
- iv) kerkbegrip vergeleke met Rom. en Kor. (Lake).
- v) swaar styl (Knopff.)

c) Beantwoord.

- i) Verskil by ooreenkoms: Kol. baie kontrovers, wat by Ef. ontbreek.  
"Mees monstruktiwe van Paulus se briewe" (Lake),
- ii) Geen teenstrydighede maar voortbou van gedagtes, veral t.o.v.  
Christologie en Kerk (Jül.)
- iii) Aanwesigheid of afwesigheid van woorde geen kriterium (Michaelis)  
Uitsprake van P. Ewald en Salmond  
(p. 153)-
- iv) Eenheid van Kerk, 1:2 vgl. 1 Kor. 12:28, Rom. 12:5; Ampsdraers,  
4:11 vgl. 1 Kor. 12:28; 2:20 vgl. 1 Kor. 15:9-11; 3:11 (Jül.)
- v) Styl en stemming hang saam (Jül.)

3. Hoofgedagte en inhoud.

a) Hoofgedagte.

Groot genadewerk van God in Christus:  
Samevatting van alle dinge in Christus,  
die Hoof van die kerk. P. 154.

b) Inhoud:

i) Groot konsepsie van die Kerk (1-3):  
Die universele kerk soos dit wortel

- (1) in die ewige verkiesing,
- (2) die werk van Christus, en
- (3) die Heilige Gees.

ii) Sedelike eise wat hierin wortel. (4-6)  
Die geloofslewe

- (1) onderling
- (2) in die wêreld
- (3) as reiniging van alle sondes
- (4) in sy innerlike stemming
- (5) in sy huislike en
- (6) sy maatskaplike verhoudings
- (7) as n stryd teen die geestelike booshede in die lug.

Sien ook oorsig van Salmond,  
p. 154.

c) Die betekenis van die wet.

- (1) in Efese (2:14-15)
- (2) in Galate (3:1, 13 v.v.; 4:1 v.v.).
- (3) in Romeine.

5. Tyd en plek.

- (1) Ef. 3:1; 4:1; 6:21 v. vgl. Kol. 4:7-9.
- (2) Sien verder onder (a).

## FILLIPPENSE

1. Die gemeente van Filippi.
  - a) Filippi.
    - i) Waar dit geleë was.
    - ii) Die stad self.  
Hand. 16:12, 21.
  - b) Die gemeente daar.
    - i) Wanneer gestig.
    - ii) Uit wie dit bestaan.
    - iii) Besoeke van Paulus.
    - iv) Paulus en die gemeentes Fil. en Thess. 4:1.  
Vgl. 1 Thess. 2:19-20.
2. Aanleiding.
  - a) Blydskap oor ontvangte gawes: 1:7; 2:25; 4:10-19.
  - b) Blydskap vir hulle:
    - i) terugkeer van Epafroditus, 2:26-28,
    - ii) i.v.m. homself, 1:12-18.
  - c) Waarskuwing teen valse leraars.
    - i) Wie hulle was 3:2-17.
    - ii) Dieselfde as die van 3:2?  
3:18-19?  
1:16-17?
  - d) Verdeeldhede

1:27  
2:1-4; 12-16  
4:2-3.
3. Karakter en inhoud.
  - a) Karakter.
    - i) Hooftoon van die brief.
    - ii) Besondere karakter.
      - a. Waarin dit bestaan,
      - b. vergeleke met ander briewe,
      - c. invloed op vorm van die brief.
  - b) Inhoud.
    - i) Oorsig: Inl. 1:1-2.



## KOLOSSENSE

### 1. Aanleiding.

- a) Verhouding van Paulus tot die gemeente.
- b) Ontstaan van die gemeente.
- c) Wat was die aanleiding.
- d) Wie was Epafras.

### 2. Dwaalleraars van Kolosse.

#### a) Besonderhede.

- i) Onderhouding van besnydenis 2:11  
bepaalde feesdae, 2:16, 21.
- ii) Onthouding van sekere spyse 2:16, 21  
let op besondere doel hiervan 2:23  
= nie werkheiligheid maar ascese.
- iii) Hoe die genetivus verstaan?  
Ook:

#### b) Die aard daarvan.

Ander weg tot volkomeheid (Greydanus)  
n Joods-Ascetiese sekte (mengsel van Jodendom en heidendom)  
Sien beskrywings Jülicher-Facher  
Feine-Behm.

### 3. Inhoud en betekenis.

#### a) Inhoud.

##### i) Leerstellige deel.

Christus geteken in sy hoogheid as Skeppingsmiddelaar, vgl. Joh. 1:1 v.v.; Hebr. 1:1 v.v.) en ook as Verlosser van die ganse skepping (1:1-29) in wie alle wysheid en kennis verborge is en staan bó engelemag, deur wie die vloek van die wet opgehef is aan die kruis, (2:1-15), daarom moet hulle hul nie laat beheers deur engelemag of menselike voorskrifte van ontsegging nie, maar, met Christus opgewek, die dinge soek wat bo is.

##### ii) Praktiese deel.

Hulle moet breek, nie met die gebruik van spyse, ehs. maar met sondige begeerlikhede, en in plaas van ontsegging van die lewe moet hulle hul beklee met die nuwe lewe in Christus (3:1-17) ook in huislike kring en in die samelewing (3:18 v.v.).

b) Besondere betekenis.

i) Christologie.

Die Hoogheid van Christus:

a. In Efese: Heerlikheid van die Kerk as Liggaam van Christus  
Eenheid van Kerk, Ef. 2:11 v.v.

b. In Kolossense: Heerlikheid van Christus as Hoof van die Kerk.

Eenheid van Kerk en Wêreld.  
Skepping en Herskepping.

ii) Christelike lewe:

a. Nie myding maar wyding.

Ook verskillende lewensverbande.

b. Christ. vryheid.

In beginsel: Galate

In praktyk: Kor. : nie misbruik  
Kol. : regte gebruik.

4. Tyd en plek:

a) Omstandighede.

Gevangene - 4:18.

Cesarea?

Efese?

Argument vir Rome: 4:3, 11.

b) Wanneer?

Fil. 2:24.

5. Ouentisiteit.

a) Bestryding

Tübingers.

Teorie van Holzmann.

b) Argumente (inwendige getuienis)

i) Woordgebruik

Uitsprake: Feine-Behm

McNeile

ii) Christologie

Uitspraak: Clogg.

iii) Algemeen

Uitsprake: Moffatt

Greydanus (Brief).

c) Uitwendige getuienis

Kanon van Marcion, en Kan. Muratore.  
Justinus de Martelaar  
Kerkvaders (Ir., Tert., Clem. Alex.).

---

THESSALONICENSE

I Thess.

1. Stigting en geskiedenis van gemeente.

a) Gemeentestigting.

I Thess. 3:10 vgl. 2:18.  
I Thess. 1:8, 9 vgl. Hd. 17:4.

b) Organisasie?

I Thess. 5:12.

c) Omstandighede

Vervolging: Jode 2:14-16 vgl. 2:10.  
Ook voorsê 3:4.

2. Aanleiding.

Plotselinge vertrek, 2:18; 3:10.

Sending van Tim. 3:1 - 5 en terugkeer 3:6.

- geen goeie berigte 3:7 - 9
- lastering teen hom 2:10
- hulle verdrukking 3:2 - 4
- misstande 4:1 - 8 (lewensgedrag)  
4:13 - 18 (gestorwenes)  
5:1 - 11 (Dag van die Here)

3. Inhoud.

a) Oorsig:

- I Dank vir hulle geloof 1:1 - 10
- II Lasterpraatjies teen hom 2:1 - 16
- III Bemoediging 2:18 - 3:13.

IV Vermanings 4:9 - 5:28.

Heilig lewe en getrou arbei 4:9 - 12.

Gestorwe gelowige 4:13 - 18.

Plotselinge koms van die dag 5:1 - 28.

b) Wat besonder na vore kom.

Opstanding van die dode en Wederkoms.

4:13 - 5:11 vgl. 1 Kor. 15.

Het Paulus ook in sy leeftyd verwag?

1 Thess. 4:15, 17 vgl. 2 Thess. 2:3 - 5.

c) Besondere karakter en betekenis.

Geen groot geloofswaarhede nie, maar om gemeente staande te hou, te bemoedig en te vertroos.

Koningskap van Christus (Kon. van God) staan hier op voorgrond - vgl. Hand. 17:7 en Sy Godheid (Here 5 X).

Kerkorganisasie.

4. Tyd en plek.

- Korinthe, 2e Sendingreis, + 51.

Silas en Tim. by Paulus in Kor.

1 Thess. 3:1, 2. Vgl. 2:17.

- Ander menings.

3e Sendingreis te Ef. + 55.

Argumente.

5. Outentisiteit.

Bestryding.

Deur wie?

Argumente.

---

II Thess.

1. Aanleiding en inhoud.

a) Aanleiding.

i) Onordelike wandel.

ii) Dag van die Here 2:2.

iii) Onderskrewe brief 2:2; 3:17.

b) Inhoud.

i) Dank vir geloof en aanmoediging met oog op wederkoms (1:1 - 12)

- ii) Wederkoms en verskyning van die mens v.d. sonde 2:9 - 17.
- iii) Opwekking tot getrouheid, en toepassing van tug (3:14, 15; 3:1-18)

2. Verhouding van 1 en 2 Thess. Mb

- a) Die kwessie.
- b) Beskouings.

3. Outentisiteit.

- a) Tübingers.
- b) Argumente.
- c) Latêres. (Holzmann, Wrede, Jülicher, Lake)  
Argumente.

Uitsprake van Feine-Behm  
Moffatt  
E.F. Scott.

Harnack se mening.

4. Tyd en plek.

Kor. + 5l.

Kort na I Thess. vgl. Hadorn.

---

Pastorale Briewe

1. Waarom "Pastorale" Briewe

- Sinds wanneer.

P. Anton

Cannon Muratori.

2. Outentisiteit

a) Historiese oorsig v.d. kritiek.

b) Argumente.

i) Taalkundig

- Hapax legomena
- Sekere uitdrukkings
- Griekse (hellenistiese) uitdrukkings.
- Ooreenkomste met Lk. en Hd.
- Sinsbou minder kompak.

Uitsprake: Dibelius  
Parry  
Michaelis  
Teorie van Behm.

- ii) Lokale omstandighede.
- iii) Dwaalleraars.  
Uitsprake van Clogg  
Feine-Behm
- iv) Kerklike karakter (hoofargument)  
Besonderhede.
- v) Ander Christendom en vroomheid.  
Dibelius hieroor  
Uitspraak van Michaelis.

---

TIMÓTHEÛS

I. Tim.

1. Plek - tyd - aanleiding

- a) Plek.  
Griekeland 1 Tim. 1:3 vgl. Tit. 3:12.
- b) Tyd.  
Na eerste gevangenskap (61 - 68)  
Voor of na reis na Spanje? vgl. 2 Tim. 1:8.
- c) Aanleiding
  - i) Om Tim. te waarsku teen dwaalleraars 1:3.
  - ii) Allerlei voorskrifte omtrent ampsdraers.  
Tim. se geaardheid.

2. Dwaalleeraars

Besonderhede

Mengeling van Joodse en heidense dwalings (Sinkretisme)

- a. Jode.  
Besonderhede.
- b. Jodegenote en heidense dwalings.  
Besonderhede.

Betekenis van hierdie brief:

- a. Eenheid van natuur en genade.

- b. Betekenis van Apostolaat.  
Suiwerheid van leer 1 Tim. 1:3, 6.  
Verbinding met historiese Jesus  
1 Tim. 1:11 - 12.

3. Inhoud.

a) Oorsig:

Waarskuwing teen dwalinge (1:1 - 16) en binding van suiwere evangelie op sy hart (19 - 20) - Houding t.o.v. owerhede ter wille van die evangeliebediening (2:1 - 7); gedrag van vroue (huislike lewe) (2:8 - 12) - Kerklike lewe: Ouderlinge en diakens. Die kerk as: Vastigheid van die waarheid (3:1 - 17) - Weer dwalinge: Oefening van Godsaligheid teenoor hierdie nuttelose praktyke (4:1 - 10) Godsaligheid teenoor hierdie nuttelose praktyke (4:1 - 10) - Bemoediging v. Tim. vir sy optrede teenoor oud en jonk, manne en vroue en weer kerklike voorskrifte: Weduweedienste, ouderlinge, slawe en here (4: 11 - 6:2) - Bewaring van die Suiwere leer en Godsvrug (6:3 - 21).

b) Hoogtepunte:

2:5  
3:16  
4:8  
6:6 - 8.

---

II Tim.

1. Plek - tyd - aanleiding.

- a) Plek: Rome, 1:17.  
b) Tyd: Tweede gevangeskap (1:8; 2:9; 4:6 - 8), ± 64.  
c) Aanleiding.

Tim. moet met Markus kom 4:11.

Sy vriende het hom verlaat...

Lukas alleen by hom.

Tim. moes nog aangaande een en ander onderrig word.

2. Inhoud.

a) Samevatting:

Bemoediging v. Tim. om vas te staan teenoor allerlei dwalinge met verwysing na Paulus, wat die goeie stryd gestry het.

b) Op voorgrond:

Opstanding van die dode. 1:10  
2:8 - 10  
2:17 - 18.

c) Hoogtepunte:

- i) Jesus Christus wat die dood te niet gemaak het en die lewe en onsterflikheid aan die lig gebring het (1:10)
- ii) Vaste fondament staan... (2:19)
- iii) Heilige Skrif deur God ingegee (3:16 - 17)
- iv) Goeie stryd gestry (4:7 - 8).

3. Kettery

Loëning van opstanding (2:17 - 18).

In samehang hiermee: goddeloosheid en verderf.

Veragting van die liggaam.

Andersom as 1 Tim.

Betekenis van hierdie brief:

Verband van Godsdienst en sedelikheid.

---

TITUS

1. Plek - tyd - aanleiding.

- a) Plek: Griekeland. Op pad na Nikopolis 3:12  
Vermoedelik in Masedonië.
- b) Tyd: Voor sy tweede gevangeneeming, en na sy vrylating.  
Hy was intussen op Kreta.
- c) Aanleiding.

Aan Titus, wat hy agter gelaat het op Kreta om sy werk voort te sit. Reëling van kerklike lewe ook op ander plekke. Ouderlinge aanstel ens. en waarskuwing teen allerlei dwalings en dat hy in sy optrede sal toon dat hy nie optree met eie gesag nie.

2. Kettery.

- a) Dieselfde as in Tim. - behalwe die asketisme en loëning van die

opstanding. Dus: Joodse dwalinge:  
Joodse afkoms 1:10  
fabels )  
Geslagsregister ) 1:11  
Anders as in Galate ens.

b) Kretensiese volkskarakter.

woes )  
lui ) 1:12

### 3. Inhoud.

#### a) Oorsig

i) Opskrif en seëngroet 1:1 - 4.

ii) Ordening van gemeente (1:5 v.v)

##### Ampsdraers.

Vereistes van ouderlinge (1:5 - 9) i.v.m. beskrywing van Kretensers en hulle dwalinge (1:10 - 16)

##### Gelowiges.

Gedrag van gelowiges - in onderlinge verkeer (2:1 - 16) - teenoor die wat buite is met 'n herinnering aan wat hulle was en hoe hulle verlos is (3:1 - 11).

iii) Slot: Dat Titus na hom moet kom.

#### b) Enkele besonderhede.

Nadere bepalinge by "Paulus":

"Apostel van God"

" "

God as verlosser, vgl. 2:10, 13; 3:4.

Samevattings v.d. Evangelie.

2:11 - 14 (by onderlinge verkeer)

3:4 - 7 (by verhouding na buite)

Wat ons leer aangaande die ampte:

(1:5 vgl. vs. 7)

## FILEMON

### 1. Plek en tyd.

Eerste gevangeskap in Rome.

In gevangeskap, 1:9, 22.  
dieselfde as Efese ens.

a) die geselskap v. 1 vgl. Kol. 1:1; Fil. 1:1  
v. 23, 24, vgl. Kol. 4:10, 13, 14.

b) veral Kol. 4:7 - 9

- teen die einde - vs. 22.

### 2. Aanleiding en inhoud.

Filemon, 'n goeie Christen, v. 5, 7, 13 - 15, 21 v.v., waarskynlik deur Paulus tot bekering gebring, v. 18 v., woon in Colosse, Kol. 4:9, met sy vrou Appia en sy seun Archippus, vs. 2, waarskynlik 'n ouderling, Kol. 4:17. Sy slaaf Onésimus het van hom weggeloop, en ook miskien iets verduister, v. 18. Hy kom met Paulus in aanraking in Rome, en word deur Paulus tot bekering gebring, 10. Hy stuur hom nou met die brief terug, 12, 17. Hy wou Onésimus liever daar hou, maar nie sonder Filêmon se toestemming nie.

Hy skryf nou

(a) in belang van Onésimus. Deel dan Filêmon se bekering mee, vra dat hy hom in welwillendheid ontvang sonder hom te straf of miskien dood te maak;

(b) in verband met homself, om losies vir hom te reël aangesien hy verwag om spoedig vry te wees.

### 3. Betekenis

Christelike vryheid... 'n innerlike vryheid ook onder bande....  
Slawerny as sodanig nie deur die Christendom opgehef nie.

## HEBREËRS

### 1. As geskrif.

a) Eienaardighede: Sonder adres  
Outeur  
lesers  
seëngroet

### b) Verklarings:

- i) Van Jülicher
- ii) Ander: Wrede  
Reuss  
Wendland  
Deissman.

### c) n Brief?

Bepaalde mense - omstandighede - gevare. Skrywer was by hulle, 5:12, - weet hulle het reeds lank tot bekering gekom, het verdrukking gely en gehelp die wat verdrukking gely het. Hulle is hulpvaardig. Daar het verslapping ingetree.

Geen abstrakte teologiese verhandeling nie.

Geen geskrif vir die Christendom in die algemeen.

Uitspraak van Büchsel.

### 2. Die skrywer.

#### a) Verskil van meninge.

i) Oudste tyd: Irenaeus: nie van Paulus  
Tertullianus: Barnabas  
(Ir. & Ter. v.d. Weste)

Ooste - { Pantemus: Paulus  
{ Clemens Alexandrinus: Paulus (in Hebreus geskryf)  
{ Origenes:  
{ Ook gedink aan Clemens Romanus en aan Lukas.

#### ii) Reformasie.

Erasmus: Clemens Romanus

Luther: Apollos

Calvyn: Leerling van Paulus -

docendi ratio et stylum alium quam Paulum esse.

#### b) Nadere oorweging.

i) Vir Paulus.

Verband met Timotheus  
Ooreenkoms van woorde en gedagtegang.

ii) Teen Paulus.  
Skryfwyse  
Inhoud (deels)  
- hy sal saam met Timotheus kom - Hebr. 2:3 vgl.  
met Gal. 1:1.

iii) Wie in aanmerking kom.  
Barnabas, Apollos, Silas, Clemens  
Romanus - Veral Barnabas (Bornhatser)  
Selfs Paulus.  
Hebr. 2:3 sluit Paulus hom dan in by die lesers.

iv) Die lesers het ten minste geweet, 13:19.

c) Wat ons van die skrywer weet.

i) Kenner van die O.T. instellings.  
Diepe Sin v.d. O.T.

ii) Bedrewe in Grieks.  
vgl. Wendland hieroor. (By Greydanus, p. 261)

3. Die lesers.

Jode in Palestina of Jerusalem (Priesters)?

Hierteen 6:10 (finansiële hulp)

Hulle woon in Rome, 13:24.

Waarskynlik Joods-Christene.

4. Plek en tyd.

a) Plek: Buite Italië, vgl. groete, Hebr. 13:24.

b) Tyd: Timotheüs lewe nog.  
Clemens Romanus weet van die brief.

5. Inhoud.

a) Oorsig.

i) Leerstellige deel (1:1 - 10:18)  
Christus die volmaakte Priester en Sy Volmaakte Offer.

a. Volmaakte Priester (1:7 - 7:17)  
bo engele  
bo Moses  
bo Aäron en die O.T. priesterskap.

b. Sy Selfofferande (7:18 - 10:18)  
bo die dieroffers  
In O.T. slegs afgeskadu.

ii) Vermanende deel (10:18 - 13)

- a. Geloofshelde (11)
- b. Vermaninge (12 - 13)

b) Enkele besonderhede:

- i) Ou en N. Test.  
Eenheid en verskil 1:1 - 2.
- ii) Ooreenkoms met proloog v. Johannes (1:1 - 4)  
Seun v. God in Sy heerlikheid en Sy vleeswording.
- iii) Voortgesette onderrig (6:1 - 2)
- iv) Hoëpriesterskap v. Christus heerlik beskrywe, Hebr. 4 en  
7:26 - 28.
- v) Die Nuwe Verbond, 10:15 - 18.
- vi) Die geloof en Sy krag 11.
- vii) Kastyding, 12.

6. Aanleiding en betekenis.

a) Aanleiding

Verslapping het ingetree 2:1.

Hoe dit eers was 10:32.

Daar was ook kastydinge.

Gemeente dreig om terug te val.  
in Jodedom?  
in heidendom?  
vgl. p. 259.

b) Betekenis

i) Oproep tot bekering.

By insinking v. geloof, en verflouing van hoop (p. 259)

ii) Twee pole. Israel, Hebr. 4 en 6.  
Geloofshelde, Hebr. 11.

ii) Vir eksegeese

Regte allegoriserings.

Hoe die skrywer staan teenoor die O.T. p. 260.

## DIE BRIEF VAN JAKOBUS

### 1. Die skrywer

Aangegee as "Jakobus, n slaaf van God en die Here Jesus Christus".

Wie is hierdie Jakobus?

Die volgende kom hierby in aanmerking:

- 1) Jakobus die seun van Sebedeus;
- 2) Jakobus, die seun van Alfeüs;
- 3) Jakobus, die broer van die Here.

Vir die vasstelling uitgaan van twee feite:

- 1) Dat die skrywer n algemeen bekende man was. Hy ag dit byvoorbeeld nie nodig om hom nader aan te dui nie. Iets wat te meer opval, nou dat daar so baie was wat die naam Jakobus gedra het.
- 2) Dat elke aanduiding ontbreek, sowel wat die opskrif betref, en ook verder in die brief, wat daarheen wys dat die skrywer n apostel was, soos bv. blyk uit die briewe van Paulus, en ook die van Johannes (1:1-4). Dus: Geen Apostel en tog n goed bekende.

Dit wys in die rigting van Jakobus, die broer van die Here, van wie ons die volgende weet: Hy word genoem Mt. 13:55, Mk. 6:3. Die broers van die Here glo aanvanklik nie in Jesus nie. Johannes 7:5, maar later vind ons hulle by die gemeente Hand. 1:14. Hulle het dus tot bekering gekom, nie onwaarskynlik ten gevolge van die verskyning van die opgestane Heiland aan Jakobus, 1 Kor. 15:7. - Om verder te kom moet ons uitgaan van Hand. 12:17. Petrus, wonderbaar uit die gevangenis gered, gelas om die berig van sy verlossing in die eerste plek te laat toekom aan "Jakobus", Hy moes dus n man wees van groot invloed in Jerusalem. Die apostel kon dit nie wees nie. Hy was reeds dood, vgl. vs. 2. Dit moet dieselfde Jakobus wees wat optree in Hand. 15 en blykens 21:18 leier is van die gemeente van Jerusalem, dieselfde wat ook in Gal. 1:19 en 2:12 dan optree. Volgens Gal. 1:19 is hy die broer van die Here, wat blykbaar getel word onder die apostels in ruimer sin. Die posisie in die gemeente van Jerusalem kan ons dan as volg indenk: Veral toe die toestande dreigender word en die jaar 70 nader het die Jode die Joodse Christus, wat hom as wetsgetroue Jood laat geld het, die leiding gekry, toe die apostels meer en meer met sendingwerk besig was. Hierdie gemeente kon onder Jakobus rustig ontwikkel, omdat hulle op wat vir die Jode hoofsaak was,

die onderhouding van die wet, geen aanstoot gegee het nie.

Twee vrae moet egter nog onder oë gesien word. Moet ons "broer van die Here" letterlik neem? Ons antwoord: Hy is n seun van Josef en Maria, na die geboorte van Jesus. Ons redes is veral twee: 1) Die Skrif spreek van "broers van die Here" sonder meer. Daarom dink ons nie aan neefs nie.

2) Jesus word genoem die eerste seun van Maria, Mt. 1:25. Hiermee is ook die tweede vraag beantwoord, of hy nie miskien dieselfde was as Jacobus, die seun van Alfeüs, n neef van Jesus, en apostel nie. Die broers van die Here en die apostels word uitdruklik onderskei. Hand. 1:13, 14.

n Beswaar onder oë gesien: Die goeie Grieks. Kan dit van n eenvoudige Aramees sprekende Christen soos die broer van die Here, verwag word? Ons antwoord: n Galileër het ongetwyfeld goed Grieks geken, daar in Galilea die Jode in baie nou aanraking met die Griekse kultuur gekom het. Ook Jesus het goed Grieks gespreek, bv. sy verhoor by Pilatus. Juis omdat Hy dit aangeleer het, sal hy dit min of meer skools gebruik, of gebruik maak van iemand wat dit kon doen, soos Petrus vir Silvanus, 1 Petr. 5:12. Die brief is in ieder geval oosters-plasties, en nie westers-diskursief nie.

Dit word nader bevestig deur die tyd van ontstaan, wat weer saamhang met die lesers.

## 2. Die lesers.

Die brief is gerig aan "die twaalf stamme wat in die verstrooiing is". Die vraag is, wie met hierdie uitdrukking bedoel is. Letterlik kan dit nie geneem word nie, want slegs 2 stamme het teruggekeer. Dus figuurlik, soos Mt. 19:20 en Luk. 22:30. Is daarmee bedoel Jode? Dit word verbied deur die inhoud, wat allermens n prediking van die evangelie aan Jode is. Ons moet dit dan verstaan in geestelike sin: Die Christendom, as voortsetting en verwesenliking van die Jodendom. Twaalf stamme beteken dan: die ganse Christenheid. Maar, dan gee die brief nog n nadere aanduiding. Dit gaan bepaald om Joodschristene. Dit blyk uit die volgende:

- 1) Die gebruik van die O. Test.
- 2) Die tipies Joodse teenstelling tussen ryk en arm, wat so n belangrike plek inneem in hierdie brief.
- 3) Dat sprake is van "sinagoge" i.p.v. ekklesia in 2:2, en veral die

feit dat ryk Jode nie byeenkomste besoek 2:1 v.v.

- 4) Ons kan selfs die woonplek nader bepaal, 5:7. Waar sprake is van vroeë en laat reëns, tipies van Palestina, en die aan die see geleë deel van Sirië, die agterland van Antiochië.

Nou weet ons uit Hand. 8:1 van die verstrooiing van die Christene, as gevolg van die vervolging van Stefanus, tot in Fenisië, Cyprus, Antiochië, Hand. 11:9, waarop ook die eenvoudige landelike omstandighede in die brief wys. Die eerste lesers was dan Griekssprekende Joodschristene, wat uit Jerusalem na Sirië gevlug het. Daar sal hulle dan verskillende gemeentes gevorm het, waarheen die mv. "regbanke" 2:6 ook wys. Dit is van groot betekenis vir die vasstelling van die tyd van die brief.

### 3. Die tyd.

Dit was, soos volg uit die voorgaande in n tyd toe die Joodschristendom nog die ganse Christenheid was. Dus, na die vervolging van Stefanus, en voordat Paulus begin het met die Heidensending. Die kerk bestaan nou uit twee dele: Joodschristene in Palestina, en diesulkes wat in verstrooiing is. Hierdie brief van Jakobus, die broer van die Here kan dus as die oudste geskrif van die N.T. geld, en moet geskryf wees 43 of 44 na Christus. Dit sê dan reeds iets van die plek van die brief van Jakobus in die N.T.. Kanon. vgl.

Hierteen word ingebring, dat die Brief van Jakobus die Briewe van Paulus onderstel, Rom. en Gal., en dat Jak. 2:14 - 16 veral vs. 21 met "geregtigheid uit die werke" direk standpunt inneem teen Paulus (van linkse kant) of teen n Antinomisme wat ontstaan het uit n verkeerde opvatting van die leer van Paulus (van regse kant). By Jakobus is "werke" egter nie werke van die wet, waardeur mens die saligheid moet verwerf nie, maar vrugte van die geloof (1:25; 3:13), wat ons ook by Paulus vind, Tit. 1:16. "Geregverdig" beteken by Jakobus ook nie "regverdig verklaar" nie, maar "regverdig blyk". Vgl. ook par. 5(b): Die plek van hierdie brief in die N.T. Kanon. n Dergelike gebruik van woorde soos "geloof", "werk", "geregverdig word", wat so ooreenstem met die O.T. en aansluit by die evangelies, is juis gemakliker te verklaar vóór die felle stryd van Paulus teen die Judaïste.

### 4. Doel en inhoud.

Die lesers verkeer in aanvegting, vernaamlik deur die rykes, deurdadig

hulle voor die gerig gebring word, Mt. 10, en selfs ter dood veroordeel word, terwyl hulle self soek na welvaart (5:3). Hulle is ontevrede met hulle lot (1:5v), word ongeduldig oor die vertraging van die koms van Jesus (5:8), maak vriende met die wêreld (4:3). Hy noem dit  $\delta\epsilon\psi\chi\lambda\omega$  (1:8), wat ook verdeeldhede werk in die gemeente (4:1 v.v.). Daar word geroem in geloof sonder werke 3:13 (selfbeheersing, sedelike erns). Hierby kom dan die moeilike uiterlike omstandighede. Op. 5 blyk dat verskillende van die lesers in diens was by ryk Jode, wat vir hulle die lewe bemoeilik. Hulle neem nie die toevlug tot Christus nie, maar daar is n gees van twyfel en afval. Onder sulke omstandighede rig Jakobus hierdie brief tot hulle, om hulle op te wek tot n lewende en werksame geloof; as volg: Inleiding (1:1); heilsaamheid van verdrukings (1:1-17); die Woord hoor en doen (1:18-27); naasteliefde, wat die ryke nie die voorkeur gee bo die arme nie (2:1-13); geloof moet uitkom in die werke (2:14-26); die sondes van die tong (3:1-12); die ware wysheid (3:13-4:2); verganklikheid van rykdom (4:13-5:6); vermaning tot geduld deur gebed met die oog op die tydelikheid van die verdrukings (5:7-20).

#### 5. Plek in die Kanon (vgl. ook 3 en 4(a))

Met hierdie strekking en inhoud het die brief van Jakobus nie maklik sy plek verower in die N.T. Kanon nie.

##### a) Historiese oorsig.

Eerste duidelike spore by Clemens en Pastor Hermas. Die laaste bewys dat die brief reeds vroeg gelees is in Rome: einde eerste eeu. Daar word egter nie verwys na die skrywer nie. In die tweede eeu verdwyn die brief in die weste, behoudens n paar onsekere verwysings by Irenaeus en Tertullianus. By die Apologete, Muratoriese Fragment, Hippolytus, Cyprianus vind ons geen spoor nie. Origenes siteer daaruit as n brief wat nie algemeen erken word nie. Eusebius tel dit onder die Antilegomena. In die ooste word die brief gedeeltelik deur Efraem, die Pesjitta en Chrysostomus aanvaar. Tot erkenning word dit gebring deur Hilarius, Hieronymus, Augustinus, op gesag van Athanasius, op die Sinode van Karthago 419. Hoofbeswaar teen die brief, dat dit nie van n apostel was nie, maar van n broer van die Here. Dit verval toe Hieronymus kom met die teorie die "broer" van die Here = sy "Oom" = die Apostel Jakobus. Dit verseker die brief sy plek in die Kanon, tot die Reformasie. Apostoliese gesag was vereiste. Sy feitlike opname bewys egter dat apostolisiteit nie kan geld as nota canonicitatis nie. Dan kom Luther

in verset. Sy besware: (1) Geregtigheid uit die werke (3:21); (2) Geloof is blote geloof in God; (3) die naam van Christus kom selde voor. Dit is dus n "brief van strooi" en het geen plek in die Kanon nie.

b) Plek in die Kanon.

i) Jesus en Jacobus. Die Naam van Jesus kom slegs twee keer voor. Dit is egter die boek van die N.T. wat die nouste aansluit by die Prediking van Jesus, m.n. by die Bergrede: Vreugde in verdrukking (1:2); volmaaktheid (1:4); bid en ontvang (1:5); hoorders en daders (1:22); die groot gebod (2:8); verhoging van nederiges (4:10); mot en roes (5:2); nie sweer nie (5:12); wet van vryheid (2:13) vgl. Joh. 8:22). Dieselfde prediking dus, waarmee Jesus optree teen die Jodendom. Die Far. het ook sy intrede gedoen in die Christelike Kerk. Die Jode wat Christene geword het, het hulle verlede in die opsig nie prysgegee nie, net so min as die heiden Christene. Maar: Fariseïsme bestaan nie net in wetsgeregtigheid nie. Tipiese Joodse sondes is ook sug na rykdom, losbandigheid. Die Brief van Jakobus, die broer van die Here is die toepassing van die prediking van Jesus op die oudste Christendom.

ii) Jacobus en Paulus. By Paulus kry ons die verklaring van die genadewerk van Christus, en van sy Persoon (Christologie). Daarom staan die naam van Christus hier in die middelpunt. By Jakobus het ons die voortsetting van die prediking van Jesus en dan nie vir die Jodendom, maar toegepas op die Joods-Christendom, en so staan Jakobus tussen Jesus en Paulus. Die tema is: Die werksame geloof, vgl. Joh. 15. Die teenstelling by Paulus is: Geloof of werke. By Jakobus: Lewende of dooie geloof. Paulus leer ook vrugte van die geloof, vgl. Gal. 5:6 en veroordeel ewe skerp n onvrugbare geloof. Rom. 6:1 v.v. Van verskillende kante kom Paulus en Jakobus uit by dieselfde saak. Paulus van die geloof tot die werke. Jakobus van die werke tot die geloof, as bewys van die egtheid van die geloof. Geen teenstelling tussen Paulus en Jakobus nie, slegs verskillende benadering en aksent.

iii) Jacobus en ander boeke van die Nuwe Testament. In Hebreërs gaan dit ook teen n terugsinkende Joods-Christendom, maar die opwekking is met Christus as die vervulling van die O.T. seremoniële diens. By Petrus ook vermaning tot heiligmaking en goeie werke, maar "goeie werke" dan nie beperk tot dade nie, maar ook lyde omvattend. Jakobus kom met die

"prediking" van Christus. Petrus met die voorbeeld van Christus m.n. as voorbeeld in sy lyde. Openbaring verteenwoordig die O.T. profesie, Jac. sluit aan by die wysheidslitt. Daar is "Anklange aan Jesus Sirach: gebed sonder twyfel, God nie versoek nie, gou om te hoor, traag om te spreek. Dit neem die plek in die N.T. van Spreuke in die O.T. Nie ten onregte is Jakobus gereken tot die "wyse" wat Christus beloof het aan sy gemeente, Mt. 23:34. Vgl. die plek van wysheid in die brief (3:12-4:2).

So neem die Brief van Jakobus sy besondere plek in, in die Kanon van die N.Test., in aansluiting aan die orige litt., ondanks die feit dat dit nie Apostolies is nie, en toon dat apostolisiteit nie gelykstaan aan Kanonisiteit nie. Juis as broer van die Here bring hy die eerste toepassing van die prediking van Jesus, en toon die toepaslikheid daarvan vir die oudste kerk, en vir die Kerk van alle tye.

---

## BRIEWE VAN PETRUS

### I PETRUS

#### 1. Skrywer.

##### Die getuienis:

##### a. Inwendig

die Apostel Petrus, 1:1  
getuie van die lyde v. Christus, 2:21-24; 5:1, onderskeie van ander gelowiges 1:8, vgl. ook 1:3; 5:5.  
Markus sy Seun, 5:13.  
Silvanus die Afskrywer 5:12.

##### b. Uitwendig.

##### i) Algemeen:

Een van die sterkste betuigde boeke v.d. N.T. uitsprake van Ch. Bigg (285)  
F.H. Chase (285)

##### ii) Besonder:

Veronderstel deur Polycarpus.  
Aangehaal deur Papias.  
Sinds Tertullianus algemeen. vgl. verder par. 135.

Bestry: (argumente en weerlegging)

1. Niemand kan Petrus herken uit die inhoud nie (Jül.Fascher).  
Egter: a. 2:21 v.v.; 5:1.  
b. Ons besit nie ander geskryfte van Petrus nie.
2. Petrus was nie werklik ooggetuie nie (Streeter)  
- Geen bewys dat hy nie die kruisiging ook bygewoon het nie.
3. "Mede-ouderling" (Streeter)  
a. Veel minder sou n pseudo-Petrus hom so noem.  
b. Petrus was ook ouderling.
4. Silvanus en Markus, genote van Paulus (Jül.-Fascher).
5. Verbinding van Petrus met K<sub>p</sub>-A.-gemeente.  
- Deur Gal. 2:9 nie uitgesluit nie.
6. Taal: Nog meer Hellenisties as Paulus.  
Aanhalings uit LXX. (Jül.-Fascher, H.J. Holzmann, McNeile, E.F. Scott).  
a. *ἑρμηνεύτης Πέτρου*  
(Papias) beteken nie "tolk" nie, maar dat hy die prediking van Petrus weergee.  
b. Taaltoestande in Palestina.  
c. Moontlike invloed v. Silvanus.
7. Gedagtes:  
Mens sou gedagtes verwag soos Kon. v. God, Seun v.d. Mens. ens. (Baljon).  
Beïnvloed deur Paulus (E.F. Scott, Streeter).  
Die skrywer kon Paulus gewees het (Harmack).  
a. Uitgegaan van Tübingerse teëstelling Petrus - Paulus.  
b. Prediking v. Petrus in Hand. Daar gaan dit ook om dood en opstanding, en ontbreek verwysing na die lewe van Jesus.  
c. Brief sluit aan by omstandighede van gemeente.
8. Die lyde v.d. Christene.  
a. Doodstraf.  
- Daar was genoeg lyde voor die algemene vervolging van staatsweë. (vgl. Chase, Kuopff - 289)  
b. as "Christene"  
- Al was dit in die oog van Nero as "misdadigers", dit het

gegaan om die geloof (Chase). Ook volgens Tacitus (E. Meyer).

- c. "Eerbied vir owerheid" onder sulke omstandighede. (Streeter)  
- dit was *ἰσχυρὰ τῶν Κυρῶν*.

Konkluderend:

- Uitspraak van Harnack (291)
- Uitspraak van Moffatt (id.)
- Uitspraak van Greydanus (id.)

2. Lesers

"Uitverkore vreemdelinge van die diaspora van Pontus, Galasië, Cappadosië." (1:1).

Twee menings:

- a) Christene uit Jode ("Vodr-Paulinies")
- b) Christene uit heidene ("na-Paulinies")

a) Joodschristelik.

Meeste kerkvaders, Erasmus, Grotias, Bengel, B. Weiss, Schenkel, Kühl, e.a.

Argumente:

- i) Die adres
- ii) Aanwending v.d. O.T.  
Sonder opsetlike verwysing, 1:2, 24-25; 2:4, 9, 22-24; 3:5, 10 - 12; 4:18, 5:5,7.

b) Heidenchristelik.

Meeste bestryders v.d. egtheid, e.a.

Argumente:

- i) Geen sprake van Joodse gemeentes in daardie streke nie.
- ii) *παρηνιότητα* oordragtelik bedoel.  
Die Jode was nie "vreemdelinge" daar nie. So ook *ὑπερτοπίας*, vgl. 5:9, 13, 14.
- iii) Die O.T. was ook vir die heidene Gods Woord.
- iv) 1:14, 18; 2:10; 4:3 kan nie anders as van gewese heidene verstaan word nie.

Konklusie: Heidenchristelike lesers, wat waarskynlik van vanuit Gal. tot bekering gekom het.

### 3. Aanleiding en doel.

#### a. Aanleiding.

Insinking van geloof as gevolg van verdrukking, en gevaar om terug te val in die heidendom 2:11 v., 4:3 v., 4:7 v.v., 5:2 v.v.

##### Die situasie:

- Christenslawe hard behandel deur hulle here, 2:18 v.v.
- Gelowige vroue benou deur hulle heidense mans, 3:1.
- Lede van die gemeente geplaag deur nie tot die gemeente behorende kennisse, bure, arbeidsgenote, ens. 4:3-4.

Hulle word van allerlei misdade beskuldig, 2:12; 4:15, 19 en kry so met die owerheid te doen. Dit gaan egter om die geloof. 4:12 nie juis vuurdood nie, maar beeldtaal vir beproewing.

#### b. Doel.

Die gemeente opgewek om te volhard onder die verdrukking deur die oog te vestig

- i) op die hemelse erfenis, 1:3 v.v., 13; 4:13.
- ii) op ander wat ly, 5:9.
- iii) op Christus

Sy lyde, 2:21 v.v., 3:18.

- Sy voorbeeld in lyde

- hulle moet as onskuldiges ly, sodat die grond van hulle lyde niks anders sal wees as hulle geloof nie.

Sy wederkoms, 1:7

- lyde is slegs tydelik, 4:13.

- iv) op God.

Die Goddelike beskikking en bedoeling, 4:12, 17 - 19;  
2:20 - 21; 2:14 - 17.

### 4. Inhoud en karakter

#### Die Brief van Hoop.

Geen leerstellige uiteensetting van geloofswaarhede nie, maar prakties: opwekking tot hoop en n heilige lewe.

##### Gedagtegang:

- i) Groet (1:1-2). Vooropstelling van die Hoop. Dit is vas en seker in Christus deur die O.T. verkondig, wat nou verskyn het en op die punt staan om te kom. Die lyde is daaraan diensbaar (1:3-12).

- ii) Oproep tot heiligmaking, as verlostes in Christus, Wedergeborenes deur die evangelie en die nuwe Bondsvolk van die Here (1:13 - 2:10), in die verskillende lewensverhoudinge, teenoor die owerheid, here, eggenotes, ook wanneer onreg gely moet word. Dit, met die oog op Christus as Voorbeeld in Sy lyde (2:11 - 3:14). So rekenskap gegee van hulle hoop, want Christus is nie alleen verneder in die dood, maar het ook opgestaan en is verhoog aan die regterhand v. God (3:15-22).
- iii) Voortgesette aansporing tot heiligmaking in aansluiting hieraan,
  - (a) na buite (negatief) breek met die wêreld. Immers hulle is met Christus gestorwe soos beseël in hulle doop. (4:1-6).
  - (b) na binne (positief) nugter wees in liefde en ootmoedige bediening van gawes en in hulle ampsbediening, ook jongeres teenoor oueres, in onderworpenheid aan die Here. Dit, met die oog op die spoedige wederkoms, wanneer rekenskap gegee moet word. (4:7 - 5:9).
- iv) Slot. (5:9 - 14).

## 5. Plek en tyd.

### a) Plek.

Babilon, 5:13. Twee opvattinge hieromtrent.

#### i) Die letterlike.

Die stad of landskap Babilon (o.a. Schlatter, Kühl), of Babilon in Egipte. Die oorlewering weet hiervan egter niks nie.

#### ii) Die geestelike: Rome, vgl. Openb. 14:8, 17:9. Dit was die oudste opvatting tot by die Reformasie.

Verdere argumente.

1. Die hele vers is sinnebeeldig.

2. Markus, vgl. 2 Tim. 4:11.

Vraag: Was Petrus in Rome? Ryke literatuur hieroor, o.a. Lietzmann, Cullmann, Foakes-Jackson.

Veral sinds Harnack word dit algemeen aanvaar.

Vgl. Uitspraak E. Mollard (301)

## II PETRUS

### 1. Outentisiteit.

2 Petr. die mees bestrede brief van die N.T.

#### a) Getuienis.

##### i) Inwendig.

2 Petr. 1:1; 16, 18; 2:1.

Samehang v. kanonisiteit en Outentisiteit.

##### ii) Uitwendig.

Swak, p. 318.

Ontbreek in Siriese Kanon (Pesjitta)

Uitspraak v. Didymus.

#### b) Bestryding.

Algemeen bestry:

Paar uitsprake: H.J. Holzmann, p. 304.  
Jülicher-Fascher, p. 305.  
McNeille, p. 305.

Enkele verdedigers:

Zahn  
Bigg  
Willemze.

#### c) Argumente.

i) τῶν ἀποστόλων ἔργων (volgens die beste lesing)

ii) "te groot nadruk" op ooggetuieskap, 1:16 v.v.

iii) te groot ooreenkoms met Judas.

iv) terugtrede v. parousie.

v) onderstelling v.d. Kanon. Evv. 1:14 = Joh. 21:19  
1:17 = Matt. 17:16.

vi) nadruk op Apostoliese gesag.

vii) taal en styl. Die belangrikste argument.  
Uitspraak McNeille (306)

Hierteen:

- uitsprake Meyer; Chase, 306.

- moontlikheid dat Petrus aan Sylvanus gedikteer het.

### 2. Lesers.

Gelowiges van heidense afkoms:

1. dieselfde as van 1 Petr. (2 Petr. 3:1)

2. bekend met briewe v. Paulus (3:15)
3. teëstelling in "Ons" (Jodeheidene), 1:1.

3. Inhoud.

a) Algemeen

n Aansporing tot n heilige lewenswandel en waarskuwing teen terugval (1:5 - 11) teenoor dwaalleraars en spotters 2:1 v.v., met die oog op die wederkoms van die Here 3:10 v.v. Die sekerheid van die wederkoms word bevestig deur n beroep op wat hulle gesien het op die berg van verheerliking (1:16 - 18).

b) Besonderhede.

i) deelgenootskap aan die Goddelike natuur, 1:3 v.

Hoogste teësegging aan die gelowige.

Dit is die laaste periode van die N.T. Openbaring.

Nie vergoddeliking nie (lidwoord ontbreek by Goddelike natuur), maar die aard, soos nader beskryf.

ii) die Christelike lewensgebou 1:3 v.v.

Hier: is gebou van deugde.

Anders as 1 Petr. 2.

iii) Wederkoms, 3:1 v.v.

a. Ontkenning hiervan geteken as n moedswillige sluiting van die oë vir feite (Sondvloed).

b. Treffende beskrywing daarvan.

iv) Geïnspireerde Woord van God en sy uitlegging 1:20, 21.

v) "God en Verlosser" Jesus Christus, 1:2; 2:20; 3:2.

4. Die dwaalleraars.

Beskrywing van hulle.

"Valse leraars" (2:1), spotters (3:3) "goddelose". - Hulle is in die gemeente 2:1 v.v. ("gekoop"), neem deel aan die liefdesmaaltye, 2:13. - Val in goddelose lewe onder n Christelike naam, 2:20 v., loën die wederkoms, vgl. ook Openb. 2:14 - 15.

Hier is geen verwysing na gnostiese teorie (dualisme tussen hoogste God en demiurg, aeoneringe en emanuasis) nie.

5. Plek van die brief in die Kanon.

a) Algemeen.

Verband tussen heilige lewenswandel en toekomsverwagting  
(postief en negatief) aangetoon.

b) 1 en 2 Petrus.

1 Petr: Hoop en regte gedrag onder lyding.

2 Petr: Hoop en regte gedrag teenoor verleiding.

6. Tyd en plek.

a) Tyd

Ná 1 Petr. 3:1.

Sy dood is op hande (1:14)

b) Plek.

Rome, voor 68 (dood v. Nero).

---

BRIEWE VAN JOHANNES

I JOHANNES

1. Skrywer (Outentisiteit).

a) Uitwendig. - p. 341.

- besonderhede: Polycarpus (1 Joh. 4:2 - 3; 2 Joh. :7)

- Papias (aanh.) - Irenaeus (noem Joh.) - Can. Muratori.

- Clemens Romanus (siteer 1 Joh. 5:16 - 17 en verwys na "Joh.  
in sy groter brief" - Origines (verwys na 3 briewe) Dionysius  
(Joh. het Ev. en 3 briewe geskrywe) - Tertullianus (inquit Joh.)  
- Eusebius (homologoumena).

- Uitsprake: De Wette  
Feine-Behm  
Appel.

- Kritiek:

Vroeë dood van Joh.

Joh. die presbiter. vgl. by Ev. en Openb.

b) Inwendig.

1. Oor- en ooggetuie. 1:1-5; 4:14.  
onmisbare skakel, 1:3.  
spreek met gesag, 4:6; 5:13.

ook wyse van skrywe, 1:6 v.v.; 2:4; 26; 3:7-16.  
n Ou man, 2:11, 18; 3:7; 5:21.  
n Apostel.

Bekend, al noem hy homself nie by name nie.  
Onderskei hom met ander, 1:1; 3:5; 4:14, van gelowiges,  
5:13.

## 2. Ooreenkoms met Evangelie.

### Ooreenkomste:

#### a) Algemeen

Salmond, 322.

Ander: Windisch  
Holzmann  
Zahn.

#### b) Besonderhede

- uitdrukkings:

die waaragtige ken, 5:20 - 17:3  
Eniggeborene gestuur, 4:9 - 1:14, 16; 3:16.  
Gees en waarheid, 4:6 - 14:16; 16:13.  
uit die waarheid.  
Oorgegaan uit die dood tot die lewe 3:14 - 5:24.  
Vleeswording, 4:2.

- gedagtes:

In hom lewe, 5:11 - 1:4  
Bly in God (Christus) 2:24 - 15:4 - 17.  
God liefhê in die sending van Sy Seun, 4:9 - 3:16.

Teëstellings: lig - duisternis  
lewe - dood  
waarheid - leuen  
God - duiwel.

- Styl:

οὐ - - - - - ελτα , 2:2, 16, 21.  
ἐν τούτῳ αὐτῆ , ens.) ἐν (ὅτι, ἐάν)

### Kritiek:

Verskille benadruk:

a) enkele uitsprake: Schmiedel, Moffatt, McNeile, Pfeleiderer.

b) enkele besonderhede o.a. Esgatologie en Antichris  
Beskrywinge aangaande  
God- Christus- Heilige Gees-  
Verlossing - geloof.

Egter nie saaklik nie.

Hang saam met verskil tussen "Evangelie" en "Brief".

Uitsprake: Bleek, p. 331, Buchsel, p. 331, Stanton, p. 331,  
Scott, p. 332.

3. Aanleiding en betekenis v.d. brief.

a) Aanleiding.

Dwaalleraars

- Wat die brief leer:

1. Hulle leer.

"Antichriste", 2:18 - 27; 4:1 - 6.

Hulle loën:

- a. dat Jesus die Christus, 2:22; 5:1, die Seun v. God (5:1) is.
- b. die werklikheid van die Vleeswording, 4:2 en Soendood, 3:1; 4:9 - 10, vgl. 5:6 (water en bloed). en so,
- c. die liefde van God in die Sending van Sy Seun.

2. Hulle lewe.

Geen liefde, 4:11

Selfverheffing, 2:4, 9.

Kennis (van God)

sonder liefde, 2:9; 3:16 v.

sonder heilige lewenswandel 2:4, 3:3.

Houding teenoor sonde

Onderskei tussen *ἁμαρτία* en *ἀνομία* 3:4;  
6 v.v.

dualistiese perfeksionisme, 1:8; 10.

Nader aangedui.

Tweërlei dwaling i.v.m. Vleeswording.

1. Ebionitisme, loëning v. pre-eksistensie.
2. Cerinthus, loëning v. identiteit van Jesus en Christus.  
(Docetisme).

Die dwaalleraars hier waarskylik Docete:

Leer v. Arinthus: Jesus was gewoon uit Josef en Maria gebore, slegs regverdiger en heiliger. Na die doop het "Christus" op hom neergedaal, het die onbekende Vader gepredik, wonderwerke gedoen, en het aan die einde van Jesus weggegaan voor sy dood.

b) Betekenis van die brief.

Verband tussen geloof en lewe:

Geloof in die werklikheid van die Vleeswording, en so die werklikheid van God se liefde, en die liefde van Christus, wat roep tot

liefde.

Verband tussen die Vleeswording en die Christelike lewe.

#### 4. Inhoud.

##### Die brief van die liefde.

Ontleding is moeilik. Alle pogings tot indeling moet as misluk beskou word. (Baumgarten, vgl. ook uitsprake v. Plummer, Weiss-Bousset).

Naam van skrywer en lesers onbekend aan die begin en die seëngroet aan die einde.

##### Gedagtegang

- a) Gemeenskap met God bemiddel deur die getuienis van die Apostel (1:1 - 4), gegrond in die soëndood van Christus (1:5 - 10) en gekenmerk deur die wandel in die liefde en nie die wêreld lief te hê nie (2:1 - 17).
- b) Dit is ook die laaste uur soos blyk uit die koms van baie Antichriste, wat loën dat Christus in die vlees gekom het, en daarmee die werklikheid van die liefde van God en ons kindskap, die grond van die heiligmaking (2:18 - 3:24).
- c) Alles kom neer op die geloof dat Christus in die vlees gekom het en so in die liefde van God, wat roep tot liefde (4:1 - 21). Deur die geloof in Jesus as die Seun van God wat deur water en bloed gekom het, word die wêreld oorwin en het ons die ewige lewe (5:1 - 21).

#### 5. Die lesers.

Nie genoem nie. Hieruit afgelei:

- a) Geen brief maar epistel.
- b) Gerig tot ganse Christenheid.

Tog aan 'n bepaalde gemeente:

- a) ἐξ ἡρῶν ἐξ ἠλθῶν 2:19.
- b) hy ken hulle toestand, 2:12 - 14, 19, 21, 26; 3:7.

Nader aangedui:

- a) Asiatiese gemeentes  
Joh. het daar gewoon  
Dwaling v. Cerinthus.

- b) heidense lesers.  
Afgodediens, 5:21  
reeds lang Christene, 2:7.
- c) Latynse opskrif:  
"Ad Parthos" (Aug.)  
Ontstaan uit *προς παρθενος* (II; 1)  
Zahn se fantastiese teorie.

---

## II EN III JOHANNES

### 1. Die skrywer.

#### a) Uitwendige getuienis.

Die Apostel Johannes.

##### 1. Algemeen:

Uitsprake van Jülicher-Fascher, 344  
Salmond, 344.

##### 2. Besonderhede.

Polycarpus: moontlike spore van 2 Joh. - Papias: van 3 Joh. - Eerste uitdruklike aanhaling van 2 Joh. by Irenaeus - Clemens Alexandrinus het (volgens Eusebius) albei briewe verklaar - Canon Muratori het albei op naam van Joh.- Origines verwys na die 2de en 3de briewe van Johannes, hoewel volgens hom almal dit nie aanvaar nie - Ook Dionysius v. Alexandrië - Hieronymus onderskei tussen die 1ste brief wat deur die Apostel en die tweede en derde briewe wat deur die presbiter Joh. geskryf is.

#### Samevattend:

- a. Reeds vroeg bekend, hoewel nie algemeen erken nie.
  - b. Die nie erkenning toe te skryf aan hulle partikuliere karakter en die feit dat hulle deur "die presbiter" geskryf is.
  - c. Dat hulle nogtans opgeneem is is 'n indirekte pleit vir hulle egtheid.
- Vgl. uitspraak Appel.

b) Inwendige getuienis.

1. Die direkte:

"die presbiter", II:1; III:1.

Kan nie amptelik bedoel wees nie maar sien op waardigheid en hoë leeftyd:

vgl. Salmond - 349.

a. Gesag gaan oor plaaslike grense, III:10.

Vgl. Brook, 346.

b. Papias noem die Apostel Joh. ook "presbiter" in hierdie sin. Sien uitspraak v. Papias by Greydanus.

Vir die "presbiter-teorie" vgl. aant. by Ev. v. Joh. en Openb.

2. Indirekte:

Vergelyking I, II en III Joh.

a. Uitdrukkings.

III:11 - I, 3:6; II:9 - I, 2:23; II:5, 6, 7 - I, 2:7;  
III:12 - I, 2:27.

b. "Waarheid" is heersende begrip by al drie.

c. Styl: negatiewe gevolg deur positiewe, II:9, III:11.

Daar is ook verskille, maar ooreenkoms is groter, en is verklaarbaar.

Bedenkinge.

1. Dat hulle nie algemeen in die kerk gegeld het nie - vgl. egter bo.

2. Die partikuliere karakter en die selfbenoeming "presbiter". - vgl. bo.

3. Afhanklikheid van I Joh. (Jül.-Fascher)

4. Sinoptiese uitdrukkings.

ἔχαρον λαλῶν

III:3.

βλεπτετε εδουτους

II:8

ἀπολαμβανειν μισθου πληρη

II:3 ens.

Samevattend:

Uitspraak McNeile - 347.

2. Die lesers.

a) II Joh.

ἐκλεκτη Κυρια

II:1.

Tweërlei mening:

i) n persoon.

Argumente:

- III Joh. ook aan p persoon
- "haar kinders", "in huis opneem" "suster".

ii) n gemeente.

Argumente:

- ontvang groete van n gemeente, 13.
- Kan n gesin so bekend wees, v. 1.
- Gedeelte van kinders wandel in die waarheid.
- Die waarskuwing van vs. 9.

Dit sien op n gemeente, vgl. Hos. 2; Jes. 53:1; Joh. 3:29;  
Mt. 9:15; Ef. 5:23; Openb. 21:9.

b) III Joh.

"die geliefde Gajus", III:1

Volgens die brief:

- a. waaragtig en suiwer in geloof hulpvaardige liefde vir dienare goeie en gasvrye man.
- b. Geen ampsdraer nie.  
Hy ontvang geen opdragte nie.

Gajusse:

Gajus van Masedonië, Hd. 19:29.

Gajus van Derbe, 20:4.

Gajus van Korinthe, 16:23.

Geen nadere verband kan gelê word nie.

3. Aanleiding, inhoud en betekenis.

a) Aanleiding en inhoud.

Albei:

Johannes kondig n besoek aan en daarom bevat die briewe net die allernoodsaaklikste, al het hy baie om te skrywe.  
II:12; III:13, 14.

Saamgevat:

Wandel in die waarheid deur betoning van gasvryheid aan predikers van die evangelie (III Joh.) en weiering van gemeenskap aan diegene wat Christus nie suiwer verkondig nie (II Joh.).

II Joh.

- a. Aansporing om in waarheid te wandel, d.w.s. gasvrye ontvangs van evangeliedienaars.

- b. Waarskuwing teen dwaalleraars:  
 Hulle prediking nie erken nie.  
 Hulle nie steun nie.  
 Hulle arbeid op generlei wyse bevorder nie.
- c. Die dwaalleraars: Hulle loën die koms van Jesus in die vlees  
 (ἐρχομενον ἐν σαρκι), d.i. dieselfde as  
 van I Joh.

### III Joh.

- a. Kredensiebrief vir Demetrius, vs. 12.
  - b. Waarskuwing teen Diotrefes, v.v. 9, 10, wat nie besoekende leraars wil ontvang nie.
  - c. Geen bepaalde dwaalleer nie, maar oordrewe nadruk selfs op-standigheid van die plaaslike gemeente, en so teen die apostel en sy medewerkers.
- b) Betekenis van die briewe.

#### Kerkverband en plaaslike kerk.

- 1. Selfstandigheid van die plaaslike kerk deur leraars van buite te keur (II Joh.).
- 2. Erkenning van die kerkverband teenoor oordrewe nadruk op plaaslike kerk (III Joh.) III Joh. is n kredensiebrief.

---

### JUDAS

#### 1. Die skrywer.

Judas, "dienskneg van Jesus Christus en broer van Jakob", vs. 1.  
Judasse in die N.T.

- 1. Seun van Jakob, Mt. 1:2.
- 2. Seun van Josef, Lk. 3:20.
- 3. Seun van Johannes, Lk. 3:26.
- 4. van Damaskus, Hd. 9:11.
- 5. die Galileër, Hd. 5:5.
- 6. Iskariot.
- 7. Thaddeüs, seun van Jakobus.

8. Barsabas, Hd. 15:22.

9. broer van die Here.

Dit is die broer van die Here, nie die Apostel nie, v. 17.

2. Lesers.

Nie genoem nie.

Waarskynlik heidenchristene.

"gemeenskaplike saligheid, vs. 3.

dieselfde dwaalleraars as 2 Petr. vv. 17, 18.

Dus: in Klein-Asië.

3. Aanleiding.

Dwaalleraars.

Hy was besig om te skryf oor "gemeenskaplike saligheid" (n Evangelie?)

Nou plotseling geroep om n brief te skryf, as gevolg van die dwaalleraars.

Die dwaalleraars.

Dieselfde as van 2 Petr. Hulle is nou daar.

Kenmerke:

1. Skandelige lewensgedrag.

2. Sit die genade om in bandeloosheid, v. 4.

3. Verloëning van God as "enigste heerser" en van Jesus Christus.

Jesus Christus.

Egter: deur die dood.

Hulle glo nog wel.

4. Hoë pretensies.

insig (Gees), v. 19.

hoër saligheid, v. 16.

allerlei beloftes, v. 12 v.v.

Vergelyk met Kain

Bilam

Karag.

Saamgevat:

Libertinestiese dwaalleraars, wat hulle goddelose praktyke teoreties wil regverdig, v. 4, 15.

n Soort dualistiese dwaling, wat uit die verlossing aflei n lewe na die luste van die vlees: "Immoral in life and erroneous in thought".

Vgl. Kol. Past. Openb. Rom.

4. Inhoud.

Tussen aanhef (1, 2) en slot (24, 25):

a) Tekening van die goddelose en die oordeel wat hulle wag (3-16):

- i) Oordeel oor die Egiptenare.
- ii) Oordeel oor die Engele.
- iii) Oordeel oor Sodom en Gomorra.

Vgl. 2 Petr. se verwysing na die Sondvloed.

b) Opwekking om gedagtig te wees aan die woorde van die Apostels wat gesê het dat sulke dwaalleraars sal kom, en vermaning om heilig te wandel en hulle rein te hou (17 - 23).

5. Judas en 2 Petr.

Groot ooreenkoms.

Veral die tekening van die dwaalleraars, o.a. v. 12 vgl. 2 P. 2:13.

Die verhouding.

Twee opvattinge:

1. 2 Petrus afhanklik van Judas.

(1) Duidelike tekening by Judas.

- die dwaalleraars by Judas egter reeds aanwesig.

(2) Die langere het die kortere gebruik.

- Omgekeerde waarskynliker, dat Judas met behulp v. Petrus geskryf het.

Dis in haas geskryf.

Petrus was apostel.

(3) Waarom het hy nie 2 Petr. gestuur nie.

- Hy wil 'n bepaalde punt benadruk, nl. 2 Petr. 2.

2. Judas het 2 Petr. gebruik.

6. Tyd en plek.

Geskryf na die dood van Petrus, v. 17, <sup>†</sup> 70, nie juis in Palestina nie. Jakobus (1:1) was deur die

7. Getuienis.

Spore: Didache, Justinus, Polycarpus.

Vermelding: Ontbreek by Ireneaus.

Eerste: Canon Muratori (kanoniek)

Verder: Tertullianus (gesiteer)  
Clemens Alexandrinus (verklaar)  
Origines (aangehaal, met enige twyfel - amphiballomena).  
Eusebius (Antilegomena: omdat Judas uit Henog siteer).

Saamgevat:

Algemeen (2e en 3e een) as kanoniek aanvaar. Laster in Afrikaanse kerk en van die begin in die Siriese kerk verwerp op grond van gebruik van apokriewe boeke - Henog en Assumptio Mosis.

Besware teen Judas.

1) Gebruik van Apokriewe.

Die antwoord hierop: Ooreenstemming is nie afhanklikheid nie.

a. Wat betref Henog (vs. 6)

Henog spreek van koms van engele om gemeenskap te oefen met vroue.

Judas spreek van die val van engele voor die val v.d. mens.

b. Wat betref Assumptio Mosis (vs. 9)

Die tradisie kon seer goed onder die Jode bestaan het sodat die een nie van die ander oorgeneem het nie, vgl. 2 Tim. 2:8 (Jannes en Jambres).

2) Skaarsheid van gegewens.

- Moet toegeskryf word

1. Aan kleinheid.
2. daaraan dat dit nie apostolies is nie
3. "verwysing" na apokriewe.

Konklusie:

Die opname van Judas nieteenstaande die onbekendheid van die skrywer is 'n getuienis vir sy egtheid.

## OPENBARING VAN JOHANNES

### 1. Die skrywer.

#### a) Die tradisie.

Die algemene tradisie is dat Johannes die laaste tiental jare van sy lewe in Efese gearbei het, en daar in hoë ouderdom gesterf het. Justinus die Martelaar, wat enkele tientalle jare later ook in Efese geleef het sê dat die Apostel Johannes die skrywer is van Openbaringe. Dial. c Tr. 81. So ook weinig later: Irenaeus, Tertullianus, Clem. Alexandrinus en die Muratoriese Fragment.

Reeds vroeg word hierdie Apostoliese herkoms bestry, deels op inwendige, deels op uitwendige gronde.

#### Inwendige gronde.

Dit gaan om die inhoud (Chiliasme) taal, en die feit dat Joh. hom nie Apostel noem nie (Apostolisiteit as nota canonicitat). So word dit bestry deur Marcion, die Alogi, Gaius van Rome. Selfs deur baie kerkvaders in die derde en vierde eeue.

#### Uitwendige gronde.

1) Die teorie van n tweede Johannes. (vgl. Aant. by die Evangelie van Johannes).

Dit sluit aan by die feit dat die skrywer hom sonder meer Johannes noem. Dionysius van Alexandrie, gest. 265 (ook antichilias) weet van n ander Johannes, wat ook in Efese geleef het: *ἔτι καὶ  
ἑὸν εἰς γενεθλαὶ μνηστὰ καὶ ἕκαστερον Ἰωάννου λεγεσθαι.*

Hierdie berig (Papias) spreek egter nie van n tweede Johannes nie, maar van twee graftes, waarvan onseker was watter een van Johannes was. In samehang met hierdie bewering het Eusebius uit die bekende fragment van Papias afgelei, dat daar behalwe van die Apostel ook sprake is van die presbieter Johannes, en dit teenoor Irenaeus, wat Papias n dissipel van Johannes noem. Sien hieroor Aant. pag.

2) Die teorie van die vroeë dood van Johannes.

1. Die kroniek van Georgios Hamartolos (9e eeu). Terwyl al die ander H.SS van hierdie kroniek lees: *ἐν εἰρήνῃ συνέπεσσετο*

lees een enkele HS in plaas hiervan *ΝΑΡΤΟΥΡΙΟΥ ΚΑΤΗΣΙΩΤΑΙ*  
met n beroep op Papias wat in sy tweede Boek van die *ΛΟΓΙΑ ΚΥΡΙΟΥ*  
sou gesê het *ὅτι ὑπο Τουδαιων ἀνηρέθη* (omgebring).

2. Die Codex Coisilianus. Dit bevat ekserpte van n beknopte Kerkgeskiedenis, wat ons op die werk van Philippus Sedites ± 430: "Papias sê in sy tweede boek dat Johannes die Teoloog en Jacobus sy broer *ὑπο Τουδαιων ἀνηρέθησαν*
3. Verskillende martyrologieë, waarop die naam van Johannes voorkom.  
- In verband hiermee die volgende:
  - i) Alles berug op Papias. Hy staan hierin alleen.
  - ii) Moontlik is dit met die sitaat nie in orde nie. Cod. Cos. beroep hom op Origenes, wat uitdruklik van Johannes se verbanning op Patmos spreek. Papias kon gesprek het van Joh. die Doper, wat eweas Jakobus (later) deur die Jode gedood is.
  - iii) Die Cod. Cos. laat ook volg *ἡ δυνάτιον γὰρ θεῖον ψευδαῖμα* met verwysing na Mk. 10.
  - iv) Dit is wel denkbaar dat n Apostel later tot martelaar gemaak kon word, maar dat hom n martelaarskroon ontnem sou word nie (C. Clemen).

Ondanks hierdie mededelings en bestrydings behou die tradisie sy waarde.

b) Inwendige getuienis.

Die skrywer noem hom slegs Johannes (1:1, 4:9).

Vraag: Het ons met die Apostel te doen, of met n ander Johannes?

Die Apostoliese oorsprong word bestry op grond van die volgende:

- 1) Johannes die skrywer noem hom nêrens Apostel nie, maar profeet.
  - 2) 21:14 spreek hy van "die Apostels".
  - 3) Geen herinnering aan persoonlike omgang met Jesus nie.
  - 4) Taalverskil.
- 1) Dat Johannes hom nie Apostel noem nie, en van "Apostels" spreek.  
Wat die laaste punt betref: Dit is n visioen. Wat die eerste betref:

- i) Joh. spreek in die hoedanigheid van profeet en nie van Apostel nie, 15:17; HS 1:22, 23; 1 Kor. 9:1.
  - ii) Die Apostoliese karakter straal deur in die outoritatiewe manier van spreek.
  - iii) Juis die noem van die naam sonder meer, teken hom as die alombekende in die gemeente van K.A. vgl. 7 briewe.
- 2) Herinneringe aan Jesus:
- i) Dit hang saam met die oorsprong en karakter van die Boek.
  - ii) 1:13; 14:14 onderstel vroeëre aanskouing.  
Inwendige getuienis wys in die rigting van die Apostel Joh.

Juis by hierdie boek is die vraag na die menslike outeur van ondergeskikte betekenis, te meer, waar Johannes nie met soveel woorde sê dat hy die Apostel is nie. Die eintlike outeur word genoem: Jesus Christus 1:1, wat deur 'n engel hierdie Openbaring aan Johannes laat sien en hoor het. Self het Hy dit ontvang van God. Die Openbaring van Johannes is dus in die mees direkte sin: Die Woord van God. Dit word ook aan die slot van die Boek baie duidelik en ondubbelsinnig gesê: 22:6-20, veral vs. 6, 13, 16, 18, 20, waar die goddelike outeur in die eerste persoon spreek, en ook die kanonisierte uitdruklik verklaar vs. 18 v. Moeilik kon Johannes stelliger verklaar dat hy nie die eintlike outeur is nie. Dit hang ook saam met die inhoud: God kan alleen weet wat eeue in die toekoms sal geskied, van alle menslike perke vry. Kennis van die menslike outeur is hier dan ook inderdaad nie van groot belang nie. Ook nie van die tydsomstandighede nie. Ons is vir die verklaring van die Boek nie beperk tot wat die menslike gees destyds in die wêreldgebeure kon sien ontwikkel nie. Dit is iets geheel anders as menslike (geinspireerde) nadenke oor die geskiedenis van destyds. Daarom deug die Zeitgeschichtliche verklaring nie. Omdat God die eintlike outeur is, moet ons die voorstelling van die begrensde binne die perke van die menslike denke los. Dit geld nie net die inhoud nie, maar ook die vorme (inkleding). God het hom alles laat sien en hoor, en die hele inhoud van Openbaring, na Woord en beeld, voorstelling en gang, op die wyse aan hom gegee (1:1; 11; 2:1, 8 ens.

4:1 v.v.; 10:4, 10, 11). Juis daarom is die as waar aanvaar van hierdie selfgetuienis, of die beskouing daarvan as slegs literêre inkleding van allesbeheersende betekenis by die uitlegging van hierdie boek. En, is kennis van die Skrywer hier van minder belang.

## 2. Karakter van die boek en sy verklaring.

### a) Apokalips of profesie.

Kenmerke van Apokaliptiek: (a) Pseudoniem, en dan gedek met die naam van een van die groothede uit die verlede, Baruch, Henoch, ens. (b) Joods-nasionalisties. Hierdie twee trekke van die Apokaliptiek ontbreek. Al sou dit op die naam van die bekende Johannes geplaas wees (sien egter vor. par.), dan is dit nog altyd uit die jongste verlede. Ook ontbreek alle Joods-nasionalistiese trekke. Wel word hier gebruik gemaak van bekende simboliek uit die Joodse Apokaliptiek. Hier word dus n bestaande literatuur vorm gebruik vir die profesie. Die Openb. van Joh. is n profetiese geskrif in Apokaliptiese vorm.

### b) Verskillende metodes van uitlegging.

Verskillende metodes is toegepas: Zeitgeschichtliche, Weltgeschichtliche, Kirchen- of Reichsgeschichtliche en Endgeschichtliche (Sien Fr. Bar dt, Einl. p. 278)

Die metode van verklaring moet aan die Boek self ontleen word, die Selfgetuienis aangaande sy wese, inhoud, strekking: Dit is geen fantasie of bedeninge van Johannes nie, maar Openbaring van die Here, wat alle eeue oorsien en regeer. Dit sien op wat toe was, en op die toekoms, nie alleen op die verre, maar ook op die nabye, 1:1, 19; 4:1 ens. Daarom moet die Zeitgesch. verklaring, wat Openb. alleen wil laat spreek oor die gebeurtenisse van toe verwerp word, want Openbaring ontsteek ook lig oor die geskiedenis van die gemeente, en van die wêreld deur alle eeue tot die laaste dag. Elkeen van hierdie vier verklarings het n deel van die waarheid. Die Here openbaar in hierdie Bybelboek, wat reeds toe was, maar ook wat daarna sal geskied tydens die ganse loop van die geskiedenis, met die Kerk en die wêreld, en wat aan die einde van die eeue sal kom.

Openb. is egter nie n geleidelike mededeling van wat agter mekaar deur die eeue sal gebeur nie. Ons deurloop meermale die eeue. Dit teken

die wêreldloop en wêreldeinde, dan na hierdie moment, en dan volgens n ander gesigspunt, en loop so telkens deur tot die einde. Openb. 3 (Laodicea). Openb. 6 ens. bring telkens by die einde. Dit is daarom egter nie steeds dieselfde nie. Die een vul die ander aan. In sy geheel laat Openb. ons sien die magtige worsteling van Kerk en wêreld, Christus en Satan, die eeue deur, en hoe hemel, aarde en hel daarin betrokke is.

### 3. Gedagtegang.

#### I. Roepingsvisioen (1:1-20)

Aanhef (1-3) seëngroet (4-6). Sentrale gedagte: Die Here kom met die wolke (7), Selfopenbaring van Jesus (8). Die verskyning van Jesus aan Johannes op Patmos (9 - 16). Hy word opgerig en ontvang die bevel om te skryf (17 - 19) met die verklaring van die visioen (20).

#### II. Hoofdeel (2:1-22:5)

##### a) Die Sewe Briewe aan K.A. (2:1 - 3:22)

Efese, Smirna, Pergamus, Thiatire, Sardis, Filadelfia, Laodicea.

##### b) Die Sewe Seëls.

Troongesig, met die 24 ouderlinge, wat die ganse Kerk verteenwoordig, en die 4 wesens wat die ganse skepping verteenwoordig rondom die troon, met lofsegging, terwyl bliksemstrale en donderslae uit die troon uitgaan (4:1 - 11). Die Boek van Gods Raadsbesluit geneem en geopen deur die Lam wat geslag onder die lofsegging van die 24 ouderlinge, die 4 wesens endie engele (5:1-13). Die opening van die seëls, wat die oorwinningsloopsloop van die evangelie deur die wêreld bevat, met al wat diens doen om die harte vir die evangelie te ontsluit, nl. oorlog, hongersnood, pestilensie. Die wat die evangelie glo word vervolg. Dit gaan deur tot die oordeelsdag (6:1 - 17).

##### c) Die Sewe Basuine (7 - 9)

Die verseëling van die 144000. Dit is die wat om die evangelie ontwil moet ly. Dan die ontelbare skare wat sal juig voor die troon van God, gewei deur die Lam (7:1 - 17). Die sewe basuine, wat die

oordele bevat oor die wat die Evangelie verwerp. Eers sien Johannes die Hemel sprakeloos staan (8:1-2), en dan dat die oordele Goddelike verhooring bring op die gebede van die gelowiges (3-6). Die basuine is rampe in die natuur (8:7-11) maar egter nog: Benouing deur Sataniese magte (9:1-11) en n vreeslike oorlog (9:12 - 21).

#### Die sewe plae (9 - 16)

Twee getuies: n Engel met n boekie, wat staan op die see en land en onder 7 donderslae dit oorhandig aan Johannes, die Evangelie in die wêreld, heilsaam, maar bring die wêreld in verset (10:1 - 11). Dit word deur die gemeente en Sy dienare in die wêreld ingedra, word gedood, en uitgeskakel as mee tellende faktor tot die oordeelsdag kom, wat hulle opwek, en die wêreld laat ondergaan, onder lof- en danksegging aan God (11:1-14). Die sewe plae: Eers lofsange uit die Hemel, en van die 24 ouderlinge wat die oordele aankondig, en die opening van die tempel, met weerligte, donderslae, aardbewing en hael (11:15 - 19). Die drie diere, waarin die stryd onder die mense geteken word na sy diepere agtergrond: n stryd tussen Saten en sy helse magte teen Christus en Sy gemeente: satan, wat as draak verskyn teen Christus, wat weggeruk word na die Hemel, terwyl Satan gewerp word op die aarde, en die gemeente vervolg. (12:1 - 18). Die dier uit see, wat die Anti-christelike wêreldmag voorstel, en die dier uit die aarde, die valse godsdiens en wetenskap, wat sig met die eerste verbind teen die gemeente (13:1-18). Die Lam en sy getroues seëvier: Die 144000 staan nou met die Lam op Sion (14:1-5). Op die laaste waarskuwings, en tekening van die smarte van die goddelose, volg die oordeel, in die gesig van die kring en wynoes (14:1 - 20). Nadat getoon word dat daar geen plek meer is vir voorbidding nie (15:1-8) volg die uitgieting van die skale 16:1-21. Nader beskryf, in die Val van Babilon (17-19:10), die koms van die Here, en die oordeel oor die antichris en die valse profeet (19:11-21). Voor die oordeel oor Satan geteken word is daar eers n oorsig oor die verhouding van heidendom en Christendom in hierdie bedeling (20:1-6). Dan word satan uitgewerp (20:7-10) en die eindgerig gehou oor lewende en dode (20:11-15), en sien Johannes die nuwe Jerusalem neerdaal. Ook met n oorsig van hierdie bedeling. Die nasies wandel ook nou reeds in haar lig (21:9 - 22:5).

### III. Slot.

#### 4. Die taal van Openbaring.

Die taal van Openbaring is koinè-Grieks van eie karakter. Dit het baie ooreenkoms met die ev. van Johannes, maar wyk ook aanmerklik af, en onderskei sig veral deur verskillende onreëlmatighede.

Twee vrae moet in verband hiermee beantwoord word:

- 1) Hoe moet ons oordeel oor hierdie Grieks,
- 2) Of die oorlewering dat een en dieselfde hand al die geskifte wat op naam van Johannes geskryf het, nie noodsaaklik onjuis geag moet word nie. Reeds Dionysius Alexandrinus, 3e eeu, kom tot hierdie slotsom en sê van die skrywe van die Apoc..  
*Ἰδὼν ὁ ἄγγελος τὰ βαρβαρικὰς χρωμένας καὶ ποικίλας ἑξοχὰς  
(βλέπω)*

J.H. Moulton, A Grammar of the New Test. Greek II, 33 skryf:

"The Greek of the Apocalypse differs in an extraordinary degree from that of the Fourth Gospel. Not only does it display a greater freedom in copiousness of vocabulary and elaborate phraseology; it is simply defiant of the restraints of Grammar". W. Bousset en R.H. Charles gee hulle kommentare klein grammatikas van die Grieks van hierdie boek.

- 1) Die Grieks is op verskillende maniere verklaar.
  - i) As hebraïsmus. Dit verklaar egter nie al die verskynsels nie.
  - ii) Geringe kennis van Grieks. Sommige meen dat Johannes Openbaring geskryf het toe hy nog maar kort in K.A. gewoon het, en die Ev. 30 jaar later. A.E. Robertson sê egter "The vernacular Koinè is far more in evidence in the Apoc. than in the fourth Gospel and Epistles." J.H. Moulton: "... a vigorous though irregular Greek". Bowendien kan die onreëlmatighede nie as vergissings verklaar word nie, omdat daar dikwels rekenskap van gegee kan word. Deur die afwykings word dikwels wysiging in voorstelling uitgedruk.
  - iii) R.H. Charles verklaar die eienaardighede so, dat hy in Hebr. gedink en in Grieks geskryf het. Ons kan dit ook besien vanuit die selfgetuïenis. Dit spreek vanself dat Johannes deur wat hy gesien en gehoor het, ten diepste geroer is, 19. 1:17, 5:4; 17:6. By so diepe ontroering sal sy vroegste vorming sig die meeste laat geld, en die wyse van dink en skryf meer

beheers. Schlatter sê: Die bewussyn van Johannes is wel verander, maar nie opsy gesit nie. Aan die gesigte is sy ganse inwendige besit werksaam. Sy kennis van die Skrif en van die woorde van Jesus, sy herinnringe aan die wêreldtoestand, en van die Christenheid, ook sy kunstige aanleg en fantasie... lewer die boustene vir die gesig. Hierdie psigologiese toeligting met betrekking tot die beelde kan ons net uitbrei tot die taaleienaardighede, en die Hebr. karakter en verskillende eienaardighede kom nie meer so vreemd voor nie.

2) So word dan verstaanbaar dat een en dieselfde outeur, sowel die Openb. as die vierde Evangelie kon geskryf het, en ook in ongeveer dieselfde tyd. Dit is geskryf onder geheel ander omstandighede, en in gans ander sielsgesteldheid. Hiermee val n belangrike grond weg vir die ontkenning van die identiteit van die skrywer van die twee Bybelboeke.

Die aanvaarding van die Selfgetuienis, is hier dus ook van groot betekenis.

Teen oordrywing van die taalverskil kan verwys word na C.T. Burney. The Aramaic Origin of the Fourth Gospel. Dit dui tog op n groot mate van ooreenkoms tussen die skryfmanier van die twee boeke.

Charles meen om op grond van taalverskil bronne te kan onderskei, wat deur Johannes gebruik is, en ook die hand van die redakteur wat na sy dood deels verkeerd kom orden en ook aan die taal kom skaaf het. Daar is plekke wat Johannes seker sou verander het as hy dit oorgelees het. Hiervan sê Robertson: "If John did not revise the Apocalypse after writing it in isolation and excitement in Patmos, and if he was n Jew who thought in Hebrew often if not always... and who did not use the literary Koinè (only the vernacular) we have a conceivable picture of the facts as we know them.

#### 4. Tyd van ontstaan.

Die kerklike oorlewing stel oor die algemeen die tyd waarop Openb. ontvang en geskryf is in die laaste jare van die regering van Domitianus (81-96). n Enkele skrywer, Epiphanius spreek van Claudius (41-54). Maar toe het al die 7 gemeentes van K.A. nog nie bestaan nie. Theophylactus en

nog 'n paar outeurs maak melding van Trajanus, wat in 98 begin regeer het. Dit kan egter berus op 'n misverstand van Iranaeus se woord, wat sê dat Johannes geleef het tot in die tyd van Trajanus. Ander menings: Tussen 60 en 70 op grond van die Tempel gesig XI. Dit is egter gewaagd om aan hierdie visioen 'n tydsbepaling te ontleen, en so ook om dit te verplaas na die tyd van Nero op grond van XVII. So Bousset: "Die kern van die voor-spelling van Openb. is bepaal deur die wydverspreide verwagting van Nero revivodus, die vaste uitgangspunt ook vir die Zeitgeschichtliche verklaring. Daar word egter in die geheel nie gesinspeel op daardie sage nie. Die vereenselwiging van die 8 konings met die Rom. keisers lei tot hopolose ver-warring.

Die beeld wat die 2e en 3e hoofstukke gee van die kerklike lewe, wat Openb. laat sien van die Rom. Ryk, en sy houding teenoor die kerk stem goed ooreen met die tyd van Domitianus, bv. die verbanning van Johannes 1:9; keiserkultus 2:13, dreigende vervolging 2:10, 3:10.

##### 5. Integriteit.

Veral die laaste 50 of 60 jaar is pogings aangewend om Openb. te sien as 'n kompilasie van verskillende geskrifte of fragmente. Hierteen geld: (1) die literêre eenheid van die boek. W. Bousset sê: Die deurslagge-wende grond teen elke bronneteorie is die deurgaande eenheid in taal en styl. Die swakheid kom ook uit in die mekaar verplaatsende rekonstruksiepogings, waarby subjektiwiteit 'n vrye spel het, d.w.s. gebrek aan objektiewe gegewens. Die arbeid van die literêre kritiek maak 'n troostelose indruk. Daar is min resultaat om te boek. Afgesien van enkele Pseudopigrawe moet ook die bronne gekonstrueer word. Dit hang hier grotendeels af van eksegete, en so van die standpunt wat ingeneem word. Neem ons aan wat Johannes self van sy Boek en die verskillende visioene verklaar dan verval allerlei argumente vir die bronesplitsing of redaksionele veranderings. Dit blyk ook uit wat Charles gedurig moet toegee. Byna een vyfde van die teks is gebaseer op bronne 7:1-8; 8:1-13; 12-13; 17-18; maar die bronne is dan deur Johannes aangewend vir sy eie doel, en so in hulle oorspronklike bedoeling gewysig. So het Johannes o.a. gebruik gemaak van die Testament van Levi, van Henoch en die Hemelvaart van Moses, op grond van sekere ooreenkomende sinne, uitdrukkinge ens. Hy twyfel dan self in sy opskrif bo hierdie paragraaf, of hy moet spreek van afhanklikheid of parallelle uitdrukkinge.

Teenoor hierdie vermoedens en onsekerhede staan Johannes se uitdruklike versekering aangaande die oorsprong van die visioene. Hierby kom ook die betreklik onbelangrike van dergelike bronne aanwysings. Hy het dit dan tog geadaptee. En by die uitlegging van die boek gaan dit om die bedoeling van die skrywer met hierdie vermeende of werklike bronne. By Johannes is egter n gebruik van bronne op so n wyse, dat hy daaruit oorgeskryf het nie aanneemlik nie, omdat dit in stryd is met sy nadruklike verklaring. Wel blyk uit sy beeldspraak, woordkeuse, voorstellingswyse, dat hy die O.T. uitnemend geken het. Hierdeur is hy gevorm om die openbaring te ontvang. God berei sy diensknegte vir die doel waarvoor Hy hulle wil gebruik. Of hy die voorbereiding geskifte en voorstellings gehou het buite die O.T. is n vraag waarop moeilik n bevestigende antwoord kan gegee word.

Verder meen Charles, gevolg deur ander, in Openb. n aantal interpolasies en verplaatsings te kan aanwys:

- 1) Interpolasies, + 22, o.a. 1:4, 8, 14; 2:5, 22 ens. (verg. Greyd. Inl. op Kommentaar). Die gronde hiervoor lê nie in die tekskritiese materiaal nie, maar in eksegetiese en taalkundige oorwegings. n Interpolasie verrai sy "intrusive character" deur sy linguistiese vorme en sy inhoud. Moet die ? nie liefs agter die eksegesi kom nie?
- 2) Verplaatsings. Vgl. hieroor ook Greyd. Inl. op Komm. Ook dit is gegrond op eksegetiese oorwegings. Die teks loop nie goed nie, of weerspreek homself. Veral van 20:4 af moet teksverskuiwings aangeneem word. Die teks sou onsamehangend en teenstrydig wees. Hier word verskillende bronne aangeneem (Spitta, Völter, J. Weiss, W. Bousset).

Charles bestry dit op grond van die linguistiese eenheid van 20 - 22. Hy sê, Johannes is dood na 20:3. Die res op los velle geskryf is deur n redakteur saamgestel wat die visioene nie begryp het nie, en dit deurmekaar laat raak het. in 20:7 - 10 is Satan met sy volgelinge verwyder. In 20:11-15 word dood en doderyk in die poel van vuur gewerp, en in 2:15 v. word weer gespreek van honde ens. wat buite die stad is. n Groter teenstrydigheid is nie denkbaar nie. En terwyl die nuwe aarde net bewoon word deur

die regverdiges, hoe kan 22:2 die blare van die boom dien tot genesing van die heidene? 21:24-27 kan alleen verstaan word as Muleennium (Oman). Die hele krag van hierdie redenering gaan uit van die verkeerde standpunt dat die laaste hoofstukke in tydsorde volg. Ons moet verplaatsing aanneem, maar nie in die teks nie, maar Johannes wat ons telkens verplaats in en voor die ewigheid. Die heilige Jerusalem daal eers neer in volle heerlikheid, maar het ook nou reeds neergedaal en reeds in hierdie bedeling vloei die stroom van die water van die lewe uit die Troon van God en die Lam 22:1. Daarom wandel die nasies reeds in hierdie bedeling in die lig van die heilige Jerusalem en bring ook nou reeds hier genesing van die heidene. Bowendien gebruik Johannes ook met hierdie uitdrukking beeldspraak wat ontleen is aan die aardse tydelike lewe, sonder dat bedoel word om alles oor te bring. So word in 21:27 net die heiligheid van die nuwe Jerusalem geteken, en die sondaars gewaarsku om nou reeds hulle sondes te los, om nie buite gesluit te wees nie. 20:4 spreek van wat voor die oordeelsdag is. Dit is dus maar 'n saak van die juiste uitlegging.

---